(2) A peace officer or other person arresting any person by virtue of a warrant under this Ordinance shall, upon demand of the person arrested, produce the warrant to him, notify to him the substance thereof, and permit him to read it.

(3) A person arrested by virtue of a warrant under this Ordinance shall, as soon as possible, be brought to a police station or charge office, unless any other place is expressly mentioned in the warrant as the place to which such person shall be brought, and he shall thereafter be brought as soon as possible before a judicial officer upon a charge of the offence mentioned in the warrant.

30. (1) A telegram from any officer of any court or from any peace officer, stating that a warrant has been issued for the arrest of any person, shall be sufficient authority to any peace officer for the arrest and detention of that person until a sufficient time, not exceeding fourteen days, has elapsed to allow of the transmission of the warrant to the place where such person has been arrested or is being detained, unless the discharge of such person be previously ordered by a judge of a superior court: Provided that any such judge may, upon cause shown, order the further detention of any such person for a period to be stated in such order, but not exceeding twenty-eight days from the date of the arrest of such person.

(2) Nothing in this section shall be construed as derogating from the provisions of this Ordinance or of any other law whereby a person so arrested may be released on bail.

31. (1) Any person authorized to execute a warrant of arrest, who arrests a person, believing in good faith

'n misdryf verkry word of totdat hy vrygelaat word omdat geen aanklag teen hom ingedien staan te word nie; en tensy hy aldus vrygelaat word, moet hy so spoedig moontlik voor 'n regterlike beampte op aanklag van 'n misdryf gebring word: Met dien verstande dat iemand wat aldus sonder lasbrief in hegtenis geneem word hoogstens vir 'n tydperk van sewe dae aldus aangehou mag word tensy 'n lasbrief vir sy verdere aanhouding verkry word.

(2) Geen bepaling van hierdie artikel word so uitgelê dat dit die bepalings van hoofstuk VII of enige ander wetsbepaling uit hoofde waarvan iemand wat aangehou word, onder borgtog vrygelaat kan word, wysig nie.

MET LASBRIEF

28. (1) 'n Regter van 'n hoër hof of 'n landdros of vrederegter kan 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van iemand of vir die verdere aanhouding van iemand wat sonder lasbrief in hegtenis geneem is ,uitreik op skriftelike aansoek deur die Prokureur-generaal of deur die plaaslike staatsaanklaer of 'n polisie-offisier onderteken, waarin vermeld word die misdryf wat na bewering gepleeg is en dat op grond van inligting onder eed daar redelike gronde vir die verdenking van daardie persoon bestaan, of op grond van inligting met dieselfde strekking deur iemand onder eed afgelê voor die regter of landdros of vrederegter wat die lasbrief uitreik: Met dien verstande dat geen landdros of vrederegter so 'n lasbrief uitreik nie behalwe waar die ten laste gelegde misdryf, na beweer word, binne sy regsgebied gepleeg is, of behalwe waar dit ten tyde van die uitreiking van die lasbrief bekend is of op redelike gronde vermoed word dat die persoon teen wie die lasbrief uitgereik word hom binne die regsgebied van daardie landdros of vrederegter bevind.

(2) 'n In subartikel (1) bedoelde lasbrief kan op 'n Sondag soos op enige ander dag uitgereik word en bly van krag totdat dit deur die persoon wat dit uitgereik het, ingetrek word of totdat dit uitgevoer word.

(3) Wanneer 'n lasbrief uitgereik word vir die inhegtenisneming van iemand wat uit hoofde van inhegtenisneming sonder lasbrief aangehou word, het so 'n lasbrief vir inhegtenisneming die uitwerking van 'n lasbrief vir sy verdere aanhouding.

29. (1) Elke vredesbeampte moet elke lasbrief vir inhegtenisneming nakom en uitvoer.

(2) 'n Vredesbeampte of ander persoon wat iemand uit hoofde van 'n lasbrief ingevolge hierdie ordonnansie in hegtenis neem, moet, as die in hegtenis geneemde persoon dit vereis, die lasbrief aan hom toon, die inhoud daarvan aan hom meedeel en hom toelaat om dit te lees.

(3) Iemand wat uit hoofde van 'n lasbrief ingevolge hierdie ordonnansie in hegtenis geneem word, moet so spoedig moontlik na 'n polisiestasie of aanklagkantoor gebring word, tensy 'n ander plek in die lasbrief uitdruklik vermeld word as die plek waarheen daardie persoon gebring moet word, en hy moet so spoedig moontlik daarna voor 'n regterlike beampte op aanklag van die in die lasbrief vermelde misdryf gebring word.

30. (1) 'n Telegram afkomstig van 'n hofbeampte of van 'n vredesbeampte waarin gemeld word dat 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van iemand uitgereik is, is voldoende magtiging aan 'n vredesbeampte vir die inhegtenisneming en aanhouding van daardie persoon totdat voldoende tyd, maar hoogstens veertien dae, verstryk het om die oorsending van die lasbrief na die plek waar daardie persoon in hegtenis geneem is of aangehou word, te bewerkstellig, tensy die ontslag van daardie persoon voor die tyd deur 'n regter of 'n hoër hof gelas word: Met dien verstande dat so 'n regter, as gronde daarvoor aangevoer word, die verdere aanhouding van so 'n persoon kan gelas vir 'n tydperk wat in die lasgewing vermeld word maar wat hoogstens agt-en-twintig dae vanaf die datum van bedoelde persoon se inhegtenisneming mag wees.

(2) Geen bepaling van hierdie artikel word so uitgelê dat dit afbreuk doen aan die bepalings van hierdie ordonnansie of aan enige ander wet uit hoofde waarvan iemand wat aldus in hegtenis geneem is, op borgtog vrygelaat kan word nie.

31. (1) Iemand wat bevoeg is om 'n lasbrief vir inhegtenisneming uit te voer en wat 'n persoon in hegtenis

and on reasonable and probable grounds that he is the person named in the warrant, shall be protected from responsibility to the same extent and subject to the same provisions as if the person arrested had been the person named in the warrant.

(2) Any person called on to assist the person making such arrest and believing that the person in whose arrest he is called on to assist is the person for whose arrest the warrant has been issued and every member of the Prisons Service in charge of any prison who is required to receive and detain such person shall be protected to the same extent and subject to the same provisions as if the arrested person had been the person named in the warrant.

32. Any person acting under a warrant or process which is bad in law on account of a defect in substance or in form apparent on the face of it, shall, if he in good faith and without culpable ignorance or negligence believe that the warrant or process is good in law, be protected from responsibility to the same extent and subject to the same provisions as if the warrant or process were good in law, and ignorance of the law shall in such case be an excuse: Provided that it shall be a question of law whether the facts of which there is evidence may or may not constitute culpable ignorance or negligence in his so believing the warrant or process to be good in law.

33. A warrant issued under this Chapter shall be to arrest the person described therein and to bring him before a judicial officer as soon as possible upon a charge of an offence mentioned in the warrant.

GENERAL.

34. (1) Every male inhabitant of the Territory between the ages of sixteen and sixty years shall, when called upon by any policeman to do so, assist such policeman in making any arrest which by law such policeman is authorized to make, of any person charged with or suspected of the commission of any offence, or assist such policeman in retaining the custody of any person so arrested.

(2) Any such inhabitant who, without sufficient excuse, refuses or fails so to assist any policeman when called upon to do so, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding forty rand or to imprisonment for a period not exceeding one month.

35. Any peace officer or private person who by law is authorized to arrest any person known or suspected to have committed any offence, may break open for that purpose the doors and windows of, and enter and search, any premises in which the person whose arrest is required, is known or suspected to be: Provided that no peace officer or private person shall act under this section unless he has previously failed to obtain admission after having audibly demanded the same and notified the purpose for which he seeks to enter such premises.

36. (1) Any person authorized to make an arrest shall, in making an arrest, actually touch or confine the body of the person to be arrested, unless there be a submission to the custody by word or action.

(2) Any person arresting any other person under the provisions of this Chapter, may search such person and shall place in safe custody all articles (other than necessary wearing apparel) found on him.

(3) Whenever a woman is searched on her arrest, the search shall only be made by a woman and shall be made with strict regard to decency and if there is no

neem terwyl hy te goeder trou en op redelike en aanneemlike gronde van mening is dat hy die persoon is wat in die lasbrief genoem word, word teen aanspreeklikheid gevrywaar in dieselfde mate en onderworpe aan dieselfde bepalings asof die persoon wat in hegtenis geneem is die persoon was wat in die lasbrief genoem word.

(2) Iemand wat aangesê word om die persoon wat so 'n inhegtenisneming doen, hulp te verleen en wat van mening is dat die persoon by wie se inhegtenisneming hy aangesê word om hulp te verleen, die persoon is vir wie se inhegtenisneming die lasbrief uitgereik is, en elke lid van die Gevangenisdiens in beheer van 'n gevangenis van wie dit vereis word om so 'n persoon te ontvang en aan te hou, word gevrywaar in dieselfde mate en onderworpe aan dieselfde bepalings asof die persoon wat in hegtenis geneem is die persoon was wat in die lasbrief genoem word.

32. Iemand wat optree kragtens 'n lasbrief of prosesstuk wat weens 'n in die oog lopende gebrek wat betref die inhoud of die vorm daarvan nie regsgeldig is nie, word, as hy te goeder trou en sonder strafwaardige onkunde of nalatigheid van mening is dat die lasbrief of prosesstuk regsgeldig is, teen aanspreeklikheid gevrywaar in dieselfde mate en onderworpe aan dieselfde bepalings asof die lasbrief of prosesstuk regsgeldig was, en onkunde aangaande die reg is in so 'n geval 'n verskoning: Met dien verstande dat dit 'n regsvraag is of die feite waaromtrent daar getuienis is, strafwaardige onkunde of nalatigheid aan sy kant, deur die mening te huldig dat die lasbrief of prosesstuk regsgeldig is, kan uitmaak al dan nie.

33. 'n Ingevolge hierdie hoofstuk uitgereikte lasbrief moet gelas dat die persoon wat daarin beskrywe word, in hegtenis geneem en so spoedig moontlik op 'n aanklag van 'n in die lasbrief vermelde misdryf voor 'n regterlike beampte gebring word.

ALGEMENE BEPALINGS

34. (1) Elke manlike inwoner van die Gebied tussen die ouderdom van sestien en sestig jaar, moet wanneer hy deur 'n polisiebampte aangesê word om dit te doen, aan so 'n polisiebeampte hulp verleen by 'n inhegtenisneming, wat daardie polisiebeampte regtens bevoeg is om te doen, van iemand wat aangekla is of verdink word weens die pleeg van 'n misdryf of so 'n polisiebeampte help om iemand wat aldus in hegtenis geneem is, in hegtenis te hou.

(2) So 'n inwoner wat sonder voldoende verskoning weier of versuim om aldus aan 'n polisiebeampte hulp te verleen wanneer hy aangesê word om dit te doen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens veertig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

35. 'n Vredesbeampte of private persoon wat regtens gemagtig is om iemand ten opsigte van wie dit bekend is of vermoed word dat hy 'n misdryf gepleeg het, in hegtenis te neem, kan vir daardie doel die deure en vensters van 'n perseel ten opsigte waarvan dit bekend is of vermoed word dat die persoon wie se inhegtenisneming vereis word, hom daarbinne bevind, oopbreek en bedoelde perseel betree en visenteer: Met dien verstande dat geen vredesbeampte of private persoon ingevolge hierdie artikel mag optree nie tensy hy vantevore nie daarin geslaag het om toegang te verkry nie nadat hy dit op hoorbare wyse geëis het en die doel waarvoor hy so 'n perseel wil binnegaan, bekendgemaak het.

36. (1) Iemand wat gemagtig is om 'n inhegtenisneming te doen, moet wanneer hy 'n inhegtenisneming doen, die liggaam van die persoon wat in hegtenis geneem moet word, werklik aanraak of onder bedwang stel, tensy daar deur woord of daad 'n onderwerping aan die hegtenis is.

(2) Iemand wat 'n ander persoon ingevolge die bepalings van hierdie hoofstuk in hegtenis neem, kan so 'n persoon visenteer en moet alle voorwerpe (behalwe die nodige klere) wat aan hom gevind word in veilige bewaring plaas.

(3) Wanneer 'n vrou by haar inhegtenisneming gevisenteer word, moet die visentering slegs deur 'n vrou gedoen word en moet dit met stipte inagneming van die

woman available for such search who is a member of the police or is a prisons officer, the search may be made by any woman specially named for the purpose by a peace officer.

37. (1) Whenever any person authorized under this Ordinance to arrest or assist in arresting any person who has committed or is on reasonable grounds suspected of having committed any offence mentioned in the First Schedule, attempts to arrest any such person and such person flees or resists and cannot be arrested and prevented from escaping by other means than by killing the person so fleeing or resisting, such killing shall be deemed in law justifiable homicide.

(2) Nothing in this section shall authorize the killing of a person who is not accused or suspected of having committed an offence mentioned in the First Schedule.

38. If a person in lawful custody escapes or is rescued, the person from whose custody he escaped or was rescued may immediately pursue and arrest him or cause him to be pursued and arrested in any place in the Territory.

39. (1) Any person who, having been arrested and being in lawful custody but not having yet been lodged in any prison, police-cell, or lock-up, escapes or attempts to escape from such custody shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in section *forty-eight* of the Prisons Act, 1959.

(2) Any person who rescues or attempts to rescue from lawful custody any other person who has been arrested but is not yet lodged in any prison, police-cell or lock-up, or who aids such other person to escape, or in an attempt to escape, from such custody, or who harbours or conceals or assists in harbouring or concealing him, knowing him to have so escaped, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in section *forty-three* of the Prisons Act, 1959.

40. Nothing in this Chapter contained shall be construed as removing or diminishing any authority expressly conferred by any other law to arrest, detain, or put any restraint upon, any person.

41. Nothing in this Chapter contained shall be construed as removing or diminishing any civil right or liability of any person in respect of a wrongful or malicious arrest.

CHAPTER V.

SEARCH WARRANTS, ENTRY UPON PREMISES, SEIZURE AND DETENTION OF PROPERTY CONNECTED WITH OFFENCES, AND CUSTODY OF WOMAN UNLAWFULLY DETAINED FOR IMMORAL PURPOSES

42. (1) If it appears to a judge of a superior court, a magistrate or a justice on complaint made on oath that there are reasonable grounds for suspecting that there is upon any person or upon or at any premises or in any receptacle of whatever nature within his jurisdiction —

(a) stolen property or anything in respect of which any offence has been, or is suspected on reasonable grounds to have been committed, whether within the Territory or elsewhere; or

(b) anything in respect of which there are reasonable grounds for believing that it will afford evidence as to the commission, whether within the Territory or elsewhere, of any offence; or

(c) anything in respect of which there are reasonable grounds for believing that it is intended to be used for the purpose of committing any offence,

he may issue a warrant directing any policeman named therein or all policemen to search such person, premises or receptacle and any person found in or upon such

welvoeglikheid geskied, en indien daar geen vrou wat 'n lid van die polisie of 'n gevangenisbeampte is, vir so 'n visentering beskikbaar is nie, kan die visentering gedoen word deur enige vrou wat deur 'n vredesbeampte spesiaal vir die doel aangewys word.

37. (1) Wanneer iemand wat ingevolge hierdie ordonnansie gemagtig is om 'n persoon wat 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf gepleeg het of op redelike gronde van die pleeg daarvan verdink word, in hegtenis te neem of by sy inhegtenisneming hulp te verleen, 'n poging aanwend om so 'n persoon in hegtenis te neem en daardie persoon vlug of bied weerstand en kan nie op 'n ander wyse in hegtenis geneem en verhinder word om te ontsnap nie as deur die persoon wat aldus vlug of weerstand bied, te dood, word sodanige doodslag regtens geag straffelose manslag te wees.

(2) Geen bepaling van hierdie artikel verleen magtiging vir die doodslag van iemand wat nie van die pleeg van 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf beskuldig of verdink word nie.

38. As iemand wat in wettige hegtenis is, ontsnap of bevry word, kan die persoon uit wie se hegtenis hy ontsnap het of bevry is, hom onmiddellik agtervolg en in hegtenis neem of hom laat agtervolg en in hegtenis neem op enige plek in die Gebied.

39. (1) Iemand wat nadat hy in hegtenis geneem en in wettige hegtenis is maar nog nie in 'n gevangenis, polisie-sel of opsluitplek geplaas is nie, uit sodanige hegtenis ontsnap of 'n poging aanwend om daaruit te ontsnap, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat in artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Gevangenisse 1959 voorgeskryf word.

(2) Iemand wat 'n ander persoon wat in hegtenis geneem is maar nog nie in 'n gevangenis, polisie-sel of opsluitplek geplaas is nie, uit wettige hegtenis bevry of 'n poging aanwend om hom daaruit te bevry, of wat so 'n ander persoon help om uit sodanige hegtenis te ontsnap of by 'n poging om daaruit te ontsnap, of wat so 'n ander persoon herberg of aan hom skuiling verleen of daarmee behulpsaam is terwyl hy weet dat daardie persoon aldus ontsnap het, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat in artikel *drie-en-veertig* van die Wet op Gevangenisse 1959 voorgeskryf word.

40. Geen bepalings van hierdie hoofstuk word so uitgelê dat dit 'n bevoegdheid deur enige ander wet uitdruklik verleen om iemand in hegtenis te neem of aan te hou of hom 'n beperking op te lê, ontneem of inkort nie.

41. Geen bepaling van hierdie hoofstuk word so uitgelê dat dit enige siviele reg of aanspreeklikheid van enigiemand ten opsigte van 'n wederregtelike of kwaadwillige inhegtenisneming ontneem of inkort nie.

HOOFSTUK V.

VISENTERINGSLASBRIEWE, BETREDING VAN PERSELE, INBESLAGNEMING EN AANHOUDING VAN GOED WAT MET MISDRYWE IN VERBAND STAAN, EN BEWARING VAN VROUE WAT VIR ONSEDELIKE DOELEINDES WEDERREGTELIK AANGEHOU WORD

42. (1) As dit op grond van 'n klag onder eed gedoen, vir 'n regter van 'n hoër hof, 'n landdros of 'n vrederegter blyk dat daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat daar op iemand of op of by 'n perseel of in 'n houer van watter aard ook al binne sy regsgebied —

(a) gesteelde goed is of iets ten opsigte waarvan 'n misdryf hetsy in die Gebied of elders gepleeg is of op redelike gronde vermoed word gepleeg te gewees het; of

(b) iets is ten opsigte waarvan daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat dit tot bewys van die pleeg, hetsy in die Gebied of elders, van 'n misdryf sal strek; of

(c) iets is ten opsigte waarvan daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat dit bestem is om gebruik te word om 'n misdryf te pleeg.

kan hy 'n lasbrief uitreik wat 'n daarin vermelde polisiebeampte of alle polisiebeamptes gelas om so 'n persoon, perseel of houer en enigiemand wat binne of op bedoelde

premises, and to seize any such thing if found, and to take it before a magistrate to be dealt with according to law.

(2) Any such warrant shall be executed by day, unless the judge, magistrate or justice, by the warrant, specially authorizes it to be executed by night in which case it may be so executed and in the searching of any woman the provisions of sub-section (3) of section *thirty-six* shall *mutatis mutandis* apply.

(3) Any warrant referred to in this section may be issued and executed on a Sunday as on any other day.

43. (1) If a policeman believes on reasonable grounds that the delay in obtaining a search warrant would defeat the object of the search, he may search, without warrant, any person, premises, other place, vehicle or receptacle of whatever nature and any person found in or upon such premises, other place or vehicle for any such thing as is mentioned in section *forty-two* and may seize such thing if found and take it before a magistrate: Provided that in the searching of any woman the provisions of sub-section (3) of section *thirty-six* shall *mutatis mutandis* apply.

(2) Any search under sub-section (1) shall, as far as possible, be made in the day time and in the presence of two or more respectable inhabitants of the locality in which the search is made.

44. (1) If it appears to a judge of a superior court, a magistrate or justice on complaint made on oath that there are reasonable grounds for believing —

(a) that the internal security of the Territory or the maintenance of law and order is likely to be endangered by or in consequence of any meeting which is being or is about to be held in or upon any premises; or

(b) that an offence has been or is being or is likely to be committed or that preparations or arrangements for the commission of any offence are being or are likely to be made in or upon any premises,

he may issue a warrant directing a policeman named therein or all policemen to enter the said premises at any reasonable time for the purpose of carrying out such investigations and of taking such reasonable steps as such policeman or policemen may consider necessary for the preservation of the internal security of the Territory or the maintenance of law and order or for the prevention of the commission of any offence, and for the purpose of searching such premises or any person in or upon such premises for anything which such policeman or policemen may have reasonable grounds for suspecting to be in or upon such premises or upon such person and as to which he or they may have reasonable grounds for believing that it will afford evidence as to the commission of any offence or that it is intended to be used for the purpose of committing any offence, and to seize any such thing, if found, and to take it before a magistrate.

(2) If any policeman believes on reasonable grounds that the delay in obtaining a warrant under sub-section (1) would defeat the objects of such a warrant, he may himself at all reasonable times, enter the premises concerned without warrant and there carry out such investigations and take such reasonable steps as he may consider necessary for the preservation of the internal security of the Territory or the maintenance of law and order, or for the prevention of the commission of any offence, and if he has reasonable grounds for suspecting that there is in or upon the said premises or upon any person in or upon the said premises anything as to which there are reasonable grounds for believing that it will afford evidence as to the commission of any offence or that it is intended to be used for the purpose of committing any offence, he may without warrant search such premises or such person for any such thing and may seize such thing if found and take it before a magistrate.

(3) Whenever any policeman in the investigation of any offence or alleged offence has reasonable grounds for believing that there is upon any premises any person who is able to give evidence in relation to the commission

perseel gevind word, te visenteer en om so iets in beslag te neem, as dit gevind word, en om dit na 'n landdros te neem om regtens oor beskik te word.

(2) So 'n lasbrief moet gedurende die dag uitgevoer word, tensy die regter, landdros of vrederegter deur die lasbrief spesiale magtiging verleen vir die uitvoering daarvan gedurende die nag, in watter geval dit aldus uitgevoer kan word, en die bepalings van subartikel (3) van artikel *ses-en-dertig* is by die visenteer van 'n vrou *mutatis mutandis* van toepassing.

(3) 'n Lasbrief in hierdie artikel bedoel, kan op 'n Sondag soos op enige ander dag uitgereik en uitgevoer word.

43. (1) As 'n polisiebeampte op redelike gronde vermoed dat die vertraging veroorsaak deur die verkryging van 'n visenteringslasbrief die doel van die visentering sal verydel, kan hy enige persoon, perseel, ander plek, voertuig of houer van watter aard ook al en enigiemand wat binne of op so 'n perseel, ander plek of voertuig gevind word, sonder lasbrief visenteer met die oog op so iets soos in artikel *twee-en-veertig* vermeld word, en kan so iets, as dit gevind word, in beslag neem en voor 'n landdros bring: Met dien verstande dat die bepalings van subartikel (3) van artikel *ses-en-dertig* by die visenteer van 'n vrou *mutatis mutandis* van toepassing is.

(2) 'n Visentering kragtens subartikel (1) geskied sover moontlik gedurende die dag en in die teenwoordigheid van twee of meer fatsoenlike inwoners van die buurt waar dit uitgevoer word.

44. (1) As dit op grond van 'n klag onder eed gedoen, vir 'n regter van 'n hoër hof, 'n landdros of 'n vrederegter blyk dat daar redelike gronde bestaan om te vermoed —

(a) dat die binnelandse veiligheid van die Gebied of die handhawing van wet en orde waarskynlik deur of ten gevolge van 'n vergadering wat in of op een of ander perseel gehou word of staan te word in gevaar gestel sal word; of

(b) dat 'n misdryf gepleeg is of word of waarskynlik gepleeg sal word, of dat voorbereidings of reëlings vir die pleging van 'n misdryf getref word of waarskynlik getref sal word in of op een of ander perseel,

kan hy 'n lasbrief uitreik wat 'n daarin vermelde polisiebeampte of alle polisiebeamptes gelas om bedoelde perseel op enige redelike tyd te betree ten einde sodanige ondersoek in te stel en die redelike stappe te doen wat bedoelde polisiebeampte of polisiebeamptes nodig ag vir die bewaring van die binnelandse veiligheid van die Gebied of die handhawing van wet en orde of vir die voorkoming van die pleging van 'n misdryf, en ten einde bedoelde perseel of iemand in of op bedoelde perseel te visenteer met die oog op enigiets waaromtrent bedoelde polisiebeampte of polisiebeamptes redelike gronde het om te vermoed dat dit in of op bedoelde perseel of op bedoelde persoon is en waaromtrent hy of hulle redelike gronde het om te vermoed dat dit as bewys sal dien van die pleging van 'n misdryf of dat dit bestem is om by die pleging van 'n misdryf gebruik te word, en om so iets, as dit gevind word, in beslag te neem en voor 'n landdros te bring.

(2) As 'n polisiebeampte op redelike gronde vermoed dat die vertraging verbonde aan die verkryging van 'n lasbrief ingevolge subartikel (1) die doel van die lasbrief sal verydel, kan hy self te alle redelike tye die betrokke perseel sonder lasbrief betree en aldaar die ondersoek instel en die redelike stappe doen wat hy vir die bewaring van die binnelandse veiligheid van die Gebied of die handhawing van wet en orde of vir die voorkoming van die pleging van 'n misdryf nodig ag, en as hy redelike gronde het om te vermoed dat daar in of op bedoelde perseel of op 'n persoon in of op bedoelde perseel enigiets is waaromtrent daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat dit as bewys sal dien van die pleging van 'n misdryf of dat dit bestem is om vir die pleging van 'n misdryf gebruik te word, kan hy sonder lasbrief bedoelde perseel of persoon met die oog op so iets visenteer en so iets, as dit gevind word, in beslag neem en voor 'n landdros bring.

(3) Wanneer 'n polisiebeampte by die ondersoek van 'n misdryf of beweerde misdryf redelike gronde het om te vermoed dat daar op 'n perseel iemand is wat in staat is om getuienis met betrekking tot die pleging van daardie

f that offence, he may without warrant enter the said remises for the purpose of interrogating the said person nd for taking a statement from him.

(4) Any policeman may use such force as may be necessary to obtain entry to any premises which he is authorized to enter in terms of sub-section (1), (2) or (3) or to overcome any resistance offered against his entry thereto, and may, if necessary, for that purpose break open any door or window of such premises: Provided that no policeman shall act under this sub-section unless he has previously failed to obtain admission after having audibly demanded the same and notified the purpose for which he seeks to enter such premises: Provided further that nothing in this sub-section or sub-section (3) contained shall authorize a policeman to enter the private dwelling of any person for the purpose referred to in sub-section (3), except with the consent of the occupier of that dwelling.

(5) If a woman is searched under any of the provisions of this section, the provisions of sub-section (3) of section *thirty-six* shall *mutatis mutandis* apply.

(6) Any person who wilfully obstructs, resists or hinders a policeman in the execution of any duty or the exercise of any power under this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

45. (1) Any person who under colour of the provisions of section *forty-three* or *forty-four,* wrongfully and maliciously or without reasonable cause applies for, obtains or acts upon any warrant, or wrongfully and maliciously or without reasonable cause exercises the powers of search conferred by the said sections, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand, and shall also be liable to pay to the person lawfully in occupation of the premises or other place when the same was searched, such sum by way of damages, not exceeding two hundred rand, as the court convicting him may award on the application of such occupier.

(2) Nothing in sub-section (1) contained shall be construed as depriving any aggrieved person of the right to elect any other remedy allowed by law in lieu of the remedy under that sub-section.

46. (1) If any justice or any policeman holding a rank or post designated by the Administrator from time to time for any particular area for the purpose of this section by notice in the *Official Gazette,* has reason to suspect that any stolen stock or produce, as defined in any law relating to the theft of stock or produce, is upon any premises or that any substance or article has been placed upon any premises or is in the custody or possession of any person upon any premises, in contravention of a provision of any law relating to intoxicating liquor, habit-forming drugs, arms and ammunition or explosives, he may at any time enter upon and search such premises and search any person thereupon or thereat, or grant written authority to any person applying therefor, to make such entry and search.

(2) Any person in lawful occupation of any land shall in respect of any premises upon that land be entitled to exercise the powers conferred by sub-section (1) upon a justice.

(3) Any person who, under colour of this section, wrongfully and maliciously or without reasonable cause applies for, obtains, or acts upon any such written authority, or wrongfully and maliciously or without reasonable cause exercises the powers of search conferred by this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand and shall in addition to such penalty be liable to pay to the person lawfully in occupation of the premises when the same was searched, such sum by way of damages, not exceeding two hundred rand, as the court convicting him may award.

misdryf te gee, kan hy daardie perseel sonder lasbrief betree ten einde bedoelde persoon te ondervra en van hom 'n verklaring af te neem.

(4) 'n Polisiebeampte kan soveel geweld gebruik soos nodig is om toegang te verkry tot 'n perseel wat hy kragtens subartikel (1), (2) of (3) gemagtig is om te betree of om enige verset teen sy betreding daarvan te bowe te kom, en kan, indien nodig, 'n deur of venster van bedoelde perseel vir daardie doel oopbreek: Met dien verstande dat 'n polisiebeampte nie kragtens hierdie subartikel optree nie tensy hy vooraf op hoorbare wyse toegang tot die perseel geëis het en die doel waarvoor hy die toegang verlang, bekend gemaak het en geen toegang kon verkry nie: Met dien verstande voorts dat die bepalings van hierdie subartikel of subartikel (3) aan geen polisiebeampte magtiging verleen om die private woning van iemand vir die in subartikel (3) bedoelde doel te betree nie behalwe met die toestemming van die okkupeerder van die woning.

(5) Wanneer 'n vrou kragtens enige van die bepalings van hierdie artikel gevisenteer word, is die bepalings van subartikel (3) van artikel *ses-en-dertig mutatis mutandis* van toepassing.

(6) Iemand wat 'n polisiebeampte by die uitvoering van 'n plig of die uitoefening van 'n bevoegdheid kragtens hierdie artikel opsetlik hinder ,teengaan of belemmer, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

45. (1) Iemand wat onder voorwendsel van die bepalings van artikel *drie-en-veertig* of *vier-en-veertig* wederregtelik en kwaadwillig of sonder redelike gronde om 'n lasbrief aansoek doen, dit verkry of daarkragtens optree, of wederregtelik of kwaadwillig of sonder redelike gronde die by bedoelde artikels verleende bevoegdhede tot visentering uitoefen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand en moet ook aan die persoon wat ten tyde van die visentering van die perseel of ander plek dit wettig geokkupeer het, by wyse van skadevergoeding 'n bedrag van hoogstens tweehonderd rand betaal wat die hof wat hom skuldig bevind op aansoek van bedoelde okkupeerder toeken.

(2) Geen bepaling van subartikel (1) word so uitgelê dat dit 'n benadeelde persoon die reg ontneem om enige ander regsmiddel in plaas van die by daardie subartikel verleende regsmiddel aan te wend nie.

46. (1) As 'n vrederegter, of 'n polisiebeampte wat 'n rang of pos beklee wat deur die Administrateur van tyd tot tyd ten aansien van 'n bepaalde gebied vir die doeleindes van hierdie artikel by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* aangewys word, rede het om te vermoed dat daar op 'n perseel gesteelde vee of produkte, soos in 'n wet betreffende die diefstal van vee of produkte omskrywe, is of dat 'n stof of voorwerp in stryd met 'n wet betreffende bedwelmende drank, gewoontevormende verdowingsmiddels, wapens en ammunisie of ontplofbare stowwe op 'n perseel gelaat is of in die bewaring of besit van iemand op 'n perseel is, kan hy te eniger tyd so 'n perseel betree en visenteer en enigiemand daarop of aldaar visenteer of aan enigiemand wat daarom aansoek doen skriftelik magtiging vir so 'n betreding en visentering verleen.

(2) Iemand wat grond wettig okkupeer, kan ten opsigte van enige perseel op daardie grond die bevoegdhede wat kragtens subartikel (1) aan 'n vrederegter verleen word, uitoefen.

(3) Iemand wat onder voorwendsel van hierdie artikel wederregtelik en kwaadwillig of sonder redelike gronde om so 'n skriftelike magtiging aansoek doen, dit verkry of daarkragtens optree, of wat wederregtelik en kwaadwillig of sonder redelike gronde die by hierdie artikel verleende bevoegdhede tot visentering uitoefen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand en moet, bo en behalwe bedoelde boete, aan die persoon wat ten tyde van die visentering van die perseel dit wettig geokkupeer het, by wyse van skadevergoeding 'n bedrag van hoogstens tweehonderd rand betaal wat die hof wat hom skuldig bevind, toeken.

(4) Nothing in sub-section (3) contained shall be construed as depriving an aggrieved person of the right to elect any other remedy allowed by law in lieu of the remedy under that sub-section.

47. (1) If it appears from information on oath that any person is in possession of any book of account, or document, or any other thing whatsoever which is required in evidence in any criminal proceedings, whether within the Territory or elsewhere, any judge of a superior court or any magistrate or other judical officer may issue an order directing the officer to whom such order is addressed to take possession of such book or document or thing and to hand it over to such person as may be named in such order, and thereupon such officer may lawfully execute such order.

(2) Any person who resists or hinders, or aids, incites, or encourages any other person to resist or hinder, such officer in executing the order shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand.

48. If any person finds in any place whatever or in the possession of any person without lawful authority or excuse —

(a) any counterfeit coin or any forged bank-note or bank-note paper;

(b) any tool, instrument, or machine, adapted and intended for making any such counterfeit coin or forged bank-note or bank-note paper;

(c) any filings or clippings of gold or silver, or any gold or silver in bullion, dust, solution, or any other state which may be suspected on reasonable grounds to have been obtained by dealing with any current gold or silver coin in such a manner as to diminish its weight,

the person who finds the same may seize the article or articles found and take the same forthwith before a magistrate to be dealt with according to law.

49. (1) On the arrest of any person on a charge of an offence mentioned in Part I of the Second Schedule, the person making the arrest may seize any vehicle or receptacle in the possession or custody of the arrested person at the time of the arrest and used in the conveyance of or containing any article or substance in connection wherewith the said offence is alleged to be or to have been committed.

(2) The Administrator may from time to time by proclamation in the *Official Gazette* remove from, or add to Part I of the Second Schedule any offence mentioned in the proclamation.

50. (1) When on the arrest of any person on a charge of an offence relating to property, the property in respect of which the offence is alleged to have been committed is found in his possession or when anything is seized or taken under the provisions of this Ordinance, the person making the arrest or, as the case may be, the person seizing or taking the thing shall forthwith take the property or thing before a magistrate.

(2) Whenever anything is so seized or taken, marks of identification shall when practicable be placed thereon by the person seizing or taking it at the time of the seizure or taking or as soon thereafter as can conveniently be done.

(3) The magistrate may cause the property or thing so seized or taken to be detained in such custody as he may direct till the conclusion of a summary trial or of any examination that may be held in respect of it; and if any person is committed for trial for any offence committed with respect to the property or thing so seized or taken, or for any offence committed under such circumstances that the property or thing so seized or taken is likely to afford evidence at the trial, the magistrate may cause it to be further detained for the purpose of its production in evidence at such trial.

(4) At the conclusion of the summary trial or, as the case may be, if the attorney-general declines to

(4) Geen bepaling van subartikel (3) word so uitgelê dat dit 'n benadeelde persoon die reg ontneem om enige ander regsmiddel in plaas van die by daardie subartikel verleende regsmiddel aan te wend nie.

47. (1) As dit uit inligting onder eed blyk dat iemand in besit is van 'n rekeningboek of dokument of enige ander voorwerp hoegenaamd wat as bewysstuk by 'n strafsaak, hetsy in die Gebied of elders, vereis word, kan 'n regter van 'n hoër hof of 'n landdros of ander regterlike beampte, 'n bevel uitreik wat die beampte aan wie die bevel gerig is, gelas om van so 'n boek of dokument of voorwerp besit te neem en dit aan 'n in so 'n bevel genoemde persoon te oorhandig, en daarop kan bedoelde beampte so 'n bevel wettig uitvoer.

(2) Iemand wat hom teen so 'n beampte verset of hom hinder of iemand anders help, aanhits of aanmoedig om hom teen bedoelde beampte te verset of hom te hinder terwyl hy die bevel uitvoer, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.

48. As iemand op enige plek hoegenaamd of in die besit van enigiemand, sonder wettige magtiging of verskoning daarvoor —

(a) valse munt of 'n vervalste banknoot of banknootpapier;

(b) enige gereedskap, werktuig of masjien wat geskik gemaak en bestem is om sodanige valse munt of vervalste banknoot of banknootpapier te vervaardig;

(c) vylsels of skroot van goud of silwer, of goud of silwer in ongemunte of poeiervorm of in oplossing of in enige ander toestand wat op redelike gronde vermoed word verkry te gewees het deur met gangbare goud- en silwermunt op so 'n wyse te werk te gaan dat die gewig daarvan verminder word,

vind, kan die persoon wat dit vind die voorwerp of voorwerpe wat gevind is, in beslag neem en onverwyld na 'n landdros neem om regtens oor beskik te word.

49. (1) By die inhegtenisneming van iemand weens 'n aanklag van 'n in deel I van die tweede bylae bedoelde misdryf, kan die persoon wat die inhegtenisneming doen enige voertuig of houer in beslag neem wat ten tyde van die inhegtenisneming in die besit of bewaring is van die persoon wat in hegtenis geneem word en wat by die vervoer van 'n voorwerp of stof in verband waarmee bedoelde misdryf na bewering gepleeg word of is, gebruik is of so 'n voorwerp of stof bevat.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Offisiële Koerant* enige in die proklamasie vermelde misdryf uit deel I van die tweede bylae skrap of daaraan toevoeg.

50. (1) Wanneer by die inhegtenisneming van iemand weens 'n aanklag van 'n misdryf betreffende eiendom, die goed ten opsigte waarvan die misdryf na bewering gepleeg is in sy besit gevind word, of wanneer enige voorwerp ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie in beslag of besit geneem word, moet die persoon wat die inhegtenisneming doen of wat die voorwerp in beslag of besit neem, na gelang, die goed of voorwerp onverwyld na 'n landdros neem.

(2) Wanneer 'n voorwerp aldus in beslag of besit geneem word, moet die persoon wat dit in beslag of besit neem ten tyde van die inbeslagneming of inbesitneming of so spoedig daarna soos gerieflikerwys doenlik is, uitkenningstekens waar doenlik daarop aanbring.

(3) Die landdros kan die goed of voorwerp aldus in beslag of besit geneem in die bewaring wat hy gelas, laat hou totdat 'n summiere verhoor of enige ondersoek wat ten opsigte daarvan mag plaasvind, afgesluit is; en as iemand ter strafsitting verwys word ten aansien van 'n misdryf gepleeg ten opsigte van die goed of voorwerp aldus in beslag of besit geneem, of ten aansien van 'n misdryf wat onder sulke omstandighede gepleeg is dat die goed of voorwerp aldus in beslag of besit geneem waarskynlik as bewys by die verhoor sal dien, kan die landdros dit langer laat hou sodat dit as bewysstuk by die verhoor kan dien.

(4) By afloop van die summiere verhoor, of as die Prokureur-generaal weier om te vervolg, na gelang, gelas

osecute, the magistrate shall direct that the thing be turned to the person from whose possession it was ken, unless he is authorized or required by law to spose of it otherwise.

(5) If the thing so seized or taken is anything forged counterfeit or is of such a nature that a person who is it in his possession without lawful authority or excuse hall be guilty of an offence, then if any person is committed for trial for any offence committed with respect it or committed under such circumstances as aforesaid nd is convicted, the court before which he is convicted, or any other case any judge or magistrate, may cause it be defaced or destroyed or, if of any value, sent to he Treasury as soon as it appears that it will not be quired, or further required, in evidence against the erson who had it in his possession.

(6) If the thing was so seized or taken in respect f an offence committed or suspected on reasonable rounds to have been committed in a country or territory utside the Territory, the magistrate may, on application nd on being satisfied that such offence is punishable n such country or territory by death or by imprisonment for a period of twelve months or more or by a fine f two hundred rand or more, order such thing to be delivered to a member of a police force established in uch country or territory who may thereupon remove it rom the Territory.

(7) Whenever the thing so removed from the Territory is returned to the magistrate, or whenever the magistrate has refused to order the thing to be delivered as aforesaid, he shall cause such thing to be returned to the person from whose possession it was taken, unless he is authorized or required by law to dispose of it otherwise.

51. (1) If any weapon believed to be dangerous to the public peace is seized under a search warrant, it shall be kept in safe custody in such place as the magistrate directs unless the owner of the weapon proves to the satisfaction of the magistrate that it was not kept for any purpose dangerous to the public peace.

(2) Any person from whom any such weapon is so taken may, if the magistrate upon whose warrant it was seized refuses upon application made for that purpose to restore it, apply to a judge of a superior court having jurisdiction, for the restoration of such weapon. Ten days' notice of such application shall be given to the magistrate and such judge shall make such order for the restoration or safe custody of such weapon as, upon such application, appears to him to be proper.

52. (1) If goods or things in respect or by means of which it is suspected that an offence relating to the forgery of trade marks or fraudulent marking of merchandise has been committed, are seized under a search warrant and brought before a magistrate, such magistrate shall determine summarily whether the same are not forfeited under the laws relating to the forgery of trade marks or fraudulent marking of merchandise.

(2) If the owner of any goods or things which, if the owner thereof had been convicted, would be forfeited under the laws aforesaid, is unknown or cannot be found, an information or complaint may be laid by a public prosecutor of the district in which the goods or things are seized for the purpose only of enforcing such forfeiture and the magistrate of that district shall cause a notice to be published in the *Official Gazette* and in a newspaper circulating in the district stating that, unless cause is shown to the contrary at the time and place named in the notice, such goods or things will be declared forfeited.

(3) At such time and place the magistrate may, unless the owner or any person on his behalf or other person interested in the goods or things shows cause to the contrary, declare such goods or things or any of them forfeited.

53. (1) If it appears to a magistrate on complaint made on oath by a parent, husband, relative or guardian

die landdros dat die voorwerp terugbesorg word aan die persoon uit wie se besit dit verwyder is, tensy hy regtens gemagtig of verplig is om anders daaroor te beskik.

(5) As die voorwerp aldus in beslag of besit geneem iets is wat vervals of nagemaak is of van so 'n aard is dat iemand wat dit sonder wettige magtiging of verskoning in sy besit het, aan 'n misdryf skuldig is, en as iemand vir verhoor verwys word weens 'n misdryf ten opsigte daarvan gepleeg of gepleeg onder die omstandighede soos voormeld en skuldig bevind word, dan kan die hof deur wie hy skuldig bevind word, of in enige ander geval enige regter of landdros, dit onleesbaar laat maak of laat vernietig of, as dit enige waarde besit, na die Tesourie laat stuur, sodra dit blyk dat dit nie, of nie meer, as bewysstuk teen die persoon wat dit in sy besit gehad het, vereis word nie.

(6) As die voorwerp aldus in beslag of besit geneem is ten aansien van 'n misdryf wat in 'n land of gebied buite die Gebied gepleeg is of op redelike gronde vermoed word gepleeg te gewees het, kan die landdros op aansoek en as hy oortuig is dat bedoelde misdryf in daardie land of gebied met die dood of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van twaalf maande of langer of met 'n boete van tweehonderd rand of meer strafbaar is, gelas dat bedoelde voorwerp aan 'n lid van 'n in daardie land of gebied ingestelde polisiemag oorhandig word wat dit daarna uit die Gebied kan verwyder.

(7) Wanneer die voorwerp aldus uit die Gebied verwyder aan die landdros terugbesorg word of wanneer die landdros weier om te gelas dat die voorwerp oorhandig moet word soos voormeld, laat hy die voorwerp terugbesorg aan die persoon uit wie se besit dit geneem is tensy hy regtens gemagtig of verplig is om anders daaroor te beskik.

(4) Die landdros kan voorts enige voorwaarde aan die borgakte toevoeg wat hy in die belang van die regspleging nodig of raadsaam ag aangaande —

(a) tye waarop en plekke waar en persone by wie die beskuldigde hom persoonlik moet aanmeld;

(b) plekke waarheen dit vir hom verbode is om te gaan;

(c) verbod op kommunikasie deur die beskuldigde met getuies vir die vervolging; of

(d) enige ander aangeleentheid rakende sy gedrag.

NA BEËINDIGING VAN VOORLOPIGE ONDERSOEK

90. Elkeen wat weens 'n ander misdryf as hoogverraad of moord ter strafsitting of vir vonnis verwys word, is geregtig om, sodra die lasbrief vir verwysing vir sy verhoor of vonnis uitgereik is, op borgtog vrygelaat te word: Met dien verstande dat —

(a) waar iemand op 'n aanklag van so 'n misdryf ter strafsitting of vir vonnis verwys is, die landdros by wie aansoek om borgtog gedoen word, as hy rede het om te vermoed dat ondanks enige voorwaardes van 'n borgakte, so iemand waarskynlik nie sal verskyn soos vereis word nie of nie enige opgelegde voorwaarde sal nakom nie (sonder benadeling van so iemand se regte kragtens artikel *negen-en-negentig*) kan weier om hom op borgtog vry te laat;

(b) waar iemand op 'n aanklag van verkragting ter strafsitting verwys is, die landdros by wie aansoek om borgtog gedoen word (sonder benadeling van so iemand se regte kragtens artikel *negen-en-negentig*) kan weier om hom op borgtog vry te laat; en

(c) waar 'n vrou op 'n aanklag dat sy haar pasgebore kind vermoor het, ter strafsitting verwys is, of waar iemand onder die ouderdom van sestien jaar op 'n aanklag van moord ter strafsitting verwys is, die landdros by wie aansoek om borgtog gedoen word, so 'n vrou of so iemand op borgtog kan vrylaat.

91. 'n Beskuldigde kan ten tyde van sy verwysing, by die landdros of regter wat die lasbrief vir verwysing toestaan, mondeling aansoek doen om onmiddellik op borgtog vrygelaat te word.

92. (1) 'n Beskuldigde kan te eniger tyd na sy verwysing by die landdros wat die lasbrief vir verwysing toegestaan het, of by die landdros binne wie se distrik hy aangehou word, of by die hoër hof wat regsbevoegdheid besit of by 'n regter daarvan, skriftelik aansoek doen om op borgtog vrygelaat te word: Met dien verstande dat wanneer verwysing geskied ingevolge 'n lasbrief deur 'n hoër hof of 'n regter daarvan uitgereik, die beskuldigde slegs by daardie hoër hof of by een van die regters daarvan aansoek om borgtog kan doen.

(2) 'n Skriftelike aansoek om borgtog geskied by wyse van petisie en word vergesel van 'n afskrif van die lasbrief vir verwysing of van 'n beëdigde verklaring dat 'n afskrif geweier word.

93. (1) 'n Landdros by wie 'n aansoek om borg ingevolge artikel *twee-en-negentig* gedoen word, moet binne vier-en-twintig uur daarna, as die misdryf vir hom borgbaar is, sy beslissing daaromtrent gee en as die aansoek toegestaan word, die bedrag van die borggeld bepaal.

(2) Ten einde vas te stel of 'n misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde verwys is, vir hom borgbaar is of nie, aanvaar die landdros die aanklag teen die beskuldigde soos hy dit op die lasbrief vir verwysing vind.

94. Where in the case of an injury to any person doubt exists in regard to the degree or quality of the offence committed by the accused by reason of the fact that it is uncertain whether the person injured will die or recover, the judge or magistrate to whom application is made for bail by or on behalf of the accused, may refuse to grant the application until all danger to the life of the person injured is at an end.

95. (1) The recognizance which shall be taken on the release of an accused on bail after the conclusion of the preparatory examination, shall be taken by the court, judge or magistrate (as the case may be) either from the accused alone or from the accused and one or more sureties in the discretion of the court, judge, or magistrate according to the nature and circumstances of the case.

(2) The conditions of the recognizance shall be —

(a) that the accused shall at any time within a period of twelve months from the date of the recognizance appear at and undergo any further examination which the magistrate or the attorney-general may consider desirable or appear to answer any indictment that may be presented, or charge that may be made, against him in any competent court for the offence with which he is charged;

(b) that he shall attend during the hearing of the case and to receive sentence; and

(c) that he shall accept service of any summons to undergo further examination or any indictment or charge, notice of trial, or summons thereon or any other notice under this Ordinance at a certain and convenient place within the Territory chosen by him and specified in the recognizance.

(3) The court, judge or magistrate aforesaid may further add to the recognizance any condition which it or he may deem necessary or advisable in the interest of justice, as to —

(a) times and places at which and persons to whom the accused shall personally present himself;

(b) places where he is forbidden to go;

(c) prohibition against communication by the accused with witnesses for the prosecution; or

(d) any other matter relating to his conduct.

(4) The recognizance shall continue in force notwithstanding that for any reason, when the trial takes place, no verdict is then given, unless the indictment or charge is withdrawn.

96. If upon the day appointed for the hearing of any criminal trial it appears by the return of the proper officer or by other sufficient proof that a copy of the indictment and notice of trial, or in case of a remittal to a magistrate's court, the summons or charge, has been duly served, and the accused does not appear after his name has been called three times in or near the court premises, the prosecutor may apply to the court for a warrant for the arrest of the accused, and may move the court that the accused and his sureties (if any) be called upon their recognizance and, in default of his appearance, that the recognizance be then and there declared forfeited; and any such declaration of forfeiture shall have the effect of a judgment on the recognizance for the amounts therein specified against the accused and his sureties respectively.

IN CASES TRIED BY INFERIOR COURTS

97. (1) When a criminal trial before an inferior court is adjourned or postponed and the accused remanded in custody, the court may, in its discretion release the accused on bail in the manner hereinafter provided.

(2) (a) When an inferior court releases an accused on bail under this section, a recognizance shall be taken from the accused alone or from the accused and one or more sureties, as the court may determine, regard being had to the nature and circumstances of the case.

(b) The conditions of the recognizance shall be that the accused shall appear at a time and place to be specified in writing and as often as may be necessary

94. Wanneer daar in die geval van 'n besering aan iemand, ten opsigte van die graad of aard van die misdryf deur die beskuldigde gepleeg, twyfel bestaan weens die feit dat dit onseker is of die beseerde persoon sal sterf of herstel, kan die regter of landdros by wie deur of namens die beskuldigde om borgtog aansoek gedoen word, weier om die aansoek toe te staan totdat alle gevaar vir die lewe van die beseerde persoon verby is.

95. (1) Die borgakte wat by die vrylating van 'n beskuldigde op borgtog na afloop van die voorlopige ondersoek aangegaan word, word deur die hof, regter of landdros (na gelang) òf met slegs die beskuldigde òf met die beskuldigde en een of meer borge, na goeddunke van die hof, regter of landdros volgens die aard en omstandighede van die geval aangegaan.

(2) Die voorwaardes van die borgakte is —

(a) dat die beskuldigde te eniger tyd binne 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van die borgakte, by enige verdere ondersoek wat die landdros of die Prokureur-generaal wenslik ag, moet verskyn en so 'n ondersoek moet ondergaan, of op 'n akte van beskuldiging of aanklag wat weens die misdryf waarvan hy aangekla word, in 'n bevoegde hof teen hom voorgelê of ingebring word, moet verskyn om hom te verantwoord;

(b) dat hy aanwesig moet wees gedurende die verhoor van die saak en om gevonnis te word; en

(c) dat hy bestelling van 'n dagvaarding om verdere ondersoek te ondergaan of 'n akte van beskuldiging of klagskrif, kennisgewing van verhoor, of dagvaarding daarby of enige ander kennisgewing ingevolge hierdie ordonnansie, by 'n bepaalde en gerieflike plek binne die Gebied deur hom gekies en in die borgakte aangegee, moet aanvaar.

(3) Die voormelde hof, regter of landdros kan voorts enige voorwaarde aan die borgakte toevoeg wat hy in belang van die regspleging nodig of raadsaam ag aangaande —

(a) tye waarop en plekke waar en persone by wie die beskuldigde hom persoonlik moet aanmeld;

(b) plekke waarheen dit vir hom verbode is om te gaan;

(c) verbod op kommunikasie deur die beskuldigde met getuies vir die vervolging; of

(d) enige ander aangeleentheid rakende sy gedrag.

(4) Die borgakte bly van krag ondanks die feit dat, wanneer die verhoor plaasvind, daar om een of ander rede geen uitspraak gegee word nie, tensy die akte van beskuldiging of aanklag teruggetrek word.

96. As dit op die dag wat vir die verhoor van 'n strafsaak bepaal is, uit die relaas van die bevoegde beampte of uit ander voldoende bewys blyk dat 'n afskrif van die akte van beskuldiging en kennisgewing van verhoor, of in die geval van 'n terugverwysing na 'n landdroshof, die dagvaarding of aanklag, behoorlik bestel is, en die beskuldigde, nadat sy naam drie keer binne of naby die hofgebou uitgeroep is, nie verskyn nie, kan die aanklaer by die hof om 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde aansoek doen, en kan hy by die hof aansoek doen dat die beskuldigde en sy borge (as daar is) ooreenkomstig hul borgakte opgeroep word, en, as hy versuim om te verskyn, dat die borggeld onmiddellik verbeurd verklaar word; en so 'n verbeurdverklaring het die uitwerking van 'n vonnis op die borgakte teen die beskuldigde en sy borge onderskeidelik vir die bedrae daarin aangegee.

IN SAKE DEUR LAER HOWE VERHOOR

97. (1) Wanneer 'n strafverhoor voor 'n laer hof verdaag of uitgestel word en die beskuldigde in hegtenis gehou word, kan die hof na goeddunke die beskuldigde op die hieronder bepaalde wyse op borgtog vrylaat.

(2) (a) Wanneer 'n laer hof 'n beskuldigde kragtens hierdie artikel op borgtog vrylaat, word 'n borgakte deur slegs die beskuldigde of deur die beskuldigde en een of meer borge aangegaan, na gelang die hof met inagneming van die aard en omstandighede van die geval besluit.

(b) Die voorwaardes van die borgakte is dat die beskuldigde op 'n tyd en plek wat skriftelik aangegee word, en so dikwels dit binne 'n tydperk van ses maande

thereafter within a period of six months, until final judgment in his case has been given, to answer the charge of the offence alleged against him or the charge of any other offence which may appear to the attorney-general or the local public prosecutor to have been committed by the accused.

(3) The court may further add to the recognizance any condition which it may deem necessary or advisable in the interests of justice, as to —

(a) times and places at which and persons to whom the accused shall personally present himself;
(b) places where he is forbidden to go;
(c) prohibition against communication by the accused with witnesses for the prosecution; or
(d) any other matter relating to his conduct.

GENERAL FOR ALL CRIMINAL PROCEEDINGS.

98. The amount of bail to be taken in any case shall be in the discretion of the court, judge, magistrate or officer presiding over an inferior court to whom the application to be admitted to bail is made: Provided that no person shall be required to give excessive bail.

99. (1) Whenever an accused considers himself aggrieved by the refusal of any magistrate or of an inferior court to release him on bail or by such magistrate or court having required excessive bail or having imposed unreasonable conditions, he may appeal to the superior court having jurisdiction, or, in case such court is not then sitting, to any judge thereof against such refusal or excessive bail.

(2) The superior court to which or judge to whom an appeal is made under sub-section (1) may make such order on the appeal as to it or him in the circumstances of the case seems just.

100. A superior court having jurisdiction in respect of any offence may at any stage of any proceedings taken in any court in respect of that offence, release the accused on bail, whether the offence is or is not one of the offences referred to in section *ninety*.

101. If, through mistake, fraud, or otherwise, insufficient sureties have been accepted or if they afterwards become insufficient the court, judge, magistrate or other judicial officer who granted the bail, may issue a warrant of arrest directing that the accused be brought before it or him and may order him to find sufficient sureties and on his failing so to do, may commit him to prison.

102. Any court, judge, magistrate or other judicial officer may, if it or he is of opinion that it is necessary or advisable in the interests of justice that the conditions of a recognizance entered into under the provisions of this Chapter be amended or supplemented, issue a warrant for the arrest of the accused and may, when the accused is brought before it or him, amend or supplement the said conditions as the court, judge, magistrate or other judicial officer may deem fit.

103. (1) Any of the sureties for the attendance and appearance of an accused released on bail may at any time apply to the court, judge, magistrate or judicial officer before whom the recognizance was entered into, to discharge the recognizance either wholly or so far as relates to the applicants.

(2) On such application being made the court, judge, magistrate or other judicial officer shall issue a warrant of arrest directing that the accused be brought before it or him.

(3) On the appearance of the accused pursuant to the warrant or on his voluntary surrender, the court, judge, magistrate or other judicial officer shall direct the recognizance to be discharged either wholly or so far as it relates to the applicants and shall call upon the accused to find other sufficient sureties and, if he fails to do so, may commit him to prison.

104. The sureties for the attendance and appearance of an accused released on bail may bring the accused into the court at which he is bound to appear during

daarna nodig blyk totdat uitspraak finaal in sy saak gedoen is, moet verskyn om te antwoord op die aanklag weens die misdryf hom ten laste gelê of die aanklag weens 'n ander misdryf wat volgens dit vir die Prokureur-generaal of die plaaslike staatsaanklaer voorkom, deur die beskuldigde gepleeg is.

(3) Die hof kan voorts enige voorwaarde aan die borgakte toevoeg wat hy in belang van die regspleging nodig of raadsaam ag aangaande —

(a) tye waarop en plekke waar en persone by wie die beskuldigde hom persoonlik moet aanmeld;
(b) plekke waarheen dit vir hom verbode is om te gaan;
(c) verbod op kommunikasie deur die beskuldigde met getuies vir die vervolging; of
(d) enige ander aangeleentheid rakende sy gedrag.

ALGEMEEN VIR ALLE STRAFSAKE

98. Die borggeld in 'n saak vereis, word bepaal na goeddunke van die hof, regter, landdros of voorsittende beampte van 'n laer hof by wie die aansoek om op borgtog vrygelaat te word, gedoen word: Met dien verstande dat niemand verplig mag word om buitensporige borggeld te verstrek nie.

99. (1) Wanneer 'n beskuldigde veronreg voel ten gevolge van die weiering van 'n landdros of van 'n laer hof om hom op borgtog vry te laat of deurdat so 'n landdros of hof buitensporige borggeld bepaal het of onredelike voorwaardes gestel het, kan hy teen die weiering of buitensporige borggeld by die hoër hof wat regsbevoegdheid besit, of, ingeval daardie hof nie dan sitting hou nie, by 'n regter daarvan, appelleer.

(2) Die hoër hof of regter by wie kragtens subartikel (1) geappelleer word, kan so 'n bevel ten opsigte van die appél uitvaardig soos in die omstandighede van die saak vir die hof of regter billik voorkom.

100. 'n Hoër hof wat regsbevoegdheid ten opsigte van 'n misdryf besit, kan op enige stadium van enige verrigtinge in enige hof ten opsigte van daardie misdryf, die beskuldigde op borgtog vrylaat, hetsy die misdryf een van die in artikel *negentig* bedoelde misdrywe is al dan nie.

101. Wanneer, weens 'n dwaling, bedrog of andersins ontoereikende borge aanvaar is of as hulle daarna ontoereikend word, kan die hof, regter, landdros of ander regterlike beampte wat die borgtog toegestaan het, 'n lasbrief vir inhegtenisneming uitreik wat gelas dat die beskuldigde voor hom gebring word en hom beveel om toereikende borge te vind en as hy versuim om dit te doen hom gevange sit.

102. 'n Hof, regter, landdros of ander regterlike beampte kan, as hy meen dat dit in belang van die regspleging nodig of raadsaam is om die voorwaardes van 'n borgakte wat ingevolge die bepalings van hierdie hoofstuk aangegaan is, te wysig of aan te vul, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik en kan wanneer die beskuldigde voor hom gebring word, die bedoelde voorwaardes wysig of aanvul na gelang die hof, regter, landdros of ander regterlike beampte goedvind.

103. (1) Enige van die borge vir die bywoning en verskyning van 'n beskuldigde op borgtog vrygelaat, kan te eniger tyd by die hof, regter, landdros of regterlike beampte voor wie die borgakte aangegaan is, aansoek doen om die borgakte òf geheel en al òf vir sover dit op die aansoekers betrekking het, op te hef.

(2) Wanneer so 'n aansoek gedoen word, reik die hof, regter, landdros of ander regterlike beampte 'n lasbrief vir inhegtenisneming uit wat gelas dat die beskuldigde voor hom gebring word.

(3) By die verskyning van die beskuldigde ingevolge die lasbrief of by sy vrywillige oorgawe, gelas die hof, regter, landdros of ander regterlike beampte dat die borgakte òf geheel en al òf vir sover dit op die aansoekers betrekking het, opgehef word en sê hy die beskuldigde aan om ander toereikende borge te vind, en as hy versuim om dit te doen, kan hy hom gevange sit.

104. Die borge vir die bywoning en verskyning van 'n beskuldigde wat op borgtog vrygelaat is, kan die beskuldigde in die hof bring waarin hy verplig is om te

ny sitting thereof and then, by leave of the court, under him in discharge of the recognizance at any time before sentence, and thereupon the accused shall be committed to a prison there to remain until discharged by due course of law; but such court may release the accused on bail for his appearance at any time it deems fit.

105. The pleading or conviction of an accused released on bail as aforesaid shall not discharge the recognizance which shall remain in force for his appearance during the trial and until sentence is passed or he is discharged, but the court may commit the accused to a prison upon his trial or may require new or additional sureties for his appearance for trial or sentence (as the case may be) notwithstanding such recognizance, and such committal shall discharge the sureties.

106. When a surety to a recognizance dies before any forfeiture has been incurred, his estate shall be discharged from all liability in respect of the recognizance, but the accused may be required to find a new surety.

107. Whenever an accused person has been released on bail under any of the provisions of this Chapter, any magistrate may, if he sees fit, upon the application of any peace officer and upon written information on oath by such officer that there is reason to believe that the accused is about to abscond in order to evade justice, issue his warrant for the arrest of the accused and, upon being satisfied that the ends of justice would otherwise be defeated, commit him, when arrested to a prison until his trial.

108. (1) (a) When any person is required by any court, judge, magistrate or judicial officer to enter into recognizances with or without sureties under any of the provisions of this Ordinance, such court, judge, magistrate or judicial officer may, except in the case of a bond for good behaviour, instead of causing such recognizance to be entered into, permit him or some person on his behalf to deposit a sum of money or Government securities to such amount as the court, judge, magistrate or judicial officer may fix.

(b) Conditions in writing shall be made, in respect of such a deposit of money or securities, of the same nature as the conditions prescribed by this Chapter in respect of recognizances, and all the provisions of this Chapter prescribing the circumstances in which recognizances taken from the accused alone shall be forfeited, his arrest if about to abscond, and remission of forfeited bail, shall apply *mutatis mutandis* in respect of any such deposit of money or securities.

(2) (a) If a person is charged with any offence other than an offence specified in Part II of the Second Schedule, any policeman holding a rank or post designated by the Administrator from time to time for the purposes of this section by notice in the *Official Gazette* may at a police station or police post, at any time when no judicial officer is available, release such person on bail if he or any other person on his behalf deposits with such policeman, such sum of money as the policeman may fix, or furnishes to such policeman such security in lieu of bail as the latter deems sufficient.

(b) The provisions of sub-section (1) as to conditions, forfeiture and remission of forfeited bail shall *mutatis mutandis* apply in connection with a deposit of money or security given under this sub-section.

109. If it appears to the court, judge, magistrate or other judicial officer concerned that default has been made in any condition of a recognizance taken before it or him, or if it appears to the court, judge, magistrate or other judicial officer before which or whom an accused person has to appear in terms of any recognizance entered into before another court, judge, magistrate or judicial officer, that default has been made in any condition of such recognizance, such court, judge, magistrate or other judicial officer may —

(a) issue an order declaring the recognizance forfeited, and such order shall have the effect of a

verskyn gedurende enige sitting daarvan en hom dan, met verlof van die hof, te eniger tyd voor vonnis ter nakoming van die borgakte oorlewer, en daarna word die beskuldigde na 'n gevangenis verwys om daar te bly totdat hy mettertyd regtens ontslaan word; maar die hof kan die beskuldigde te eniger tyd na goeddunke op borgtog vir sy verskyning vrylaat.

105. Die pleit of skuldigbevinding van 'n beskuldigde wat soos voormeld op borgtog vrygelaat is, hef nie die borgakte op nie wat vir sy verskyning gedurende die verhoor en totdat vonnis gevel of hy ontslaan word, van krag bly, maar die hof kan die beskuldigde by sy verhoor gevange sit of kan hom verplig om ondanks so 'n borgakte nuwe of addisionele borge vir sy verskyning vir verhoor of vonnis (na gelang) te vind en so 'n gevangesetting onthef die borge.

106. As 'n borg wat 'n borgakte aangegaan het, sterf voordat 'n verbeurdverklaring sou kon plaasvind, word sy boedel van alle aanspreeklikheid ten opsigte van die borgakte onthef, maar die beskuldigde kan verplig word om 'n nuwe borg te vind.

107. Wanneer 'n beskuldigde ingevolge 'n bepaling van hierdie hoofstuk op borgtog vrygelaat is, kan 'n landdros na goeddunke, op aansoek van 'n vredesbeampte en op skriftelike inligting onder eed van daardie beampte dat daar rede bestaan om te vermoed dat die beskuldigde op die punt staan om te vlug ten einde die gereg te ontwyk, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik en, as hy oortuig is dat die regsbedeling anders verydel sou word, hom, as hy in hegtenis geneem is, gevange sit totdat sy verhoor plaasvind.

108. (1) (a) Wanneer iemand deur 'n hof, regter, landdros of regterlike beampte aangesê word om ingevolge 'n bepaling van hierdie ordonnansie borgaktes met of sonder borge aan te gaan, kan daardie hof, regter, landdros of regterlike beampte, behalwe in die geval van 'n borgakte vir goeie gedrag, in plaas van hom sodanige borgaktes te laat aangaan, hom of iemand anders ten behoewe van hom toelaat om die bedrag geld in kontant of in staatseffekte wat die hof, regter, landdros of regterlike beampte bepaal, te deponeer.

(b) Skriftelike voorwaardes van dieselfde aard as die voorwaardes by hierdie hoofstuk ten opsigte van borgaktes voorgeskryf, word ten opsigte van die gedeponeerde geld of effekte gestel, en al die bepalings van hierdie hoofstuk wat die omstandighede waarin die borggelde wat deur slegs die beskuldigde verstrek is, verbeurd verklaar moet word, sy inhegtenisneming wanneer hy op die punt staan om te vlug, en die kwytskelding van verbeurdverklaarde borggeld voorskryf, is *mutatis mutandis* ten opsigte van die gedeponeerde geld of effekte van toepassing.

(2) (a) As iemand weens 'n ander misdryf as 'n misdryf in deel II van die tweede bylae vermeld, aangekla word, kan 'n polisiebeampte wat 'n rang of pos beklee wat deur die Administrateur van tyd tot tyd vir die doeleindes van hierdie artikel by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* aangewys is, hy 'n polisiestasie of -pos, te eniger tyd wanneer geen regterlike beampte beskikbaar is nie, so iemand op borgtog vrylaat as hy of iemand anders ten behoewe van hom by so 'n polisiebeampte die bedrag geld deponeer wat die polisiebeampte bepaal, of aan die polisiebeampte die sekuriteit in plaas van borggeld verstrek wat laasgenoemde toereikend ag.

(b) Die bepalings van subartikel (1) met betrekking tot voorwaardes, verbeurdverklaring en kwytskelding van verbeurdverklaarde borggeld is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met geld of sekuriteit wat ingevolge hierdie subartikel gedeponeer of verstrek is.

109. As dit vir die betrokke hof, regter, landdros of ander regterlike beampte blyk dat enige voorwaarde van 'n borgakte voor hom aangegaan, nie nagekom is nie, of as dit vir die hof, regter, landdros of ander regterlike beampte voor wie 'n beskuldigde moet verskyn ingevolge 'n borgakte voor 'n ander hof, regter, landdros of regterlike beampte aangegaan, blyk dat enige voorwaarde van bedoelde borgakte nie nagekom is nie, kan daardie hof, regter, landdros of ander regterlike beampte —

(a) 'n bevel uitreik waarby die borgakte verbeurd verklaar word, en so 'n bevel het die uitwerking van

judgment on the recognizance for the amounts therein named against the person admitted to bail and his sureties respectively;

(b) issue a warrant for the arrest of the person admitted to bail and afterwards, upon being satisfied that the ends of justice would otherwise be defeated, commit him, when so arrested, to a prison until his trial.

110. The Administrator or any person acting under his authority, may in his discretion remit the whole or any portion of any amount forfeited under this Chapter.

111. (1) When a person under the age of eighteen years is charged with any offence other than treason, murder or rape, any court which, or any magistrate or policeman who may under any provision of this Chapter release the said person on bail may, instead of releasing him on bail, or instead of detaining him —

(a) release him without bail and warn him to appear before a court or magistrate at a time and on a date then fixed by the court, magistrate or policeman; or

(b) release him without bail to the care of the person in whose custody he is and warn that person to bring him or cause him to be brought before a court or magistrate at a time and on a date then fixed as aforesaid; or

(c) place him in a place of safety (as defined in section *one* of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961)) pending his appearance or further appearance before a court or magistrate, or until he is otherwise dealt with according to law.

(2) Any person who, having been warned in terms of paragraph (b) of sub-section (1), fails without reasonable excuse (the burden of proof of which shall be upon him) to act in accordance with that warning shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty rand or in default of payment of that fine, to imprisonment for a period not exceeding one month.

112. (1) Whenever any person has been arrested on a charge of having committed any offence, the attorney-general may, if he considers it necessary in the interest of the safety of the public or the maintenance of public order, issue an order that such person shall not be released on bail or otherwise before the expiration of a period of twelve days after the date of his arrest.

(2) Notwithstanding the provisions of this Ordinance or any other law, but subject to the provisions of sub-section (3), no person shall be released on bail or otherwise contrary to the terms of an order issued under sub-section (1).

(3) The attorney-general may at any time before its expiration rescind any order issued under sub-section (1).

(4) Any telegraphic copy purporting to be a copy of an order under sub-section (1) transmitted by telegraph, shall for all purposes be *prima facie* proof of the facts set forth in such copy.

(5) Subject to the provisions of sub-section (6), the provisions of this section shall lapse on the first day of June, 1965.

(6) The operation of the provisions of this section may from time to time by resolution of the Legislative Assembly of the Territory be extended for a period not exceeding twelve months at a time.

CHAPTER VIII.

CONSTITUTION OF SUPERIOR COURTS.

113. Subject to the provisions of section *one hundred and seventeen,* in any criminal case pending before a superior court the trial of the accused shall be before a judge of the Supreme Court and two assessors appointed to such superior court from time to time, as occasion

'n vonnis op die borgakte vir die daarin vermelde bedrae teen die onder borgtog vrygestelde persoon en sy borge onderskeidelik;

(b) 'n lasbrief uitreik vir die inhegtenisneming van die onder borgtog vrygestelde persoon en daarna, indien oortuig dat die regspleging andersins verydel sou word, hom, wanneer hy aldus in hegtenis geneem is, gevange sit totdat sy verhoor plaasvind.

110. Die Administrateur of iemand wat op sy gesag handel, kan na goeddunke die geheel of 'n gedeelte van 'n bedrag wat ingevolge hierdie hoofstuk verbeurd verklaar is, kwytskeld.

111. (1) As iemand onder die ouderdom van agtien jaar weens 'n ander misdryf as hoogverraad, moord of verkragting aangekla word, kan 'n hof, of landdros of polisiebeampte wat ingevolge 'n bepaling van hierdie hoofstuk so iemand op borgtog kan vrylaat, in plaas van hom op borgtog vry te laat, of in plaas van hom aan te hou —

(a) hom sonder borgtog vrylaat en hom waarsku om voor 'n hof of landdros op die uur en dag wat dan deur die hof, landdros of polisiebeampte bepaal word, te verskyn; of

(b) hom sonder borgtog onder die sorg van die persoon in wie se bewaring hy is, vrylaat en daardie persoon waarsku om hom voor 'n hof of landdros te bring of te laat bring op die uur en dag wat dan soos voormeld bepaal word; of

(c) hom, in afwagting van sy verskyning of verdere verskyning voor 'n hof of landdros, of totdat andersins regtens met hom gehandel word, in 'n veiligheidsplek soos in artikel *een* van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) bepaal, plaas.

(2) Iemand wat, nadat hy ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) gewaarsku is, sonder redelike verskoning (die bewyslas waarvan op hom rus) versuim om daardie waarskuwing te gehoorsaam, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand of, by wanbetaling van daardie boete, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

112. (1) Wanneer iemand in hegtenis geneem is op 'n aanklag dat hy 'n misdryf gepleeg het, kan die Prokureur-generaal, as hy dit in belang van die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde nodig ag, 'n bevel uitreik dat so iemand nie voor die verstryking van 'n tydperk van twaalf dae na die datum van sy inhegtenisneming op borgtog of andersins vrygelaat mag word nie.

(2) Ondanks die bepalings van hierdie ordonnansie of 'n ander wet, maar behoudens die bepalings van subartikel (3) word niemand in stryd met die bepalings van 'n bevel kragtens subartikel (1) uitgereik, op borgtog of andersins vrygelaat nie.

(3) Die Prokureur-generaal kan te eniger tyd voor die verstryking van 'n bevel kragtens subartikel (1) uitgereik, die bevel intrek.

(4) 'n Telegrafiese afskrif wat 'n afskrif van 'n telegrafies versende bevel kragtens subartikel (1) heet te wees, is vir alle doeleindes bewys *prima facie* van die feite wat in die afskrif uiteengesit word.

(5) Behoudens die bepalings van subartikel (6) verval die bepalings van hierdie artikel op die eerste dag van Junie 1965.

(6) Die toepassing van die bepalings van hierdie artikel kan van tyd tot tyd by besluit van die Wetgewende Vergadering van die Gebied vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande op 'n keer verleng word.

HOOFSTUK VIII.

INSTELLING VAN HOËR HOWE

113. Behoudens die bepalings van artikel *eenhonderd en sewentien* moet die verhoor van die beskuldigde in 'n strafsaak wat voor 'n hoër hof aanhangig is, plaasvind voor 'n regter van die Hooggeregshof en twee assessore wat van tyd tot tyd soos omstandighede dit vereis deur

ay require, by the Judge President, who shall be advo-ates of not less than five years standing or persons hold-ng or qualified to hold within the Republic or the Terri-ory the office of magistrate. The judge shall preside over the court.

114. Whenever a superior court exercises jurisdiction for the trial and punishment of crimes and offences, the judge and assessors shall have and perform the powers and duties laid down in this Chapter.

115. (1) Before the trial the judge shall administer an oath to the persons appointed as assessors in terms of section *one hundred and thirteen* that they will administer justice to all persons alike without fear, favour or prejudice and in accordance with the law and customs of the Territory, and thereupon they shall be members of the court.

(2) (a) If an assessor refuses or is unwilling to take an oath, the judge may permit him to make a solemn affirmation which shall be of the same force and effect as if the assessor making it had taken the oath in the customary form.

(b) Any reference in this Chapter to an assessor having taken an oath shall include a reference to an assessor who has made a solemn affirmation under this sub-section.

116. (1) It is the duty of the judge —

(a) subject to the provisions of paragraph (e) of sub-section (1) of section *one hundred and seventeen* to decide all questions of law arising in the course of the trial, and especially all questions as to the relevancy of facts which it is proposed to prove, and the admissibility of evidence or the propriety of questions asked by or on behalf of the parties and, in his discretion, to prevent production of inadmissible evidence whether it is or is not objected to by the parties;

(b) to decide upon the meaning and construction of all documents given in evidence at the trial;

(c) to decide upon all matters of fact which it may be necessary to prove in order to enable evidence of particular matters to be given;

(d) to decide whether any question which arises is for himself or for himself and the other members of the court, and upon this point his decision shall bind the other members of the court.

(2) (a) The judge may adjourn the argument upon any such matter or question as is mentioned in paragraphs (a) to (d) of sub-section (1) and may sit alone for the hearing of such argument and the decision of such matter or question.

(b) Whenever the judge shall give a decision in terms of paragraphs (a) to (d) of sub-section (1) he shall give reasons for that decision.

117. (1) It is the duty of the judge and the other members of the court —

(a) to decide which view of the facts is true and then to return the verdict which under such view ought according to law to be returned;

(b) to determine the meaning of all technical terms (other than terms of law) and words used in an unusual sense which it may be necessary to determine, whether such words occur in documents or not;

(c) to decide all questions which according to law are to be deemed questions of fact;

(d) to decide whether general indefinite expressions do or do not apply to particular cases unless such expressions refer to legal procedure or unless their meaning is to be ascertained according to law, in either of which cases it is the duty of the judge alone to decide their meaning;

(e) to decide all questions of law governing the punishment and to determine the punishment to be awarded.

(2) It shall not be incumbent on the court to give ny reasons for its decision or finding on any matter nder paragraphs (a) to (e) of sub-section (1).

118. Subject to the provisions of sub-section (2) of ction *one hundred and twenty*, all questions or matters

die Regter-president by sodanige hoër hof aangestel word, en wat advokate van minstens vyf jaar ondervinding of persone wat die amp van landdros in die Republiek of in die Gebied beklee of bevoeg is om dit te beklee, moet wees. Die regter sit in die hof voor.

114. Wanneer 'n hoër hof regsbevoegdheid by die verhoor en bestraffing van misdade en misdrywe uitoefen, het die regter en die assessore die bevoegdhede en verrig hulle die pligte wat in hierdie hoofstuk neergelê word.

115. (1) Voor die verhoor lê die regter aan die persone wat ingevolge artikel *eenhonderd en dertien* as assessore aangestel is 'n eed op dat hulle aan alle persone op gelyke voet reg sal laat geskied sonder vrees, begunstiging of vooroordeel en ooreenkomstig die reg en gebruike van die Gebied ,en daarop is hulle lede van die hof.

(2) (a) As 'n assessor weier of onwillig is om 'n eed af te lê, kan die regter hom toelaat om 'n plegtige verklaring af te lê wat dieselfde krag en uitwerking het asof die assessor wat dit doen, die eed in die gewone vorm afgelê het.

(b) 'n Verwysing in hierdie hoofstuk na 'n assessor wat die eed afgelê het, sluit 'n verwysing in na 'n assessor wat 'n plegtige verklaring ingevolge hierdie subartikel afgelê het.

116. (1) Dit is die regter se plig —

(a) om behoudens die bepalings van paragraaf (e) van subartikel (1) van artikel *eenhonderd en sewentien* oor alle regsvrae wat in die loop van die verhoor voorkom, te beslis, en veral alle vrae betreffende die tersaaklikheid van feite wat na voorneme bewys gaan word en die toelaatbaarheid van getuienis of die behoorlikheid van vrae gestel deur of namens die partye; en, om na goeddunke die aanvoering van ontoelaatbare getuienis te voorkom, ongeag of die partye daarteen beswaar het of nie;

(b) om oor die betekenis en uitleg van alle dokumente wat by die verhoor as getuienis voorgelê word, te beslis;

(c) om te beslis oor alle feite wat moontlik bewys moet word ten einde getuienis van bepaalde aangeleenthede te kan aanvoer;

(d) om te beslis of enige vraag wat ontstaan deur hom of deur hom en die ander lede van die hof beslis moet word en sy beslissing hieroor verbind die ander lede van die hof.

(2) (a) Die regter kan die beredenering oor enige feit of vraag bedoel in paragrawe (a) tot (d) van subartikel (1) verdaag en kan vir die verhoor van sodanige beredenering en die beslissing van so 'n feit of vraag alleen sit.

(b) Wanneer die regter 'n beslissing kragtens paragrawe (a) tot (d) van subartikel (1) vel, gee hy sy redes vir die beslissing.

117. (1) Dit is die plig van die regter en ander lede van die hof —

(a) om te beslis watter beskouing van die feite juis is en dan die uitspraak te gee wat met die oog op daardie beskouing regtens gegee behoort te word;

(b) om die betekenis van alle tegniese uitdrukkings (behalwe regsuitdrukkings) en alle woorde wat in 'n ongewone sin gebesig word, wat moontlik bepaal moet word, te bepaal hetsy hulle in dokumente voorkom of nie;

(c) om oor alle vrae wat regtens feitevrae geag word, te beslis;

(d) om te beslis of algemene, onbepaalde uitdrukkings op bepaalde gevalle van toepassing is of nie, tensy sodanige uitdrukkings op regsprosedure betrekking het of tensy hul betekenis volgens wet bepaal moet word, en in elk so 'n geval is dit die plig van die regter om alleen hul betekenis te bepaal;

(e) om alle regsvrae wat die straf beheers te beslis en om te bepaal watter straf opgelê moet word.

(2) Die hof is nie verplig om enige redes vir sy beslissing of bevinding op enige punt kragtens paragrawe (a) tot (e) van subartikel (1) te gee nie.

118. Behoudens die bepalings van subartikel (2) van artikel *eenhonderd en twintig* word alle vrae of punte

except those which under the provisions of this Chapter must be decided or determined by the judge alone, shall be decided or determined by the majority of the members of the court.

119. If any person, having been duly appointed by the Judge President under the provisions of this Chapter to be an assessor for the trial of crimes and offences, shall, after having taken the oath, fail without reasonable excuse faithfully to perform the duties imposed upon him by such appointment, he shall be guilty of an offence, and shall be liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year.

120. (1) If at any time during a trial any one of the assessors appointed in terms of section *one hundred and thirteen* dies or becomes in the opinion of the judge incapable of continuing to act as assessor, the judge may if he thinks fit, with the consent of the accused and the prosecutor, direct that the trial shall proceed without such assessor.

(2) Where the trial proceeds in pursuance of a direction given in terms of sub-section (1) the decision of the court shall be unanimous.

(3) If the judge does not direct as provided in sub-section (1) or where the court is unable, as required by sub-section (2), to agree on a decision on any charge in the indictment or the punishment to be awarded, the accused, unless already released on bail, shall remain in custody and may be tried again, but he shall have the same rights to be released on bail as upon an original committal for trial for the offence for which he is charged, and the court or the magistrate may in a proper case, as provided by Chapter VII, release him on bail accordingly.

(4) If the court is unable, as required by sub-section (2), to agree on a decision on any charge in the indictment or the punishment to be awarded, and the person accused is again tried on such charge, then the judge and the assessor who were members of the court which failed to agree as aforesaid shall not be competent to be members of any subsequent court constituted to try the accused on such charge.

121. The Administrator may prescribe by regulation a tariff of allowances which may be paid out of public moneys to persons other than members of the Public Service appointed under the provisions of this Chapter to be an assessor for the trial of crimes or offences. Any such tariff may differentiate between persons according to the distance which they have to travel to attend the court.

122. (1) Whenever the attorney-general decides to indict an accused upon a charge of treason, sedition or public violence, or of contravening any provision of paragraph (a) or (b) of section *eleven* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act 44 of 1950), or of an attempt, conspiracy or incitement to commit such an offence, and is of opinion that it is in the interest of the administration of justice that the accused be tried by a special criminal court, he shall state in writing to the Administrator such his opinion and the facts upon which it is based and specify the offence for which he proposes to indict the accused.

(2) (a) The Administrator may thereupon constitute a special criminal court to sit at any place in the Territory at which the accused might otherwise have been tried before a superior court for such offence.

(b) Such special criminal court shall have jurisdiction to try any charge for an offence referred to in sub-section (1) which may be made in the indictment lodged by the attorney-general in respect of the accused, and to sentence the accused, if convicted of such an offence, to any punishment that may by law be imposed therefor.

(3) (a) A special criminal court shall consist of at least two and not more than three judges of the Supreme Court and the decision of the court shall be unanimous.

buiten dié wat ingevolge die bepalings van hierdie hoofstuk deur die regter alleen beslis of uitgemaak moet word deur die meerderheid van die lede van die hof beslis of uitmaak.

119. As iemand wat die Regter-president behoorlik kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk aangestel het as assessor vir die verhoor van misdade en misdrywe nadat hy die eed afgelê het, sonder redelike vesrkoning versuim om die pligte wat hom by so 'n aanstelling opgelê is, getrou na te kom, is hy skuldig aan 'n misdryf en is hy by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

120. (1) As te eniger tyd gedurende 'n verhoor enige een van die assessore wat kragtens artikel *eenhonderd en dertien* aangestel is, sterf of, volgens die regter se oordeel onbekwaam word om verder as assessor te dien, kan die regter na goeddunke en met instemming van die beskuldigde en die aanklaer gelas dat die verhoor sonder die bedoelde assessor voortgesit moet word.

(2) Waar die verhoor ingevolge 'n lasgewing kragtens subartikel (1) voortgesit word, moet die beslissing van die hof eenparig wees.

(3) As die regter nie kragtens subartikel (1) gelas nie of waar die hof nie in staat is om volgens voorskrif van subartikel (2) in verband met 'n beslissing aangaande 'n aanklag in die akte van beskuldiging, of oor die straf wat opgelê moet word, ooreen te kom nie, bly die beskuldigde, tensy hy reeds op borgtog vrygelaat is, in hegtenis en kan hy weer verhoor word, maar het hy dieselfde regte om op borgtog vrygelaat te word as by 'n oorspronklike verwysing ter strafsitting weens die misdryf waarvan hy aangekla is, en die hof of die landdros kan hom in 'n toepaslike geval soos in hoofstuk VII bepaal, dienooreenkomstig op borgtog vrylaat.

(4) As die hof nie in staat is om volgens voorskrif van subartikel (2) in verband met 'n beslissing aangaande 'n aanklag in die akte van beskuldiging of die straf wat opgelê moet word, ooreen te kom nie, en die beskuldigde weer op die aanklag verhoor word, dan is die regter en die assessor wat lede was van die hof wat soos voormeld nie in staat was om ooreen te kom nie, onbevoeg om lede te wees van 'n hof wat daarna saamgestel word om die beskuldigde op die bedoelde aanklag te verhoor.

121. Die Administrateur kan by regulasie 'n tarief van toelaes voorskryf wat uit die staatskas betaal kan word aan persone (buiten lede van die staatsdiens) wat kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk aangestel word as assessore by die verhoor van misdade of misdrywe. So 'n tarief kan onderskei tussen persone na gelang van die afstand wat hulle moet aflê om die hof by te woon.

122. (1) Wanneer die Prokureur-generaal besluit om 'n beskuldigde op 'n akte van beskuldiging te vervolg weens 'n aanklag van hoogverraad, oproer of openbare geweldpleging of weens 'n oortreding van 'n bepaling van paragraaf (a) of (b) van artikel *elf* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950 (Wet 44 van 1950) of weens 'n poging, sameswering of uitlokking tot die pleging van so 'n misdryf en dit in die belang van die regspleging beskou dat die beskuldigde deur 'n spesiale strafhof verhoor word, deel hy sy mening en die feite waarop dit berus, skriftelik aan die Administrateur mee en meld hy die misdryf waarvoor hy voornemens is om die beskuldigde op 'n akte van beskuldiging te vervolg.

(2) (a) Die Administrateur kan daarop 'n spesiale strafhof saamstel om op enige plek in die Gebied sitting te hou waar die beskuldigde andersins voor 'n hoër hof vir die bedoelde misdryf verhoor sou kon geword het.

(b) So 'n spesiale strafhof het regsbevoegdheid om enige aanklag van 'n in subartikel (1) bedoelde misdryf wat gemaak word in die akte van beskuldiging wat ter opsigte van die beskuldigde deur die Prokureur-generaal ingedien word, te verhoor, en die beskuldigde, as hy aan so 'n misdryf skuldig bevind word, te vonnis tot enige straf wat regtens daarvoor opgelê kan word.

(3) (a) 'n Spesiale strafhof bestaan uit minstens twee en hoogstens drie regters van die Hooggeregshof en die beslissing van die hof moet eenparig wees.

(b) The Administrator shall designate an officer in the public service or a judge's clerk to act as registrar of such court.

(4) (a) The constitution of such special criminal court shall be notified in the *Official Gazette,* together with the names of the members thereof, the name and official address of the registrar thereof, and the date on which and the place at which it will commence its sittings.

(b) At any time after the constitution of the court is so notified, the attorney-general may lodge with the registrar thereof any such indictment aforesaid.

(4) Iemand wat weens die wetteregtelike misdryf van onwettige vleeslike gemeenskap met 'n meisie onder 'n bepaalde ouderdom of met die wetteregtelike misdryf van onwettige vleeslike gemeenskap of poging daartoe met 'n vroulike idioot of stompsinnige onder omstandighede wat geen verkragting of poging daartoe uitmaak nie, kan skuldig bevind word aan die wetteregtelike misdryf van die pleging van 'n immorele of onsedelike daad met so 'n meisie of vrouspersoon, of poging daartoe, na gelang, of aan die wetteregtelike misdryf van daardie meisie of vrouspersoon, na gelang, tot die pleging van 'n immorele of onsedelike daad aan of uit te lok of aan die wetteregtelike misdryf van sameswering met daardie meisie of vrouspersoon, na gelang, om onwettige vleeslike gemeenskap te hou, as die feite dit bewys.

(5) 'n Blanke manspersoon wat weens die wetteregtelike misdryf van onwettige vleeslike gemeenskap met 'n nie-blanke vrouspersoon en 'n nie-blanke manspersoon wat weens die onwetteregtelike misdryf van onwettige vleeslike gemeenskap met 'n blanke vrouspersoon en 'n nie-blanke vrouspersoon wat weens die wetteregtelike misdryf van enige nie-blanke manspersoon toe te laat om met haar onwettige vleeslik gemeenskap te hou, en 'n blanke vrouspersoon wat weens die wetteregtelike misdryf van enige nie-blanke manspersoon toe te laat om met haar onwettige vleeslike gemeenskap te hou, aangekla word, kan skuldig bevind word aan die wetteregtelike misdryf van sameswering met die betrokke persoon om onwettige vleeslike gemeenskap te hou as die feite dit bewys.

(6) Iemand wat weens die wetteregtelike misdryf van onwettige vleeslike gemeenskap met 'n ander persoon of weens die wetteregtelike misdryf van die pleging van 'n

indecent act with another person may be found guilty of indecent assault or assault, if such be the facts proved.

(7) Any person charged with sodomy or assault with intent to commit sodomy, may be found guilty of indecent assault or assault, if such be the facts proved.

171. (1) Any person charged with murder in regard to whom it is proved that he wrongfully caused the death of the deceased, but without intent, may be found guilty of culpable homicide.

(2) Any person charged with murder or culpable homicide in regard to whom it is not proved that he caused the death of the deceased, may if it is proved that he is guilty of having assaulted the deceased, be found guilty, if charged with murder, of assault with intent to murder or of assault with intent to do grievous bodily harm, or of common assault, and, if charged with culpable homicide, of assault with intent to do grievous bodily harm or common assault.

(3) Any person charged with murder or culpable homicide, in regard to whom it is not proved that he wrongfully caused the death of the person whom he is charged with killing, may be found guilty of the robbery of or the assault with intent to rob such person if it is proved that in fact such offence was committed.

(4) Any person charged with murder or culpable homicide in regard to whom it is not proved that he committed the crime of murder or culpable homicide, may be convicted of public violence if it is proved that in fact such offence was committed.

(5) If at the trial of any person on a charge alleging that he killed or attempted to kill or assaulted any other person, it has not been proved that he committed the offence charged, but that he pointed at the person against whom the offence is alleged to have been committed, a firearm or an airgun or air pistol, in contravention of any law, the accused may be convicted of having contravened that law.

172. If upon the trial of any accused upon a charge of murder or culpable homicide, it appears upon the evidence that the accused did not commit the crime of murder or cuplable homicide, he may be convicted of exposing an infant or of disposing of the body of a child with intent to conceal the fact of its birth, if the evidence establishes that he committed such offence.

173. Any person charged with housebreaking with intent to commit an offence specified in the charge may be found guilty of housebreaking with intent to commit some offence other than that specified or some offence unknown if an intent to commit the specified offence is not proved but an intent to commit such other offence or such offence unknown is sufficiently proved.

174. Any person charged with theft may be found guilty of receiving stolen goods knowing them to have been stolen, or of a contravention of section *six*, or sub-section (1) of section *seven* or sub-section (1) of section *eight* of the General Law Amendment Ordinance, 1956 (Ordinance 12 of 1956), if such be the facts proved.

175. Any person charged with receiving stolen goods knowing them to have been stolen, may be found guilty of theft, or of a contravention of sub-section (1) of section *seven* of the General Law Amendment Ordinance 1956 (Ordinance 12 of 1956) if such be the facts proved.

176. (1) When charges of theft of any property and of receiving the same property or any part thereof, knowing it to have been stolen are joined in the same charge, the accused may, according to the evidence, be convicted either of theft of the property or of receiving it or any part of it knowing it to be stolen.

immorele of onsedelike daad met 'n ander persoon aangekla word, kan skuldig bevind word aan onsedelike aanranding of aanranding as die feite dit bewys.

(7) Iemand wat weens sodomie of aanranding met die doel om sodomie te pleeg, aangekla word, kan skuldig bevind word aan onsedelike aanranding of aanranding as die feit dit bewys.

171. (1) Iemand wat weens moord aangekla word en met betrekking tot wie dit bewys word dat hy die dood van die oorledene wederregtelik veroorsaak het, maar sonder opset, kan aan strafbare manslag skuldig bevind word.

(2) Iemand wat weens moord of strafbare manslag aangekla word en met betrekking tot wie dit nie bewys word dat hy die dood van die oorledene veroorsaak het nie, kan, as dit bewys word dat hy skuldig is aan aanranding op die oorledene, skuldig bevind word, as hy van moord aangekla word, aan aanranding met die doel om moord te pleeg of aan aanranding met die doel om ernstig te beseer, of aan gewone aanranding, en, as hy weens strafbare manslag aangekla word, aan aanranding met die doel om ernstig te beseer of gewone aanranding.

(3) Iemand wat weens moord of strafbare manslag aangekla word en met betrekking tot wie dit nie bewys word dat hy die dood van die persoon van wie se doodslag hy aangekla word, wederregtelik veroorsaak het nie, kan aan roof of aanranding met opset van roof of bedoelde persoon skuldig bevind word as dit bewys word dat die doelde misdryf inderdaad gepleeg is.

(4) Iemand wat weens moord of strafbare manslag aangekla word en met betrekking tot wie dit nie bewys word dat hy die misdaad van moord of strafbare manslag gepleeg het nie, kan aan openbare geweld skuldig bevind word as dit bewys word dat daardie misdryf inderdaad gepleeg is.

(5) As dit by die verhoor van iemand op 'n aanklag waarin dit hom ten laste gelê word dat hy 'n ander persoon gedood het of gepoog het om hom te dood of hom aangerand het, nie bewys word dat hy die ten laste gelegde misdryf gepleeg het nie, maar dat hy in stryd met 'n wet 'n vuurwapen of 'n windbuks of 'n windpistool gerig het op die persoon teen wie die misdryf volgens bewering gepleeg is, kan die beskuldigde aan 'n oortreding van die doelde wet skuldig bevind word.

172. As dit by die verhoor van 'n beskuldigde op 'n aanklag van moord of strafbare manslag uit die getuienis blyk dat die beskuldigde nie die misdaad van moord of strafbare manslag gepleeg het nie, kan hy skuldig bevind word aan blootstelling van 'n kind of aan die wegdoen van die lyk van 'n kind met die doel om die feit van sy geboorte te verberg, as dit uit die getuienis blyk dat hy so 'n misdryf gepleeg het.

173. Iemand wat aangekla word weens huisbraak met die doel om 'n in die aanklag vermelde misdryf te pleeg kan skuldig bevind word aan huisbraak met die doel om 'n ander misdryf as die vermelde misdryf of 'n onbekende misdryf te pleeg, as 'n bedoeling om die vermelde misdryf te pleeg nie bewys word nie maar 'n bedoeling om so 'n ander misdryf of so 'n onbekende misdryf te pleeg, voldoende bewys word.

174. Iemand wat weens diefstal aangekla word, kan skuldig bevind word aan die ontvang van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is of aan 'n oortreding van artikel *ses*, of subartikel (1) van artikel *sewe* of subartikel (1) van artikel *agt* van die Algemene Regswysigingsordonnansie 1956 (Ordonnansie 12 van 1956) as die feite dit bewys.

175. Iemand wat weens die ontvang van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is, aangekla word, kan skuldig bevind word aan diefstal of aan 'n oortreding van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Algemene Regswysigingsordonnansie 1956 (Ordonnansie 12 van 1956) as die feite dit bewys.

176. (1) Wanneer aanklagte van diefstal van goed en van die ontvang van dieselfde goed of 'n gedeelte daarvan wetende dat dit gesteel is, in dieselfde aanklag saamgevoeg word, kan die beskuldigde, ooreenkomstig die getuienis, òf weens die diefstal van die goed òf weens die ontvang daarvan of 'n gedeelte daarvan, wetende dat dit gesteel is skuldig bevind word.

(2) If on a charge alleging that two or more persons jointly committed an offence of which the receiving of any property is an element, it is proved that one or more of them separately received any part or parts of the property under such circumstances as to constitute an offence, such one or more of the persons charged may be convicted of the offence or offences so established by the evidence.

(3) If a charge alleges that such offence was committed by two or more persons, all or any of those persons may, according to the evidence, be convicted of theft of the property, or of receiving it or any part of it knowing it to have been stolen, or one or more of them may according to the evidence be convicted of theft of the property, and the others of them, of receiving it or any part of it, knowing it to have been stolen.

177. If on a charge for theft, it appears that the property alleged therein to have been stolen at one time was stolen at different times, the accused may be convicted of every such taking as if every such taking had been separately charged.

178. On the trial of any person for an offence in which any of the following acts are charged against the accused, viz., that he —

(a) forged or uttered, offered, disposed of, or put off any forged instrument knowing it to be forged; or

(b) obtained anything by means of false pretences; or

(c) obtained anything by means of a fraudulent trick or device or any other fraudulent means; or

(d) induced, by means of any such trick or device or fraudulent means, the payment or delivery of any money or thing,

or that he attempted to commit or procure the commission of any such act, it shall not be necessary to prove an intent on the part of the accused to defraud any particular person, but it shall be sufficient to prove that the accused did the act charged with intent to defraud.

179. If in any other case not hereinbefore specified the commission of the offence with which the accused is charged as defined in the law creating the offence or as set forth in the charge includes the commission of any other offence, the accused may be convicted of any offence so included which is proved, although the whole offence charged is not proved.

180. (1) If, on the trial of a person charged with an offence, it is proved that he is guilty of another offence of such a nature that, on a charge alleging that he committed that other offence, he might have been convicted of the offence with which he is actually charged, he may be convicted of the offence with which he is so charged.

A person who has been tried on a charge of having committed such an offence shall not thereafter be prosecuted for the offence so proved by the evidence.

CHAPTER XII

WITNESSES.

SECURING ATTENDANCE OF WITNESSES AT CRIMINAL PROCEEDINGS.

181. (1) Either the prosecutor or the accused may compel the attendance of any person to give evidence or to produce any books, papers or documents in any criminal proceedings by taking out of the office prescribed by rules of court the process of the court for that purpose.

(2) When the accused desires to have any witnesses subpoenaed and satisfies the prescribed officer of the court —

(a) that he is unable to pay the necessary costs and fees; and

(b) that such witnesses are necessary and material for his defence,

the prescribed officer of the court shall subpoena such witnesses.

(2) As dit op 'n aanklag waarin beweer word dat twee of meer persone gesamentlik 'n misdryf gepleeg het waarvan die ontvang van goed 'n bestanddeel uitmaak, bewys word dat een of meer van hulle afsonderlik 'n gedeelte of gedeeltes van die goed ontvang het onder omstandighede wat dit 'n misdryf maak, kan bedoelde een of meer van die aangeklaagde persone skuldig bevind word aan die misdryf of misdrywe aldus deur die getuienis bewys.

(3) As dit in 'n aanklag beweer word dat so 'n misdryf deur twee of meer persone gepleeg is, kan almal of enige van bedoelde persone ooreenkomstig die getuienis skuldig bevind word weens diefstal van die goed of weens die ontvang daarvan of 'n gedeelte daarvan wetende dat dit gesteel is, of kan een of meer van hulle, ooreenkomstig die getuienis, weens diefstal van die goed, en die ander van hulle weens die ontvang daarvan of 'n gedeelte daarvan wetende dat dit gesteel is, skuldig bevind word.

177. As dit op 'n aanklag van diefstal blyk dat die goed wat volgens daarin beweer word op 'n bepaalde tyd gesteel is, op verskillende tye gesteel is, kan die beskuldigde weens iedere sodanige ontvreemding skuldig bevind word asof iedere sodanige ontvreemding afsonderlik ten laste gelê was.

178. By die verhoor van iemand weens 'n misdryf waarin die beskuldigde enige van die volgende bewerings ten laste gelê word, naamlik dat hy —

(a) 'n vervalste stuk vervals of uitgegee, aangebied, van die hand gesit of afgesit het, wetende dat dit vervals is; of

(b) iets deur middel van valse voorwendsels verkry het; of

(c) iets deur middel van 'n bedrieglike kunsgreep of lis of ander bedrieglike middels verkry het; of

(d) die betaling of aflewering van geld of enige saak deur middel van so 'n kunsgreep of lis of sodanige bedrieglike middels, bewerkstellig het,

of dat hy gepoog het om so 'n daad te pleeg of die pleging daarvan te bewerkstellig, is dit nie nodig om 'n bedoeling aan die kant van die beskuldigde om 'n bepaalde persoon te bedrieg te bewys nie, maar is dit voldoende om te bewys dat die beskuldigde die ten laste gelegde daad gepleeg het met die doel om te bedrieg.

179. As in enige ander geval nie tevore hierin vermeld nie, die pleging van die misdryf wat die beskuldigde ten laste gelê word soos in die wet wat die misdryf skep, bepaal word, of soos in die aanklag uiteengesit word, die pleging van 'n ander misdryf insluit, kan die beskuldigde aan 'n misdryf aldus ingesluit wat bewys word, skuldig bevind word, hoewel die hele misdryf wat ten laste gelê word, nie bewys word nie.

180. (1) As dit by die verhoor van 'n persoon op aanklag van 'n misdryf bewys word dat hy skuldig is aan 'n ander misdryf van so 'n aard dat hy op 'n aanklag waarin daardie ander misdryf hom ten laste gelê word, aan die misdryf wat hom werklik ten laste gelê word, skuldig bevind sou kon geword het, kan hy aan die misdryf wat hom aldus ten laste gelê word, skuldig bevind word.

(2) Iemand wat verhoor is op 'n aanklag dat hy so 'n misdryf gepleeg het, word nie daarna weens die misdryf aldus deur die getuienis bewys, vervolg nie.

HOOFSTUK XII.

GETUIES

VERKRYGING VAN AANWESIGHEID VAN GETUIES BY STRAFSAKE

181. (1) Òf die aanklaer òf die beskuldigde kan die aanwesigheid van iemand om by 'n strafsaak getuienis af te lê of boeke, stukke of dokumente voor te lê, afdwing deur by die deur die hofreëls voorgeskrewe ampskantoor geregtelike prosesstukke vir daardie doel te verkry.

(2) Wanneer die beskuldigde verlang dat getuies gedagvaar word en die voorgeskrewe hofbeampte oortuig —

(a) dat hy nie in staat is om die vereiste koste en gelde te betaal nie; en

(b) dat sodanige getuies noodsaaklik en van wesenlike belang vir sy verdediging is,

dagvaar die voorgeskrewe hofbeampte daardie getuies.

(3) In any case where the prescribed officer of the court is not so satisfied, he shall, upon the request of the accused, refer the application to the judge or officer presiding over the court who may grant or refuse such application or may defer giving his decision until he has heard the other evidence in the case or any part thereof.

(4) For the purposes of this Chapter "prescribed officer of the court" means the registrar, assistant registrar, clerk of the court or any officer prescribed by rules of court.

182. Service of subpoenas in criminal proceedings shall be effected in the manner provided by the rules of court.

183. (1) Any person who is advised in writing by any member of a police force established under any law, who is of the rank of sergeant or above such rank, or who is the officer in charge of a police station, that he will be required as a witness in any criminal proceedings, shall, until such criminal proceedings have been finally disposed of, or until he is officially advised that he will no longer be required as a witness, keep the officer in charge of the police station nearest to his ordinary place of residence informed at all times of his full residential address or any other address where, during that period, he may conveniently be found.

(2) Any person who fails to comply with the provisions of sub-section (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or to imprisonment for a period not exceeding one month.

184. Every witness duly subpoenaed to attend and give evidence at any criminal proceedings shall attend and remain in attendance throughout the hearing of the proceedings unless excused by the court.

185. The court may at any stage subpoena or cause to be subpoenaed any person as a witness or examine any person in attendance though not subpoenaed as a witness, or may recall and re-examine any person already examined; and the court shall subpoena or cause to be subpoenaed and examine or recall and re-examine any person if his evidence appears to it essential to the just decision of the case.

186. (1) If any person subpoenaed to attend at any criminal proceedings fails without reasonable excuse to obey the subpoena and it appears from the return or from evidence given under oath that the subpoena was served upon the person to whom it is directed or that he is evading service, or if any person who attended in obedience to a subpoena fails to remain in attendance, the court in which the said criminal proceedings are conducted, may issue a warrant, directing that he be arrested and brought, at a time and place stated in the warrant, or as soon thereafter as possible, before the court or any magistrate.

(2) When the person in question has been arrested under the said warrant, he may be detained thereunder before the court which issued it or in any prison or lock-up or other place of detention or in the custody of the person who is in charge of him, with a view to securing his presence as a witness at the criminal proceedings: Provided that the court may release him on a recognizance with or without sureties for his appearance to give evidence as required, and for his appearance at the enquiry referred to in sub-section (3).

(3) The court may in a summary manner enquire into the said person's failure to obey the subpoena or to remain in attendance, and unless it is proved that the said person has a reasonable excuse for such failure, the court may sentence him to pay a fine not exceeding fifty rand or to imprisonment for a period not exceeding one month.

(4) Any sentence imposed by any court under subsection (3) shall be enforced and shall be subject to an appeal as if it were a sentence in a criminal case imposed by that court.

(5) If a person who has entered into any recognizance for his appearance to give evidence at any criminal proceedings or for his appearance at an enquiry referred

(3) In 'n geval waar die voorgeskrewe hofbeampte nie aldus oortuig is nie, moet hy op versoek van die beskuldigde die aansoek verwys na die regter of beampte wat by die hof voorsit, wat so 'n aansoek kan toestaan of weier of sy beslissing daaromtrent kan uitstel totdat hy die ander getuienis in die saak, of 'n deel daarvan, aangehoor het.

(4) By die toepassing van hierdie hoofstuk beteken „voorgeskrewe hofbeampte" die griffier, assistent-griffier, klerk van die hof of 'n deur die hofreëls voorgeskrewe beampte.

182. Die bestelling van getuiedagvaardings in strafsake moet op die deur die hofreëls bepaalde wyse geskied.

183. (1) Iemand wat deur 'n lid van 'n by wet ingestelde polisiemag, wat die rang van sersant of 'n hoër rang beklee of die bevelvoerende beampte van 'n polisiepos is, skriftelik in kennis gestel word dat hy as getuie by 'n strafsaak nodig sal wees, moet tot tyd en wyl bedoelde strafsaak finaal afgehandel is, of totdat hy amptelik in kennis gestel word dat hy nie meer as 'n getuie nodig is nie, die bevelvoerende beampte van die polisiepos wat die naaste aan sy gewone woonplek geleë is, te alle tye op hoogte van sy volle woonadres of 'n ander adres waar hy gedurende bedoelde tydperk geredelik gevind kan word.

(2) Iemand wat in gebreke bly om die bepalings van subartikel (1) na te kom, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

184. Elke getuie wat behoorlik gedagvaar is om by 'n strafsaak aanwesig te wees en getuienis af te lê moet, tensy hy deur die hof verskoon word, gedurende die hele verhoor van die saak aanwesig wees en bly.

185. Die hof kan op enige stadium iemand as getuie dagvaar of laat dagvaar of iemand wat aanwesig is, ondervra hoewel hy nie as getuie gedagvaar is nie, of iemand wat alreeds ondervra is, weer oproep en herondervra; en die hof moet iemand dagvaar of laat dagvaar en ondervra of weer oproep en herondervra as sy getuienis vir die hof as noodsaaklik vir die regverdige beregting van die saak voorkom.

186. (1) As iemand wat gedagvaar is om as getuie by 'n strafsaak aanwesig te wees, sonder redelike verskoning versuim om die dagvaarding na te kom en dit uit die relaas van bestelling of uit getuienis onder eed afgelê, blyk dat die dagvaarding bestel is aan die persoon aan wie dit gerig is of dat hy bestelling ontwyk, of as iemand wat ter nakoming van 'n dagvaarding aanwesig was, versuim om aanwesig te bly, kan die hof voor wie bedoelde strafsaak dien 'n lasbrief uitreik waarin gelas word dat hy in hegtenis geneem en op 'n in die lasbrief vermelde tyd en plek, of so spoedig moontlik daarna, voor die hof of 'n landdros gebring word.

(2) Wanneer die betrokke persoon ingevolge bedoelde lasbrief in hegtenis geneem is, kan hy uit hoofde daarvan by die hof wat dit uitgereik het of in 'n gevangenis of opsluitplek of ander plek van bewaring of in die bewaring van die persoon wat toesig oor hom het, aangehou word ten einde sy aanwesigheid as getuie by die strafsaak te verseker: Met dien verstande dat die hof hom op borgtog met of sonder borge vir sy verskyning om getuienis af te lê soos vereis word, en vir sy verskyning by die in subartikel (3) bedoelde ondersoek, kan vrylaat.

(3) Die hof kan op summiere wyse ondersoek instel na bedoelde persoon se versuim om die getuiedagvaarding na te kom of om aanwesig te bly, en tensy bewys word dat bedoelde persoon 'n redelike verskoning vir sodanige versuim het, kan die hof hom 'n vonnis van 'n boete van hoogstens vyftig rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand oplê.

(4) 'n Vonnis ingevolge subartikel (3) deur die hof opgelê, word uitgevoer en is onderhewig aan appèl asof dit 'n vonnis was wat in 'n strafsaak deur daardie hof opgelê is.

(5) As iemand wat 'n borgtog aangegaan het vir sy verskyning om by 'n strafsaak getuienis af te lê of vir sy verskyning by 'n in subartikel (3) bedoelde ondersoek,

to in sub-section (3) fails so to appear, he may, apart from the forfeiture of his recognizance, be dealt with as if he had failed to obey a subpoena to attend any criminal proceedings.

187. (1) Whenever any person who appears, either in obedience to the subpoena or by virtue of a warrant or is present and is verbally required by the court to give evidence in any criminal proceedings refuses to be sworn or, having been sworn, refuses to answer such questions as are put to him, or refuses or fails to produce any document or thing which he is required to produce, without any just excuse for such refusal or failure, the court may adjourn the proceedings for any period not exceeding eight days and may, in the meantime, by warrant commit the person so refusing or failing, to a prison unless he sooner consents to do what is required of him.

(2) If any person referred to in sub-section (1) again refuses at the resumed hearing of the proceedings to do what is so required of him, the court may again adjourn the proceedings and commit him for a like period and so again from time to time until such person consents to do what is required of him.

(3) An appeal shall lie from any order or committal made by a magistrate under sub-section (1) or (2) in a preparatory examination to the superior court to which an appeal lies in the case of a conviction on summary trial by the magistrate's court of the district in which the preparatory examination is held, and the superior court may on such appeal make such order as to it seems just.

(4) Nothing in this section contained shall prevent the court from giving judgment in any case or from committing the accused for trial in the case of a preparatory examination or otherwise disposing of the proceedings in the meantime, according to any other sufficient evidence taken.

(5) No person shall be bound to produce any document or thing not specified or otherwise sufficiently described in the subpoena unless he actually has it in court.

188. (1) Any court may in any criminal proceedings require any witness, either alone or together with one or more sufficient sureties to the satisfaction of the court, to enter into a recognizance on the condition that the witness shall at any time within twelve months from the date thereof, upon being served with a subpoena at some certain place to be selected by the witness, appear and give evidence at the trial of the accused or of the person in respect of whom the preparatory examination was held.

(2) Every recognizance so entered into shall specify the name and surname of the person entering into it, his occupation or profession, if any, the place of his residence and the name and number, if any, of the street in which that place is, and whether he is an owner or tenant thereof or a lodger therein.

(3) All such recognizances shall be liable to be estreated in the same manner as any forfeited recognizance is by law liable to be estreated by the court before which the principal party thereto was bound to appear.

(4) Any witness who refuses to enter into any such recognizance as aforesaid, may be committed by the court by warrant to the prison for the place where the trial is to be held, there to be kept until after the trial, or until the witness enters into such a recognizance as aforesaid before a magistrate having jurisdiction in the place where the prison is situated: Provided that, if the accused is afterwards discharged, any magistrate having jurisdiction shall order such witness to be discharged.

189. (1) Whenever any person is bound by recognizance to give evidence or is likely to give material evidence in any criminal proceedings any magistrate or any judge of the superior court before which the offence is triable may, if he sees fit, upon information in writing and on oath that such person is about to abscond or has absconded, issue a warrant for the arrest of that person.

(2) If a person referred to in sub-section (1) is arrested, any magistrate or any judge as aforesaid may, if satisfied that the ends of justice would otherwise be defeated, commit him to a prison until the time at which he is required to give evidence, unless in the meantime

versuim om aldus te verskyn, kan daar, bo en behalwe die verbeuring van sy borggeld, met hom gehandel word asof hy versuim het om 'n dagvaarding om by 'n strafsaak aanwesig te wees, na te kom.

187. (1) Wanneer iemand wat òf ter nakoming van 'n getuiedagvaarding òf uit hoofde van 'n lasbrief verskyn, of wat aanwesig is en mondeling deur die hof aangesê word om in 'n strafsaak getuienis af te lê, weier om ingesweer te word of nadat hy ingesweer is, weier om op die vrae aan hom gestel, te antwoord, of weier of versuim om 'n dokument of voorwerp waarvan die voorlegging deur hom vereis word, voor te lê, sonder 'n voldoende verskoning vir sodanige weiering of versuim, kan die hof die saak vir 'n tydperk van hoogstens agt dae verdaag en intussen die persoon wat aldus weier of versuim by lasbrief na 'n gevangenis verwys tensy hy eerder toestem om te doen wat van hom vereis word.

(2) As 'n in subartikel (1) bedoelde persoon by die hervatte verhoor van die saak weer weier om te doen wat aldus van hom vereis word, kan die hof die saak weer verdaag en hom vir dieselfde tydperk verwys, en aldus weer van tyd tot tyd, totdat so iemand toestem om te doen wat van hom vereis word.

(3) Teen 'n verwysingsbevel deur 'n landdros ingevolge subartikel (1) of (2) by 'n voorlopige ondersoek uitgereik, kan daar geappelleer word by die hoër hof by wie geappelleer kan word in die geval van 'n skuldigbevinding by 'n summiere verhoor deur die landdroshof van die distrik waarin die voorlopige ondersoek gehou word, en die hoër hof kan by so 'n appèl sodanige bevel uitreik soos hy billik ag.

(4) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die hof om in 'n saak uitspraak te gee of om in die geval van 'n voorlopige ondersoek die beskuldigde ter strafsitting te verwys of om andersins die saak ooreenkomstig ander voldoende getuienis wat afgeneem is, intussen af te handel nie.

(5) Niemand is verplig om 'n dokument of voorwerp wat nie in die getuiedagvaarding aangedui of andersins voldoende beskrywe word nie, voor te lê nie tensy hy dit werklik in die hof het.

188. (1) 'n Hof kan in enige strafsaak van 'n getuie eis dat hy òf alleen òf tesame met een of meer toereikende borge tot voldoening van die hof, 'n borgakte aangaan op die voorwaarde dat die getuie te eniger tyd binne twaalf maande vanaf die datum daarvan, by bestelling van 'n getuiedagvaarding op 'n vaste plek wat deur die getuie gekies moet word, sal verskyn en getuienis aflê by die verhoor van die beskuldigde of van die persoon ten aansien van wie die voorlopige ondersoek gehou is.

(2) Elke borgakte aldus aangegaan moet die naam en familienaam van die persoon wat dit aangaan, sy nering of beroep, as hy een het, sy woonplek en die naam en nommer, as daar een is, van die straat waarin daardie woonplek is, en of hy eienaar of huurder daarvan of 'n loseerder daar is, aandui.

(3) Alle sodanige borgaktes kan op dieselfde wyse ten uitvoer gelê word as wat 'n verbeurdverklaarde borgakte deur die hof voor wie die hoofparty daarby moes verskyn, wetlik ten uitvoer gelê kan word.

(4) 'n Getuie wat weier om 'n borgakte soos vermeld aan te gaan, kan deur die hof by lasbrief verwys word na die gevangenis van die plek waar die verhoor moet plaasvind, om daar aangehou te word tot na afloop van die verhoor, of totdat die getuie so 'n borgakte soos voormeld aangaan voor 'n landdros wat regsbevoegdheid het op die plek waar die gevangenis geleë is: Met dien verstande dat, as die beskuldigde later ontslaan word, 'n landdros wat regsbevoegdheid besit, moet gelas dat daardie getuie ontslaan word.

189. (1) Wanneer iemand deur borgtog verplig is om getuienis in 'n strafsaak af te lê of waarskynlik getuienis van wesenlike belang sal kan aflê, kan 'n landdros of 'n regter van die hoër hof voor wie die misdryf beregbaar is op grond van skriftelike inligting onder eed dat daardie persoon op die punt staan om te vlug of gevlug het, na goeddunke 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van daardie persoon uitreik.

(2) As 'n in subartikel (1) bedoelde persoon in hegtenis geneem word, kan 'n landdros of regter soos voormeld, by oortuiging dat die regsbedeling andersins ver-

he produces sufficient sureties; but any person so arrested shall be entitled on demand to receive a copy of the information upon which the warrant for his arrest was issued.

190. The powers of committal of any witness for detention shall not be exercised by a magistrate under sub-section (4) of section *one hundred and eighty-eight* or sub-section (2) of section *one hundred and eighty-nine* unless application is made for such committal on the instructions of the attorney-general.

191. (1) Whenever any prisoner confined in any prison in the Territory is required to give evidence in any criminal proceedings, the court before which such prisoner is required to attend, or any judge of a superior court having jurisdiction in the matter may, before or during the sittings of the court at which the attendance of such prisoner is required, or the magistrate holding the preparatory examination, as the case may be, may make an order upon the member of the Prisons Service in charge of such prison, or other person having the custody of such prisoner to deliver such prisoner to the person named in such order to receive him; and the person so named shall, at the time prescribed in the order, convey such prisoner to the place at which such prisoner is required to attend, there to receive and obey such further order as to the said court seems fit.

(2) A judge of a superior court may at any time order to be brought before a court over which he is presiding in a criminal case, any person confined in any prison in the Territory.

(3) Whenever the attendance of any prisoner confined in a prison is required as a witness on behalf of a private prosecutor or an accused person, other than an accused person to whose defence the evidence of such witness is deemed material and who has not sufficient means to make the deposit, there shall be deposited with the member of the Prisons Service in charge of such prison or other officer having the custody and control of the prisoner so confined such sum as may be necessary to cover the expenses to be occasioned by the conveyance of the prisoner so confined and his necessary escort to and from the court and his maintenance during such period as the prisoner so confined and his escort are likely by reason of the attendance to be detained outside the prison, and no person shall be required or allowed to obey any such summons unless such a sum has previously been deposited.

(4) The expenses mentioned in sub-section (3) shall be determined in accordance with a scale prescribed by the Administrator.

192. (1) Whenever a subpoena to give evidence in any criminal proceedings has been issued out of any court and it appears that the person whose attendance is thereby required, resides or is for the time being in a district in the Territory outside the area of jurisdiction of that court, the subpoena shall be delivered to the proper officer within that district and shall be served by him as soon as possible on such person: Provided that —

(a) the necessary expenses to be incurred by the person subpoenaed, in going to and returning from the court by whom the subpoena was issued and in connection with his detention at the place whereat, and for the purpose for which his attendance is required, shall be tendered to him with the subpoena;

(b) if the subpoena is not sued out by the State a sum sufficient to cover the expense of serving the subpoena shall be lodged with the registrar or clerk of the court by the person suing out the subpoena.

(2) If any person who has been served as aforesaid with a subpoena and to whom has been tendered the expenses aforesaid, fails, without lawful excuse, to attend at the time and place mentioned in the subpoena, a magistrate of the said district may issue a warrant for the apprehension of that person, who shall be liable to be dealt with as if he had failed to attend without lawful excuse when served with a subpoena to attend a like

ydel sal word, hom na 'n gevangenis verwys totdat hy getuienis moet aflê, tensy hy intussen voldoende borge verstrek; maar iemand aldus in hegtenis geneem, is op aanvraag geregtig op 'n afskrif van die inligting op grond waarvan die lasbrief vir sy inhegtenisneming uitgereik is.

190. Die bevoegdhede om 'n getuie vir aanhouding te verwys, word nie deur 'n landdros ingevolge subartikel (4) van artikel *eenhonderd agt-en-tagtig* of subartikel (2) van artikel *eenhonderd negen-en-tagtig* uitgeoefen nie tensy aansoek om sodanige verwysing in opdrag van die Prokureur-generaal gedoen word.

191. (1) Wanneer 'n gevangene wat in 'n gevangenis in die Gebied aangehou word, getuienis in 'n strafsaak moet aflê, kan die hof waar sy aanwesigheid vereis word of 'n regter van 'n hoër hof wat regsbevoegdheid met betrekking tot die saak het, voor of tydens die sittings van die hof waar die aanwesigheid van so 'n gevangene vereis word, of die landdros wat die voorlopige ondersoek hou, na gelang, 'n bevel rig aan die lid van die Gevangenisdiens in bevel van sodanige gevangenis of ander persoon wat toesig het oor so 'n gevangene, om so 'n gevangene oor te lewer aan die persoon wat in die bevel aangewys word om hom oor te neem; en die aldus aangewese persoon moet die gevangene op die in die bevel bepaalde tyd neem na die plek waar daardie gevangene aanwesig moet wees om daar enige verdere bevel wat bedoelde hof goedvind, te ontvang en uit te voer.

(2) 'n Regter van 'n hoër hof kan te eniger tyd gelas dat iemand wat in 'n gevangenis in die Gebied aangehou word, voor 'n hof waarby hy in 'n strafsaak voorsit, gebring word.

(3) Wanneer die aanwesigheid as getuie van 'n gevangene wat in 'n gevangenis aangehou word, vereis word ten behoewe van 'n private aanklaer of 'n ander beskuldigde as 'n beskuldigde vir wie se verdediging die getuienis van daardie getuie van wesenlike belang geag word en wat nie oor voldoende middele beskik om die deposito te stort nie, moet daar by die lid van die Gevangenisdiens in bevel van sodanige gevangenis of ander beampte wat toesig en beheer het oor die gevangene aldus aangehou, die bedrag gestort word wat nodig is om die onkoste te dek van die vervoer van die gevangene aldus aangehou en sy nodige geleide na en van die hof en sy onderhoud gedurende die tydperk wat die gevangene aldus aangehou en sy geleide omrede die aanwesigheid voormeld buitekant die gevangenis waarskynlik opgehou sal word, en niemand is verplig of bevoeg om so 'n bevel na te kom nie tensy sodanige bedrag eers gestort word.

(4) Die in subartikel (3) bedoelde onkoste word bepaal ooreenkomstig 'n deur die Administrateur voorgeskrewe skaal.

192. (1) Wanneer 'n dagvaarding om getuienis in 'n strafsaak af te lê deur 'n hof uitgereik is en dit blyk dat die persoon wie se aanwesigheid daardeur vereis word in 'n distrik in die Gebied buite die regsgebied van daardie hof woon of tydelik vertoef, word die dagvaarding aan die bevoegde beampte binne daardie distrik oorhandig en so spoedig moontlik deur hom aan bedoelde persoon bestel: Met dien verstande dat —

(a) vergoeding van die nodige onkoste wat deur die gedagvaarde persoon aangegaan staan te word by die gaan na en terugkeer van die hof deur wie die dagvaarding uitgereik is en in verband met sy verblyf by die plek waar en vir die doel waarvoor sy aanwesigheid vereis word, aan hom by bestelling van die dagvaarding aangebied moet word;

(b) as die dagvaarding nie deur die Staat uitgeneem word nie, 'n bedrag wat toereikend is om die onkoste verbonde aan die bestelling van die dagvaarding te dek, by die griffier of klerk van die hof deur die persoon wat die dagvaarding uitneem, gestort moet word.

(2) As iemand aan wie 'n dagvaarding soos voormeld bestel is en aan wie vergoeding van bedoelde onkoste aangebied is, sonder wettige verskoning versuim om op die in die dagvaarding vermelde tyd en plek aanwesig te wees, kan 'n landdros van bedoelde distrik 'n lasbrief uitreik vir die inhegtenisneming van daardie persoon, met wie daar gehandel kan word asof hy sonder wettige verskoning versuim het om aanwesig te wees nadat daar aan hom 'n dagvaarding bestel is om by 'n soortgelyke hof in die

court in the area wherein he resides or is for the time being.

(3) The return of the proper officer showing that service of the subpoena has been duly effected, together with a certificate under the hand of the registrar or clerk of the court that the person whose attendance was required by the subpoena failed to attend when called upon, and has established no lawful excuse for the non-attendance, shall be deemed sufficient proof of the non-attendance for the purpose of dealing with the said person under sub-section (2).

(4) The expression "proper officer" as used in this section shall include a sheriff, deputy-sheriff, messenger, deputy-messenger or other officer who by law or rule of court is charged with the duty of serving subpoenas on witnesses in criminal cases.

193. (1) Any person who has attended any criminal proceedings as a witness for the State shall be entitled to such allowance as may be prescribed by regulation under sub-section (3): Provided that the officer presiding at such proceedings may if he thinks fit direct that no such allowance or only a part of such allowance shall be paid to any such witness.

(2) Subject to any regulation made under sub-section (3) the officer presiding at any criminal proceedings may, if he thinks fit, direct that any person who has attended such proceedings as a witness for the accused shall be paid such allowance as may be prescribed by such regulation, or such lesser allowance as such officer may determine.

(3) The Administrator may by regulation, prescribe a tariff of allowances which may be paid out of public moneys to witnesses in criminal cases and may, by regulation, prescribe different tariffs for witnesses according to their several callings, occupations or station in life, and according also to the distances to be travelled by them to reach the place of trial, preparatory examination or other criminal proceeding, and may, by regulation, further prescribe the circumstances in which any such allowances may be paid to any witness for the accused.

194. No prepayment or tender of expenses shall be necessary in the case of a person who is required to give evidence at a preparatory examination, and who is within five miles of the premises in which such examination is being held.

OATHS AND AFFIRMATIONS

195. (1) No person other than a person described in section *one hundred and ninety-six* or *one hundred and ninety-seven* shall be examined as a witness otherwise than upon oath.

(2) The oath to be administered to any person as a witness shall be administered in the form which most clearly conveys to him the meaning of the oath, and which he considers to be binding on his conscience.

196. (1) In any case where any person who is, or may be required to take an oath objects to do so, it shall be lawful for such person to make an affirmation in the following words — "I do truly affirm and declare that" (here insert the matter to be affirmed or declared). Such affirmation or declaration shall be of the same force and effect as if such person had taken such oath.

(2) Any person authorized, required, or qualified by law to take or administer an oath shall accept, in lieu thereof, an affirmation or declaration as aforesaid.

(3) The same penalties and disabilities which are respectively in force in respect of and are attached to any false or corrupt taking or subscribing of any oath administered in accordance with section *one hundred and ninety-five* and any neglect and refusal in regard thereto, shall apply and attach in like manner in respect of the false or corrupt making or subscribing respectively, of any such affirmation or declaration as in this section mentioned and any neglect and refusal in regard thereto.

197. Any person who, from ignorance arising from youth, defective education, or other cause, is found not to understand the nature, or to recognize the religious

gebied waarin hy woon of tydelik vertoef, aanwesig te wees.

(3) Die bevoegde beampte se relaas wat aantoon dat bestelling van die dagvaarding behoorlik geskied het, tesame met 'n sertifikaat, onderteken deur die griffier of klerk van die hof, ten effekte dat die persoon wie se aanwesigheid deur die dagvaarding vereis was, versuim het om aanwesig te wees toe daar op hom geroep is, en geen wettige verskoning vir die nie-aanwesigheid bewys het nie, word geag voldoende bewys van die nie-aanwesigheid te wees ten einde met bedoelde persoon ingevolge subartikel (2) te handel.

(4) Die uitdrukking „bevoegde beampte" in hierdie artikel, sluit in 'n balju, onderbalju, geregsbode, ondergeregsbode of ander beampte aan wie by wet of hofreël die plig opgedra word om dagvaardings aan getuies in strafsake te bestel.

193. (1) Iemand wat 'n strafsaak as getuie vir die Staat bygewoon het, is geregtig op die toelae wat by regulasie ingevolge subartikel (3) voorgeskryf word: Met dien verstande dat die beampte wat by so 'n saak voorsit, kan gelas, as hy dit goedvind, dat geen sodanige toelae, of net 'n deel daarvan, aan so 'n getuie betaal word.

(2) Behoudens 'n ingevolge subartikel (3) uitgevaardigde regulasie, kan die beampte wat by 'n strafsaak voorsit, gelas, as hy dit goedvind, dat aan iemand wat daardie saak as getuie vir die beskuldigde bygewoon het, die toelae wat by bedoelde regulasie voorgeskrywe word, of so 'n kleiner toelae soos daardie beampte bepaal, betaal word.

(3) Die Administrateur kan by regulasie 'n tarief van toelaes voorskryf wat uit staatsgeld aan getuies in strafsake betaal kan word en kan by regulasie verskillende tariewe vir getuies voorskrywe ooreenkomstig hul onderskeie roepings, beroepe of lewenstand, asook ooreenkomstig die afstande wat deur hulle afgelê moet word om die plek van die verhoor, voorlopige ondersoek of ander strafregtelike geding te bereik, en kan voorts by regulasie die omstandighede waaronder sodanige toelaes aan 'n getuie vir die beskuldigde betaal kan word, voorskrywe.

194. Geen vooruitbetaling of aanbieding van vergoeding van onkoste is nodig in die geval van iemand van wie dit vereis word om by 'n voorlopige ondersoek getuienis af te lê en wat hom binne vyf myl van die perseel waar daardie voorlopige ondersoek gehou word, bevind nie.

EEDAFLEGGING EN BEVESTIGING VAN GETUIENIS

195. (1) Niemand anders behalwe 'n persoon wat in artikel *eenhonderd ses-en-negentig* of *eenhonderd sewen-en-negentig* beskrywe word, word andersins as onder eed as getuie ondervra nie.

(2) Die eed wat iemand as getuie opgelê moet word, word opgelê in die vorm wat aan hom die betekenis van die eed die duidelikste aandui, en wat hy sover dit sy gewete betref as bindend beskou.

196. (1) In 'n geval waar iemand wat verplig is of kan word om 'n eed af te lê, daarteen beswaar maak, kan daardie persoon 'n bevestiging in die volgende bewoording doen: „Ek bevestig en verklaar opreg dat" (voeg hier in wat bevestig of verklaar moet word). So 'n bevestiging of verklaring het dieselfde regskrag en gevolge asof die persoon so 'n eed afgelê het.

(2) Iemand wat regtens gemagtig, verplig of bevoeg is om 'n eed af te neem of op te lê, moet in plaas daarvan 'n bevestiging of verklaring soos voormeld, aanvaar.

(3) Dieselfde strawwe en regsonbevoegdhede wat onderskeidelik geld by en verbonde is aan 'n valse of korrupte aflegging of ondertekening van 'n eed wat ooreenkomstig artikel *eenhonderd vyf-en-negentig* opgelê is, en 'n versuim en weiering in verband daarmee, is op dieselfde wyse van toepassing op, en is op dieselfde wyse verbonde aan, onderskeidelik die valse of korrupte aflegging of ondertekening van 'n in hierdie artikel bedoelde bevestiging of verklaring, en 'n versuim en weiering in verband daarmee.

197. Iemand wat weens onkunde voorspruitende uit sy jeugdigheid, gebrekkige opvoeding of 'n ander rede bevind word nie die aard van 'n eed of bevestiging te be-

(b) in die geval van 'n skuldigbevinding deur 'n ander hof, by die regter wat by die verhoor voorgesit het, of, as hy nie beskikbaar is nie of, in die geval 'n skuldigbevinding deur 'n rondgaande hof, bedoelde hof nie sitting hou nie, by 'n ander regter van die Hooggeregshof,

aansoek doen om verlof om na die appelhof teen sy skuldigbevinding of teen enige vonnis of bevel wat daarop gevolg het, te appelleer, en 'n beskuldigde wat op grond van 'n pleit van skuldig voor so 'n hof aan 'n misdryf skuldig bevind is, kan binne dieselfde tydperk aansoek doen om verlof om aldus teen 'n vonnis of bevel wat daarop gevolg het, te appelleer en 'n beskuldigde wat op grond van 'n pleit van skuldig voor so 'n hof aan 'n misdryf skuldig bevind is, kan binne dieselfde tydperk aansoek doen om verlof om aldus teen 'n vonnis of bevel wat daarop gevolg het, te appelleer.

(2) Iedere aansoek om verlof om te appelleer moet die gronde waarop die beskuldigde wil appelleer, duidelik en uitdruklik uiteensit: Met dien verstande dat as die beskuldigde onmiddellik na die oplegging van vonnis mondeling om sodanige verlof aansoek doen, hy daardie gronde moet opgee, en dit word op skrif gestel en maak deel van die notule uit.

(3) As 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om verlof tot appèl toegestaan word, laat die griffier van die hof wat so 'n aansoek toestaan, sonder versuim dienooreenkomstig aan die griffier van die appèlhof kennis gee, en 'n gesertifiseerde afskrif van die notule, met inbegrip van afskrifte van die getuienis, hetsy dit mondeling of dokumentêr is, wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is, en 'n opgaaf van die gronde van appèl, aan bedoelde griffier deurstuur: Met dien verstande dat, in plaas van die notule in die geheel, afskrifte (een waarvan gesertifiseer moet wees) van die gedeeltes van die notule wat die Prokureur-generaal en die beskuldigde by ooreenkoms as voldoende bepaal, met toestemming van die beskuldigde en die Prokureur-generaal deurgestuur kan word, in watter geval die appèlhof nogtans kan gelas dat die notule in die geheel voorgelê word.

(4) As 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om verlof tot appèl geweier word, kan die beskuldigde binne 'n tydperk van een-en-twintig dae na die weiering, of binne so 'n langer tydperk soos om gegronde redes toegelaat word, by wyse van versoekskrif aan die Hoofregter gerig, sy aansoek aan die appèlhof voorlê, en moet hy terselfdertyd aan die griffier van die Hooggeregshof skriftelik kennis gee dat dit gedoen is. Daardie griffier stuur 'n afskrif van die aansoek om verlof tot appèl en van die redes vir die weiering van die aansoek aan die appèlhof.

(5) Die versoekskrif kan in kamers oorweeg word deur die Hoofregter of deur enige ander regter van die appèlhof na wie dit deur die Hoofregter verwys word.

(6) Die regter wat die versoekskrif oorweeg, kan—

(i) enige verdere inligting van die regter wat by die verhoor voorgesit het, aanvra; of

(ii) gelas dat die aansoek op 'n bepaalde tyd en plek voor hom beredeneer word; of

(iii) hetsy hy ingevolge paragraaf (i) of (ii) gehandel het of nie, die aansoek toestaan of weier; of

(iv) die aangeleentheid na die appèlhof vir oorweging, hetsy na beredenering of andersins, verwys, en die appèlhof kan dan die aansoek toestaan of weier.

(7) The decision of a judge of the court of appeal, or of the court of appeal, as the case may be, to grant or refuse the application, shall be final.

(8) Notice shall be given to the attorney-general concerned and the accused of the date fixed for the hearing of any application under this section, and of any place appointed under sub-section (6) for any hearing.

351. (1) If an accused thinks that any of the proceedings in connection with or during his trial before a superior court are irregular or not according to law, he may, either during his trial or within a period of fourteen days after his conviction, or within such extended period as may on good cause be allowed, apply for a special entry to be made on the record stating in what respect the proceedings are alleged to be irregular or not according to law and such a special entry shall, upon such application, be made unless the court to which or the judge to whom application is made is of opinion that the application is not made *bona fide,* or that it is frivolous or absurd, or that the granting of the application would be an abuse of the process of the court.

(2) Save as hereinafter provided the application shall be made to the judge who presided at the trial, or if he is not available, or if in the case of a conviction before a circuit court, the said court is not sitting, to any other judge of the Supreme Court.

(3) If the accused was convicted by a special criminal court, the application shall be made to that court, or if that court is not sitting, to any judge who was a member of that court, or if no such judge is available, to any judge of the Supreme Court.

(4) The terms of a special entry shall be settled by the court which or the judge who grants the application.

(5) If an application under sub-section (1) is refused, the accused may, within a period of twenty-one days of such refusal, or within such extended period as may on good cause be allowed, by petition addressed to the Chief Justice, apply to the court of appeal for a special entry to be made on the record stating in what respect the proceedings are alleged to be irregular or not according to law and thereupon the provisions of sub-secions (5), (6), (7) and (8) of section *three hundred and fifty* shall, *mutatis mutandis,* apply.

352. (1) If a special entry is made on the record, the person convicted may appeal to the court of appeal against his conviction on the ground of the irregularity or illegality stated in the special entry if, within a period of twenty-one days after entry is so made, or within such extended period as may on good cause be allowed, notice of appeal has been given to the registrar of the court of appeal and to the registrar of the Supreme Court.

(2) The registrar of the Supreme Court shall forthwith after receiving such notice, give notice thereof to the attorney-general, and shall transmit to the registrar of the court of appeal a certified copy of the record including copies of the evidence, whether oral or documentary, taken or admitted at the trial and of the special entry made in manner aforesaid: Provided that, with the consent of the accused and the attorney-general, the registrar concerned may, instead of transmitting the whole record, transmit copies, one of which shall be certified, of such parts of the record as may be agreed upon by the attorney-general and the accused to be sufficient, in which event the court of appeal may nevertheless call for the production of the whole record.

353. (1) If any question of law arises on the trial in a superior court of any person for any offence, that court may, of its own motion or at the request either of the prosecutor or the accused, reserve that question for the consideration of the court of appeal, and thereupon the first-mentioned court shall state the question reserved, and

(7) Die beslissing van 'n regter van die appèlhof, of van die appèlhof, na gelang, om die aansoek toe te staan of te weier, is afdoende.

(8) Kennis van die dag wat vir die verhoor van 'n aansoek ingevolge hierdie artikel bepaal is, en van die plek ingevolge subartikel (6) vir enige verhoor bepaal, moet aan die betrokke prokureur-generaal en die beskuldigde gegee word.

351. (1) As 'n beskuldigde meen dat enige van die verrigtinge in verband met of gedurende sy verhoor voor 'n hoër hof onreëlmatig of met die reg strydig is, kan hy òf gedurende sy verhoor òf binne 'n tydperk van veertien dae na sy skuldigbevinding òf binne die langer tydperk wat om gegronde redes toegelaat word, aansoek doen dat op die notule 'n spesiale aantekening aangebring word wat aangee in watter opsig die verrigtinge na bewering onreëlmatig of met die reg strydig is, en op so 'n aansoek word so 'n spesiale aantekening gedoen, tensy die hof of die regter aan wie die aansoek gerig word, meen dat die aansoek nie te goeder trou gedoen word nie, of dat dit beuselagtig of onsinnig is, of dat die toestaan van die aansoek op 'n misbruik van geregtelike proses sal neerkom.

(2) Behalwe soos hieronder bepaal, word die aansoek gerig aan die regter wat by die verhoor voorgesit het of, as hy nie beskikbaar is nie of, in die geval van 'n skuldigbevinding deur 'n rondgaande hof, bedoelde hof nie sitting hou nie, aan 'n ander regter van die Hooggeregshof.

(3) As die beskuldigde deur 'n spesiale strafhof skuldig bevind is, word die aansoek gerig aan daardie hof of, indien daardie hof nie sitting hou nie, aan 'n regter wat 'n lid van daardie hof was of, as so 'n regter nie beskikbaar is nie, aan 'n regter van die Hooggeregshof.

(4) Die bewoording van 'n spesiale aantekening word bepaal deur die hof of die regter wat die aansoek toestaan.

(5) As 'n aansoek ingevolge subartikel (1) geweier word, kan die beskuldigde binne 'n tydperk van een-en-twintig dae vanaf so 'n weiering of binne so 'n langer tydperk soos om gegronde redes toegelaat word, by wyse van versoekskrif aan die Hoofregter gerig, by die appèlhof aansoek doen dat op die notule 'n spesiale aantekening gedoen word wat aangee in watter opsig die verrigtinge na bewering onreëlmatig of met die reg strydig is, en daarna is die bepalings van subartikels (5), (6), (7) en (8) van artikel *driehonderd-en-vyftig mutatis mutandis* van toepassing.

352. (1) As 'n spesiale aantekening op die notule gedoen word, kan die persoon wat skuldig bevind is op grond van die onreëlmatigheid of strydigheid met die reg wat in die spesiale aantekening aangegee word, teen sy skuldigbevinding na die appèlhof appelleer, as kennis van appèl binne 'n tydperk van een-en-twintig dae nadat die aantekening aldus gedoen is of binne so 'n langer tydperk soos om gegronde redes toegelaat word, gegee is aan die griffier van die appèlhof en aan die griffier van die Hooggeregshof.

(2) Nadat die griffier van die Hooggeregshof sodanige kennis ontvang het, gee hy onverwyld kennis daarvan aan die Prokureur-generaal en stuur hy 'n gesertifiseerde afskrif van die notule, met inbegrip van afskrifte van die getuienis hetsy dit mondeling of dokumentêr is, wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is, en van die spesiale aantekening wat op voormelde wyse gedoen is, aan die griffier van die appèlhof deur: Met dien verstande dat in plaas van die notule in die geheel deur te stuur die betrokke griffier, met toestemming van die beskuldigde en die prokureur-generaal, afskrifte, een waarvan gesertifiseer moet wees, van die gedeeltes van die notule wat die Prokureur-generaal en die beskuldigde by ooreenkoms as voldoende bepaal, kan deurstuur, in watter geval die appèlhof nogtans kan gelas dat die notule in die geheel voorgelê word.

353. (1) As 'n regsvraag by die verhoor van iemand in 'n hoër hof weens 'n misdryf ontstaan, kan daardie hof uit eie beweging of op versoek van òf die aanklaer òf die beskuldigde daardie vraag vir oorweging deur die appèlhof voorbehou, en daarop sit eersgenoemde hof die vraag wat voorbehou word, uiteen en gelas dat dit spe-

shall direct that it be specially entered in the record and that a copy thereof be transmitted to the registrar of the court of appeal.

(2) The grounds upon which any exception or objection to an indictment is taken shall, for the purposes of this section, be deemed to be questions of law.

(3) The provisions of sub-sections (2), (3), (4) and (5) of section *three hundred and fifty-one* and of subsection (2) of section *three hundred and fifty-two* shall apply *mutatis mutandis* to all proceedings under this section.

354. The judge or judges (as the case may be) of any court before whom a person is convicted shall, in the case of an appeal under section *three hundred and fifty,* or of an application for a special entry under section *three hundred and fifty-one,* or for the reservation of a question of law under section *thee hundred and fifty-three,* or, in the case of an application made to the court of appeal for leave to appeal or for a special entry under this Ordinance, furnish to the registrar a report giving his (or their) opinion upon the case or upon any point arising in the case, and such report, which shall form part of the record, shall, without delay, be forwarded by the registrar to the registrar of the court of appeal.

355. The execution of the sentence of a superior court shall not be suspended by reason of any appeal against a conviction or by reason of a question having been reserved for consideration of the court of appeal, unless —

(a) the sentence is that the accused suffer death or be whipped, in either of which cases the sentence shall not be executed until the appeal or question reserved has been heard and decided; or

(b) the superior court from which the appeal is made or by which the question is reserved thinks fit to order that the accused be released on bail or, that he be treated as an unconvicted prisoner until the appeal or the question reserved has been heard and decided:

Provided that, when the accused is ultimately sentenced to imprisonment, the time during which he was so released on bail shall be excluded in computing the term for which he is so sentenced: Provided further that when the accused has been detained as an unconvicted prisoner as hereinbefore provided, the time during which he has been so detained shall be included or excluded in computing the terms for which he is ultimately sentenced, as the court of appeal may determine.

356. (1) In case of any appeal against a conviction or any question being reserved as aforesaid, the court of appeal may —

(a) allow the appeal if it thinks that the judgment of the trial court should be set aside on the ground of a wrong decision of any question of law or that on any ground there was a failure of justice; or

(b) give such judgment as ought to have been given at the trial, or impose such punishment as ought to have been imposed at the trial; or

(c) make such other order as justice may require:

Provided that, notwithstanding that the court of appeal is of opinion that any point raised might be decided in favour of the accused, no conviction or sentence shall be set aside or altered by reason of any irregularity or defect in the record or proceedings, unless it appears to the court of appeal that a failure of justice has, in fact, resulted from such irregularity or defect.

(2) Upon an appeal under section *three hundred and fifty* against any sentence, the court of appeal may confirm the sentence, or may delete or amend the sentence and impose such punishment as ought to have been imposed at the trial.

(3) Where a question of law has been reserved on the application of a prosecutor in the case of an acquittal, and the court of appeal has given a decision in favour of the prosecutor, the court of appeal may order that such

siaal in die notule aangeteken word en dat 'n afskrif daarvan aan die griffier van die appèlhof deurgestuur word.

(2) Die gronde waarop 'n eksepsie of beswaar teen 'n akte van beskuldiging opgewerp word, word by die toepassing van hierdie artikel geag regsvrae te wees.

(3) Die bepalings van subartikels (2), (3) (4) en (5) van artikels *driehonderd een-en-vyftig* van subartikel (2) van artikel *driehonderd twee-en-vyftig* is *mutatis mutandis* op alle verrigtinge ingevolge hierdie artikel van toepassing.

354. Die regter of regters (na gelang) van 'n hof voor wie iemand skuldig bevind word, moet, in die geval van 'n appèl ingevolge artikel *driehonderd en vyftig* of van 'n aansoek dat 'n spesiale aantekening ingevolge artikel *driehonderd een-en-vyftig* gedoen of dat 'n regsvraag ingevolge artikel *driehonderd drie-en-vyftig* voorbehou word, of in die geval van 'n aansoek by die appèlhof om verlof om te appelleer of dat 'n spesiale aantekening ingevolge hierdie ordonnansie gedoen word, aan die griffier 'n verslag verstrek wat sy (of hul) sienswyse oor die saak of oor enige vraag wat in die loop daarvan ontstaan het, aangee, en daardie verslag, wat deel van die notule uitmaak, word sonder versuim deur die griffier aan die griffier van die appèlhof deurgestuur.

355. Die tenuitvoerlegging van 'n vonnis van 'n hoër hof word nie ten gevolge van 'n appèl teen 'n skuldigbevinding of ten gevolge van die voorbehoud van 'n vraag vir oorweging deur die appèlhof opgeskort nie, tensy —

(a) die vonnis lui dat die beskuldigde die doodstraf of lyfstraf moet ondergaan, in elk van watter gevalle die vonnis nie ten uitvoer gelê word voordat die appèl of voorbehoue vraag verhoor en daaroor beslis is nie; of

(b) die hoër hof van wie die appèl afkomstig is of deur wie die vraag voorbehou word, dit goedvind om te gelas dat die beskuldigde op borgtog vrygelaat word of dat hy as 'n onveroordeelde gevangene behandel word totdat die appèl of die voorbehoue vraag verhoor en daaroor beslis is: Met dien verstande dat as die beskuldigde uiteindelik tot gevangenisstraf gevonnis word, die tydperk waarin hy aldus op borgtog vrygelaat is by die berekening van die tydperk van die aldus opgelegde gevangenisstraf uitgesluit word: Met dien verstande voorts dat as die beskuldigde soos hierbo bepaal as 'n onveroordeelde gevangene aangehou is, dit tydperk waarin hy aldus aangehou is by die berekening van die tydperk van die uiteindelik opgelegde gevangenisstraf in- of uitgesluit word, na gelang die appèlhof beslis.

356, (1) Ingeval van 'n appèl teen 'n skuldigbevinding, of ingeval 'n vraag voorbehou word, soos voormeld, kan die appèlhof —

(a) die appèl handhaaf as hy meen dat die uitspraak van die verhoorhof op grond van 'n verkeerde beslissing oor 'n regsvraag tersyde gestel behoort te word of dat om enige rede geregtigheid nie geskied het nie; of

(b) die uitspraak gee wat by die verhoor behoort gegee te gewees het, of die vonnis oplê wat by die verhoor opgelê behoort te gewees het; of

(c) so 'n ander bevel soos geregtigheid vereis, uitreik:

Met dien verstande dat al meen die appèlhof dat 'n vraag wat geopper word ten gunste van die beskuldigde beslis sou kan word, geen skuldigbevinding of vonnis op grond van 'n onreëlmatigheid of gebrek ten opsigte van die notule of verrigtinge tersyde gestel of gewysig word nie, tensy dit na die mening van die appèlhof blyk dat ten gevolge van so 'n onreëlmatigheid of gebrek, geregtigheid inderdaad nie geskied het nie.

(2) By 'n appèl ingevolge artikel *driehonderd-en-vyftig* teen 'n vonnis kan die appèlhof die vonnis bekragtig, of dit tersyde stel of wysig en die straf oplê wat by die verhoor behoort opgelê te gewees het.

(3) Wanneer 'n regsvraag op aansoek van die aanklaer in die geval van 'n onskuldigbevinding voorbehou is en die appèlhof ten gunste van die aanklaer beslis het, kan die appèlhof beveel dat sodanige van die in artikel

of the steps referred to in section *three hundred and fifty-seven* be taken as the court may direct.

(4) The order of direction of the court of appeal shall be transmitted by the registrar of the court of appeal to the registrar of the court before which the case was tried, and such order or direction shall be carried into effect and shall authorize every person affected by it to do whatever is necessary to carry it into effect.

(5) In exercising its powers under any of the preceding sub-sections the court of appeal shall not impose any punishment more severe than the sentence imposed by the court below.

357. Whenever a conviction and sentence are set aside by the court of appeal on the ground that —

(a) the court which convicted the accused was not competent to do so; or

(b) the indictment on which the accused was convicted was invalid or defective in any respect; or

(c) there has been any other technical irregularity or defect in the procedure,

proceedings in respect of the same offence to which the conviction and sentence referred may again be instituted either on the original charge, suitably amended where necessary, or upon any other charge as if the accused had not previously been arraigned, tried and convicted: Provided that no judge or judicial officer before whom the original trial took place shall take part in such proceedings.

CHAPTER XX.

PARDON AND COMMUTATION

358. Nothing in this Ordinance or the law relating to prisons shall affect the State President's power of pardon.

359. (1) In any case in which the State President is empowered to extend a conditional reprieve to a person under sentence of death, he may, without the consent of that person, commute the punishment to any other punishment provided by law.

(2) Any such commutation is to be signified in writing to the Administrator who is required thereupon to allow the said person the benefit of the conditional pardon and to make an order that he be punished in the manner directed by the State President and such allowance and order shall have the effect of a valid sentence passed by the court before which the said person was convicted.

360. A free or unconditional pardon by the State President shall have the effect of discharging the convicted person from the consequences of the conviction.

361. In any case in which the State President is empowered to reprieve a person under sentence of imprisonment, he may reprieve such person upon condition that he enters into a recognizance on conditions as in the case of persons discharged by the court upon suspension of the execution of a sentence and thereupon the said person shall be liable to the same obligations and shall be dealt with in all respects in the same manner as a person discharged by the court on recognizance upon such suspension.

CHAPTER XXI.

GENERAL AND SUPPLEMENTARY

362. Every warrant or summons or other process relating to any criminal matter shall be of force throughout and may be executed anywhere within the Territory.

363. (1) Unless some other period is expressly provided, any notice or document required to be served upon an accused shall be served by delivering it to the accused ten days at least before the day specified therein for his trial, if his trial is to be before a superior court or two

driehonderd sewen-en-vyftig bedoelde stappe gedoen word soos die hof gelas.

(4) Die bevel of opdrag van die appèlhof word deur die griffier van die appèlhof aan die griffier van die hof voor wie die saak verhoor is, gestuur, en so 'n bevel of opdrag word ten uitvoer gebring en magtig iedereen wat daardeur geraak word om alles te doen wat nodig is om dit ten uitvoer te bring.

(5) By die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge een of ander van die voorafgaande subartikels, lê die appèlhof nie 'n swaarder straf op as die wat die laer hof opgelê het nie.

357. Wanneer 'n skuldigbevinding en vonnis deur die appèlhof tersyde gestel word op grond daarvan dat —

(a) die hof wat die beskuldigde skuldig bevind het, nie bevoeg was om dit te doen nie; of

(b) die akte van beskuldiging ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is, ongeldig of in enige opsig gebreklik was; of

(c) daar 'n ander tegniese onreëlmatigheid of gebrek by die prosedure was,

kan 'n vervolging ten opsigte van dieselfde misdryf waarop die skuldigbevinding en vonnis betrekking gehad het, hetsy op die oorspronklike aanklag, met gepaste wysigings waar nodig, of op 'n ander aanklag, weer ingestel word asof die beskuldigde nie vantevore voorgebring, verhoor en skuldig bevind was nie: Met dien verstande dat geen regter of regterlike beampte voor wie die oorspronklike verhoor gedien het, aan sodanige verrigtinge mag deelneem nie.

HOOFSTUK XX.

BEGENADIGING EN STRAFVERSAGTING.

358. Geen bepaling van hierdie ordonnansie of die wet op gevangenisse doen aan die Staatspresident se bevoegdheid van begenadiging afbreuk nie.

359. (1) Die Staatspresident kan in enige geval waar hy bevoeg is om grasie voorwaardelik te verleen aan iemand wat ter dood veroordeel is, sonder die toestemming van daardie persoon die straf tot enige ander straf wat regtens opgelê kan word, versag.

(2) So 'n strafversagting word skriftelik tot die kennis van die Administrateur gebring wat daarop aan bedoelde persoon die voordeel van die voorwaardelike grasie vergun en 'n bevel uitreik dat hy op die wyse deur die Staatspresident gelas, gestraf word, en so 'n vergunning en bevel het die uitwerking van 'n geldige vonnis wat opgelê is deur die hof voor wie bedoelde persoon skuldig bevind is.

360. 'n Algehele of onvoorwaardelike grasie deur die Staatspresident verleen, het die uitwerking dat die veroordeelde van die gevolge van die skuldigbevinding bevry word.

361. In 'n geval waar die Staatspresident bevoeg is om grasie te verleen aan iemand wat tot gevangenisstraf gevonnis is, kan hy die grasie verleen op voorwaarde dat bedoelde persoon 'n borgakte aangaan op dieselfde voorwaarde as in die geval van persone wat deur die hof met opskorting van die tenuitvoerlegging van 'n vonnis ontslaan word, en daarop is bedoelde persoon aan dieselfde verpligtinge onderhewig en word in alle opsigte op dieselfde wyse met hom gehandel as in die geval van 'n persoon wat deur die hof by sodanige opskorting op borgtog vrygelaat is.

HOOFSTUK XXI.

ALGEMENE EN AANVULLENDE BEPALINGS.

362. Iedere lasbrief of dagvaarding of ander geregtelike stuk wat betrekking het op 'n strafsaak, is dwarsdeur die Gebied van krag en kan op enige plek daarbinne ten uitvoer gelê word.

363. (1) Tensy 'n ander tydperk uitdruklik voorgeskryf word, word 'n kennisgewing of dokument wat aan 'n beskuldigde bestel moet word, bestel deur dit aan die beskuldigde te oorhandig minstens tien dae voor die datum daarin vir sy verhoor aangedui, as sy verhoor voor 'n hoër hof moet plaasvind of minstens twee dae (met

days at least (Sundays and public holidays excluded) before that day if his trial is to be before an inferior court, or, where the accused cannot be found, by leaving a copy of the notice or document with a member of his household at his dwelling or, if no person belonging to his household can be found, then by affixing such copy to the principal outer door of the said dwelling or of any place where he actually resides or was last known to reside.

(2) Where the accused has been released on bail, any such notice or document may either be served upon him personally or left at the place specified in the recognizance as that at which any notice of trial and service of the indictment or summons may be made.

(3) The officer serving any such notice or document as aforesaid shall forthwith deliver or transmit to the official from whom he has received the notice or document for service a return of the mode in which service was made and such return shall be *prima facie* evidence that the service of the notice or document was made in the manner and form as in the return stated.

(4) Members of any police force shall, subject to the rules of court, be as qualified to serve any notice or document under this Ordinance as if they had been appointed deputy-sheriffs or deputy-messengers or other like officers of the court.

364. Whenever it is necessary to prove service of any summons, subpoena, notice, or other process or the execution of any judgment or warrant under this Ordinance, the service or execution may be proved by affidavit made before a justice or commissioner of oaths having jurisdiction to take affidavits in the district wherein the affidavit is made, or in any other manner in which the service or execution might have been proved if it had been effected in the district or other area from which the summons, subpoena, notice, or other process or judgment or warrant emanated.

365. Any summons, writ, warrant, rule, order, notice or other process, document, or communication which by any law, rule of court, or agreement of parties is required or directed to be served or executed upon any person, or left at the house or place of abode or business of any person, in order that such person may be affected thereby, may be transmitted by telegraph, and a telegraphic copy served or executed upon such person, or left at his house or place of abode or business, shall be of the same force and effect as if the original had been shown to, or a copy thereof served or executed upon such person, or left as aforesaid, as the case may be.

366. Whenever a person has made to a peace officer a statement in writing or a statement which was reduced to writing, relating to any transaction, and criminal proceedings are thereafter instituted in connection with that transaction, any person in possession of such statement shall furnish the person who made the statement, at his request, with a copy of such statement.

367. (1) For the purpose of imposing upon a corporate body criminal liability for any offence, whether under any law or at common law —

(a) any act performed, with or without a particular intent, by or on instructions or with permission, express or implied, given by a director or servant of that corporate body; and

(b) the omission, with or without a particular intent, of any act which ought to have been but was not performed by or on instructions given by a director or servant of that corporate body,

in the exercise of his powers or in the performance of his duties as such director or servant, or in furthering or endeavouring to further the interests of that corporate body, shall be deemed to have been performed (and with the same intent, if any) by that corporate body or, as the case may be, to have been an omission (and with the same intent, if any) on the part of that corporate body.

uitsluiting van Sondae en openbare feesdae) voor daardie datum as sy verhoor voor 'n laer hof moet plaasvind, of, as die beskuldigde nie gevind kan word nie, deur 'n afskrif van die kennisgewing of dokument by 'n lid van sy huisgesin by sy woning te laat of, as geen lid van sy huisgesin gevind kan word nie, dan deur so 'n afskrif te heg aan die hoof-buitedeur van bedoelde woning of van die plek waar hy inderdaad woon of volgens die jongste inligting gewoon het.

(2) Wanneer die beskuldigde op borgtog vrygelaat is, kan so 'n kennisgewing of dokument òf aan hom persoonlik bestel word òf gelaat word by die plek aangedui in die borgakte as die plek waar 'n kennisgewing van verhoor en die akte van beskuldiging of dagvaarding bestel kan word.

(3) Die beampte wat so 'n kennisgewing of dokument soos voormeld bestel, moet onverwyld aan die beampte van wie hy die kennisgewing of dokument vir bestelling ontvang het, 'n relaas van die wyse waarop bestelling geskied het, oorhandig of stuur, en so 'n relaas is *prima facie bewys* dat bestelling van die kennisgewing of dokument geskied het op die wyse en in die vorm in die relaas vermeld.

(4) Lede van 'n polisiemag is, behoudens die hofreëls, net so bevoeg om 'n kennisgewing of dokument ingevolge hierdie ordonnansie te bestel, asof hulle as onderbalju's of ondergeregsbodes of ander soortgelyke hofbeamptes aangestel was.

364. Wanneer die bestelling van 'n dagvaarding, getuiedagvaarding, kenisgewing of ander prosesstuk of die tenuitvoerlegging van 'n vonnis of lasbrief ingevolge hierdie ordonnansie bewys moet word, kan die bestelling of tenuitvoerlegging bewys word by wyse van 'n beëdigde verklaring afgelê voor 'n vrederegter of kommissaris van ede wat bevoeg is om beëdigde verklarings af te neem in die distrik waarin die beëdigde verklaring afgelê word, of op enige ander wyse waarop die bestelling of tenuitvoerlegging bewys sou kon word as dit plaasgevind het in die distrik of ander gebied waaruit die dagvaarding, getuiedagvaarding, kennisgewing of ander prosesstuk of vonnis of lasbrief kom.

365. 'n Dagvarding, bevelskrif, lasbrief, reël, bevel, kennisgewing of ander prosesstuk, dokument of mededeling wat ingevolge 'n wet, hofreël of ooreenkoms tussen partye aan iemand bestel of ten aansien van hom uitgevoer moet word, of by die huis of woning of besigheidsplek van iemand gelaat moet word ten einde vir daardie persoon bindend te wees, kan telegrafies oorgesend word, en 'n telegrafiese afskrif wat aan daardie persoon bestel of ten aansien van hom uitgevoer word, of by sy huis of woning of besigheidsplek gelaat word, het diesefde regskrag en gevolg asof die oorspronklike aan daardie persoon getoon is of 'n afskrif daarvan aan hom bestel is of ten aansien van hom uitgevoer is soos voormeld gelaat is, na gelang.

366. Wanneer iemand in verband met 'n handeling aan 'n vredesbeampte 'n skriftelike verklaring verstrek het, of 'n verklaring wat neergeskryf is, en 'n vervolging daarna met betrekking tot daardie handeling ingestel word, moet enigiemand wat so 'n verklaring in sy besit het, aan die persoon wat die verklaring afgelê het op sy versoek 'n afskrif van daardie verklaring verstrek.

367. (1) Ten einde 'n regspersoon strafregtelike aanspreeklikheid op te lê weens 'n misdryf, hetsy wetteregtelik of gemeenregtelik, word —

(a) enige daad wat deur of in opdrag of met uitdruklike of stilswyende toestemming van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, met of sonder 'n besondere opset, verrig word; en

(b) die versuim, met of sonder 'n besondere opset, om 'n daad te verrig wat verrig moes geword het maar nie verrig is nie, deur of in opdrag van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon,

by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte as so 'n direkteur of dienaar, of ter bevordering of gepoogde bevordering van die belange van daardie regspersoon, geag 'n daad met dieselfde opset, as daar opset by is, deur daardie regspersoon verrig te gewees het of, na gelang, 'n versuim en met dieselfde opset, as daar opset by is, aan die kant van daardie regspersoon te gewees het.

(2) In any prosecution against a corporate body, a director or servant of that corporate body shall be cited, as representative of that corporate body, as the offender, and thereupon the person so cited may, as such representative, be dealt with as if he were the person accused of having committed the offence in question: Provided that —

(a) if the said person pleads guilty, the plea shall not be valid unless the corporate body authorized him to plead guilty;

(b) if at any stage of the proceedings the said person ceases to be a director or servant of that corporate body or absconds or is unable to attend, the court or magistrate concerned may, at the request of the prosecutor, from time to time substitute for the said person, any other person who is a director or servant of the said corporate body at the time of the said substitution, and thereupon the proceedings shall continue as if no substitution had taken place;

(c) if the said person, as representing the corporate body, is committed for trial, he shall not be committed to prison but shall be released on his own recognizance to stand his trial;

(d) if the said person, as representing the corporate body, is convicted, the court convicting him shall not impose upon him in his representative capacity any punishment, whether direct or as an alternative, other than a fine, even if the relevant law makes no provision for the imposition of a fine in respect of the offence in question, and such fine shall be payable by the corporate body and may be recovered by attachment and sale of any property of the corporate body in terms of section *three hundred and twenty-two;*

(e) the citation of a director or servant of a corporate body as aforesaid, to represent that corporate body in any prosecution instituted against it, shall not exempt that director or servant from prosecution for that offence in terms of sub-section (5).

(3) In any criminal proceedings against a corporate body, any record which was made or kept by a director, servant or agent of the corporate body within the scope of his activities as such director, servant or agent, or any document which was at any time in the custody or under the control of any such director, servant or agent within the scope of his activities as such director, servant or agent, shall be admissible in evidence against the accused.

(4) For the purposes of sub-section (3) any record made or kept by a director, servant or agent of a corporate body or any document which was at any time in his custody or control shall be presumed to have been made or kept by him or to have been in his custody or control within the scope of his activities as such director, servant or agent, unless the contrary is proved.

(5) When an offence has been committed, whether by the performance of any act or by the failure to perform any act, for which any corporate body is or was liable to prosecution, any person who was, at the time of the commission of the offence, a director or servant of the corporate body, shall be deemed to be guilty of the said offence, unless it is proved that he did not take part in the commission of the offence, and that he could not have prevented it, and shall be liable to prosecution therefor, either jointly with the corporate body or apart therefrom, and shall on conviction be personally liable to punishment therefor.

(6) In any proceedings against a director or servant of a corporate body, in respect of an offence —

(a) any evidence which would be or was admissible against that corporate body in a prosecution for that offence, shall be admissible against the accused;

(b) whether or not such corporate body is or was liable to prosecution for the said offence, any document, memorandum, book or record which was drawn

(2) By 'n vervolging teen 'n regspersoon, word 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, in die hoedanigheid van verteenwoordiger van daardie regspersoon, as die oortreder gedaag, en met die aldus gedaagde persoon kan dan, as so 'n verteenwoordiger, gehandel word asof hy die persoon was wat beskuldig word dat hy die betrokke misdryf gepleeg het: Met dien verstande dat —

(a) as bedoelde persoon skuldig pleit, die pleit nie geldig is nie tensy die regspersoon hom gemagtig het om skuldig te pleit;

(b) as bedoelde persoon in enige stadium van die saak ophou om 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon te wees of vlug of nie in staat is om aanwesig te wees nie, die betrokke hof of landdros op versoek van die aanklaer van tyd tot tyd bedoelde persoon kan vervang deur iemand anders wat ten tyde van so 'n plaasvervanging 'n direkteur of dienaar van bedoelde regspersoon is, en die verrigtinge dan voortgaan asof geen plaasvervanging geskied het nie;

(c) as bedoelde persoon, as verteenwoordiger van die regspersoon ter strafsitting verwys word, hy nie na die gevangenis verwys word nie maar op sy eie borgakte vrygelaat word om op verhoor gestel te word;

(d) as bedoelde persoon, as verteenwoordiger van die regspersoon, skuldig bevind word, die hof wat hom skuldig bevind, hom in sy verteenwoordigende hoedanigheid geen straf, hetsy regstreeks of as alternatief, behalwe 'n boete, oplê nie, selfs as die toepaslike wetsbepaling vir die oplegging van 'n boete ten opsigte van die betrokke misdryf geen voorsiening maak nie, en sodanige boete deur die regspersoon betaalbaar is en deur beslaglegging op en verkoping van enige eiendom van die regspersoon, ingevolge artikel *driehonderd twee-en-twintig* verhaal kan word;

(e) die daging van 'n direkteur of dienaar van 'n regspersoon soos voormeld om daardie regspersoon by 'n vervolging wat daarteen ingestel word, te verteenwoordig, daardie direkteur of dienaar nie van 'n vervolging weens daardie misdryf ingevolge subartikel (5) vrystel nie.

(3) By 'n strafsaak teen 'n regspersoon is enige aantekening deur 'n direkteur, dienaar of agent van die regspersoon binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige direkteur, dienaar of agent gedoen of gehou, of enige dokument wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer van so 'n direkteur, dienaar of agent was, as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar.

(4) By die toepassing van subartikel (3) word enige aantekening deur 'n direkteur, dienaar of agent van 'n regspersoon gedoen of gehou of enige dokument wat te eniger tyd in sy bewaring of onder sy beheer was, vermoed deur hom binne die bestek van sy werksaamhede as so 'n direkteur, dienaar of agent, gedoen of gehou te gewees het of in sy bewaring of onder sy beheer te gewees het tensy die teendeel bewys word.

(5) Wanneer 'n misdryf gepleeg is hetsy deur die verrigting van 'n daad of deur die versuim om 'n daad te verrig, waarvoor 'n regspersoon vervolg kan word of kon geword het, word enigiemand wat ten tyde van die pleeg van die misdryf 'n direkteur of dienaar van die regspersoon was, geag aan bedoelde misdryf skuldig te wees tensy dit bewys word dat hy nie aan die pleeg van die misdryf deelgeneem het en dit nie kon verhoed het nie, en kan hy saam met die regspersoon of afsonderlik weens daardie misdryf aangekla word, en by skuldigbevinding persoonlik daarvoor gestraf word.

(6) By 'n strafsaak teen 'n direkteur of dienaar van 'n regspersoon weens 'n misdryf —

(a) is getuienis wat teen daardie regspersoon by 'n vervolging weens daardie misdryf toelaatbaar sou wees of was, teen die beskuldigde toelaatbaar;

(b) is 'n dokument, memorandum, boek of aantekening wat in die gewone loop van die besigheid van die regspersoon opgestel, aangeteken of gehou is, of wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer was van 'n direkteur, dienaar of agent van

up, entered up or kept in the ordinary course of that corporate body's business, or which was at any time in the custody or under the control of any director, servant, or agent of such corporate body, in his capacity as director, servant or agent, shall be *prima facie* evidence of its contents and admissible in evidence against the accused, unless and until he is able to prove that at all material times he had no knowledge of the said document, memorandum, book or record, in so far as its contents are relevant to the offence charged, and was in no way party to the drawing up of such document or memorandum or making of any relevant entries in such book or record.

(7) When a member of an association of persons, other than a corporate body, has in carrying on the business or affairs of that association or in furthering or in endeavouring to further its interests committed an offence, whether by the performance of any act or by the failure to perform any act, any person who was, at the time of the commission of the offence, a member of that association, shall be deemed to be guilty of the said offence, unless it is proved that he did not take part in the commission of the offence, and that he could not have prevented it: Provided that if the business or affairs of the association are governed or controlled by a committee or other similar governing body, the provisions of this sub-section shall not apply to any person who was not at the time of the commission of the offence a member of that committee or other body.

(8) In any proceedings against a member of an association of persons in respect of an offence mentioned in sub-section (7) any record which was made or kept by any member or servant or agent of the association within the scope of his activities as such member, servant or agent or any document which was at any time in the custody or under the control of any such member, servant or agent within the scope of his activities as such member, servant or agent, shall be admissible in evidence against the accused.

(9) For the purposes of sub-section (8) any record made or kept by a member or servant or agent of an association or any document which was at any time in his custody or control shall be presumed to have been made or kept by him or to have been in his custody or control within the scope of his activities as such member or servant or agent, unless the contrary is proved.

(10) In this section the word "director" in relation to a corporate body means any person who controls or governs that corporate body or who is a member of a body or group of persons which controls or governs that corporate body or where there is no such body or group, who is a member of that corporate body.

(11) The provisions of this section shall be additional to and not in substitution for any other law which provides for a prosecution against corporate bodies or their directors or servants or against associations of persons or their members.

368. Where an act or omission constitutes an offence under two or more statutory provisions or is an offence against a statutory provision and the common law, a person guilty of such act or omission shall, unless the contrary intention appears, be liable to be prosecuted and punished under either statutory provision, or, as the case may be, under the statutory provision or the common law, but shall not be liable to more than one punishment for the act or omission constituting the offence.

369. If in any criminal proceedings the age of any person is a relevant fact of which no or insufficient evidence is available in those proceedings, the judge or officer presiding at those proceedings may estimate the age of such person by his appearance or from any information which may be available and the age so estimated shall be deemed to be such person's correct age, unless —

(a) it is subsequently proved that the said estimate was incorrect; and

(b) the person accused in those proceedings could not have been lawfully convicted of the offence with which he was charged if the said person's correct age had been proved.

bedoelde regspersoon, in sy hoedanigheid as direkteur, dienaar of agent, *prima facie* bewys van die inhoud daarvan en as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar, hetsy bedoelde regspersoon weens die misdryf vervolg kan of kon word, al dan nie, tensy en totdat hy in staat is om te bewys dat hy te alle ter sake dienende tye geen kennis van bedoelde dokument, memorandum, boek of aantekening gehad het nie vir sover die inhoud daarvan op die ten laste gelegde misdryf betrekking het, en op generlei wyse aan die opstel van bedoelde dokument of memorandum of die aanbring van enige ter sake dienende inskrywing in bedoelde boek of die aantekening medepligtig was nie.

(7) Wanneer 'n lid van 'n vereniging van persone wat nie 'n regspersoon is nie, in verband met die behartiging van die besigheid of sake van daardie vereniging of in verband met die bevordering of gepoogde bevordering van sy belange, 'n misdryf pleeg, hetsy deur 'n daad te verrig of deur te versuim om 'n daad te verrig, word enigiemand wat ten tyde van die pleeg van die misdryf 'n lid van daardie vereniging was, geag aan daardie misdryf skuldig te wees, tensy dit bewys word dat hy nie aan die pleeg van die misdryf deelgeneem het nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie: Met dien verstande dat as die besigheid of sake van die vereniging deur 'n komitee of ander soortgelyke bestuursliggaam bestuur of beheer word, die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is op iemand wat ten tyde van die pleeg van die misdryf nie 'n lid van daardie komitee of ander liggaam was nie.

(8) By 'n saak teen 'n lid van 'n vereniging van persone weens 'n in subartikel (7) bedoelde misdryf, is enige aantekening wat deur 'n lid of dienaar of agent van die vereniging binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige lid, dienaar of agent, gedoen of gehou is of enige dokument wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer van so 'n lid, dienaar of agent binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige lid, dienaar of agent was, as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar.

(9) By die toepassing van subartikel (8) word enige aantekening deur 'n lid of dienaar of agent van 'n vereniging gedoen of gehou of enige dokument wat te eniger tyd in sy bewaring of onder sy beheer was, vermoed deur hom binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige lid of dienaar of agent gedoen of gehou te gewees het of in sy bewaring of onder sy beheer te gewees het, tensy die teendeel bewys word.

(10) In hierdie artikel beteken die woord „direkteur" met betrekking tot 'n regspersoon iemand wat daardie regspersoon beheer of bestuur of wat lid is van 'n liggaam of groep persone wat daardie regspersoon beheer of bestuur of, waar daar nie so 'n liggaam of groep is nie, wat lid is van daardie regspersoon.

(11) Die bepalings van hierdie artikel vul enige ander wetsbepaling aan wat vir 'n vervolging teen regspersone of hul direkteure of dienare of teen verenigings van persone of hul lede voorsiening maak, en vervang dit nie.

368. Wanneer 'n daad of versuim 'n misdryf ingevolge twee of meer wetteregtelike bepalings of 'n oortreding van 'n wetteregtelike bepaling en die gemene reg uitmaak, kan iemand wat hom aan so 'n daad of versuim skuldig maak, tensy die teendeel blyk, vervolg en gestraf word ingevolge enigeen van die wetteregtelike bepalings of ingevolge die wetteregtelike bepaling of die gemene reg, na gelang, maar hy word nie meer as een straf weens die daad of versuim wat die misdryf uitmaak, opgelê nie.

369. As iemand se ouderdom in 'n strafsaak ter sake is en daar geen of onvoldoende bewys daaromtrent in daardie saak beskikbaar is, kan die regter of beampte wat by daardie saak voorsit, die ouderdom van so iemand volgens sy voorkoms of op grond van enige beskikbare inligting skat, en die aldus geskatte ouderdom word daardie persoon se juiste ouderdom geag te wees, tensy —

(a) dit later bewys word dat bedoelde skatting onjuis was; en

(b) die persoon wat in daardie saak aangekla is, nie regtens weens die oortreding waarvan hy aangekla is, skuldig bevind kon word as sy juiste ouderdom bewys was nie.

370. (1) Whenever a complaint on oath is made to a magistrate that any person is conducting himself violently towards, or is threatening injury to the person or property of another or that he has used language or behaved in a manner towards another likely to provoke a breach of the peace or assault, then whether such conduct occurred or such language was used or such threat was made in a public or private place, the magistrate may order such person to appear before him and if necessary may cause him to be arrested and brought before him, and thereupon the magistrate shall enquire into and determine upon such complaint and may place the parties or any witnesses thereat on oath and in his discretion may order the person against whom the complaint is made to give recognizances with or without sureties in an amount not exceeding fifty rand for a period not exceeding six months to keep the peace towards the complainant and refrain from doing or threatening injury to his person or property.

(2) The magistrate may, upon any such enquiry, order the person against whom the complaint is made or the complainant to pay the costs of and incidental to the enquiry.

(3) If any person after having been ordered to give recognizances under this section refuses or fails to do so the magistrate may order him to be committed to prison for a period not exceeding one month unless such security is sooner found.

(4) If the conditions upon which the recognizances were given are not observed by the person who gave the same, the magistrate may declare the recognizances to be forfeited and any such declaration of forfeiture shall have the effect of a judgment in a civil action in the magistrate's court of the district.

371. Whenever the attorney-general has any doubt as to the correctness of any decision given by a superior court in any criminal case on a question of law, he may submit that decision to the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa and cause the matter to be argued before it, in order that it may determine the said question for the future guidance of all courts.

372. (1) If an accused is tried upon a charge referred to in sub-section (5) of section *sixty-four* no person shall at any time (subject to the provisions of sub-section (4)) publish by radio or in any document any information relating to the said trial or any information disclosed thereat, unless the judge or officer presiding at such trial has, after having consulted the person against or in connection with whom the offence charged is alleged to have been committed (or if he is a minor, his guardian) given his consent, conveyed in a document signed by himself or by the registrar or clerk of the court, to such publication.

(2) No person shall at any time publish in any manner described in sub-section (1) the name, address, school, place of occupation or any other information likely to reveal the identity of any person under the age of eighteen years who is being or has been tried in any court on a charge of having committed any offence: Provided that, subject to the provisions of sub-section (1), if the Administrator or if the judge or judicial officer who presides or presided at the trial is of the opinion that such publication would be just and equitable and in the interest of any particular person, he may by order dispense with the prohibition contained in this sub-section to such an extent as may be specified in the order.

(3) Any person who contravenes sub-section (1) or (2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment.

(4) The prohibition contained in sub-section (1) shall not apply to the publication in the form of a *bona fide* law report of any information relating to or disclosed at any trial as aforesaid, which is necessary to report any

370. (1) Wanneer daar by 'n landdros 'n klagte onder eed ingedien word dat iemand geweld teenoor 'n ander gebruik, of dreig om hom liggaamlike letsel toe te dien of om sy eiendom te beskadig of dat hy teenoor 'n ander taal gebesig het, of homself teenoor 'n ander gedra het op 'n wyse wat waarskynlik 'n vredebreuk of aanranding tot gevolg sal hê, dan kan die landdros, hetsy sodanige gedrag voorgeval het of taal gebesig is of sodanige dreigemente geuit is in 'n openbare of 'n private plek, daardie persoon gelas om voor hom te verskyn en indien nodig hom in hegtenis laat neem en voor hom laat bring, en die landdros moet dan omtrent daardie klagte ondersoek instel en daaroor beslis, en kan die partye of enige getuies daarby betrokke die eed oplê en kan die persoon teen wie die klagte ingedien is, na goeddunke gelas om 'n borgakte, met of sonder borge, ten bedrae van hoogstens vyftig rand en ten opsigte van 'n tydperk van hoogstens ses maande aan te gaan as sekerheid dat hy die vrede sal bewaar teenoor die klaer, en hom sal weerhou van die toediening van liggaamlike letsel aan die klaer of dreigemente te dien effekte, of die beskadiging van sy eiendom of dreigemente te dien effekte.

(2) By so 'n ondersoek kan die landdros die persoon teen wie die klagte ingedien is of die klaer gelas om die koste van en verbonde aan die ondersoek te betaal.

(3) As iemand wat gelas is om 'n borgakte ingevolge hierdie artikel aan te gaan, weier of versuim om dit te doen, kan die landdros gelas dat hy vir 'n tydperk van hoogstens een maand gevange gesit word tensy sodanige borgstelling eerder aangegaan word.

(4) As die voorwaardes van die borgakte nie deur die persoon wat dit aangegaan het, nagekom word nie, kan die landdros die borggeld verbeurd verklaar en sodanige verbeurdverklaring het die uitwerking van 'n vonnis in 'n siviele geding in die landdroshof van die distrik.

371. Wanneer die Prokureur-generaal in twyfel verkeer aangaande die juistheid van 'n beslissing wat deur 'n hoër hof in 'n strafsaak insake 'n regsvraag gegee is, kan hy daardie beslissing aan die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika voorlê en die vraag voor daardie hof laat beredeneer sodat daardie Afdeling oor die vraag kan beslis om as leidraad vir alle howe in die toekoms te dien.

372. (1) As 'n beskuldigde weens 'n in subartikel (5) van artikel *vier-en-sestig* bedoelde aanklag verhoor word, mag niemand (behoudens die bepalings van subartikel (4)) te eniger tyd deur middel van radio of in enige dokument enige inligting met betrekking tot bedoelde verhoor of enige inligting wat daar aan die lig kom, publiseer nie, tensy die regter of beampte wat by die verhoor voorsit, na raadpleging met die persoon teen of ten opsigte van wie die ten laste gelegde misdryf na bewering gepleeg is (of as hy 'n minderjarige is, sy voog) deur middel van 'n dokument deur hom, of deur die griffier of klerk van die hof onderteken, tot sodanige publikasie toegestem het.

(2) Niemand mag te eniger tyd op die wyse in subartikel (1) vermeld die naam, adres, skool of werkplek van iemand onder die ouderdom van agtien jaar wat in enige hof verhoor word of verhoor is weens 'n aanklag dat hy 'n misdryf gepleeg het, of enige ander inligting wat so 'n persoon se identiteit waarskynlik aan die lig sal bring, publiseer nie: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van subartikel (1), die Administrateur of regter of regterlike beampte wat by die verhoor voorsit of voorgesit het, as hy meen dat sodanige publikasie regverdig en billik en in die belang van 'n bepaalde persoon sal wees, kan beveel dat die verbod in hierdie subartikel vervat, opgehef word in die mate wat in die bevel aangedui word.

(3) Iemand wat subartikel (1) of (2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(4) Die verbod in subartikel (1) vervat, is nie van toepassing nie op die publikasie, by wyse van n' *bona fide* verslag van uitgewysde sake, van enige inligting wat betrekking het op of aan die lig gekom het by so 'n verhoor soos voormeld en wat verstrek moet word ten einde 'n verslag te gee van 'n regsvraag wat ontstaan het gedurende die verhoor of gedurende enige verrigtinge wat

question of law which was raised during such trial or during any proceedings resulting therefrom, and any decision or ruling given by any court on such question, if such report does not mention the name of the person tried or of the person against or in connection with whom or the place where the offence in question was alleged to have been committed or of any witness at the trial.

373. (1) If a person has received from a policeman or any other officer in the service of the State who has been authorized by the Administrator either generally by notice in the *Official Gazette* or specially, to issue a notification under this section, or from an officer in the employ of any council or board established in terms of any law for the management of the affairs of any city, town, village or other similar community, a notification in writing, alleging that the said person has committed, at a place and upon a date and at a time or during a period specified in the said notification, any offence likewise therein specified, of any class mentioned in Part III of the Second Schedule, and setting forth the amount of the fine which a court trying such person for such offence would probably impose upon him, the said person may within seven days after the receipt of the said notification deliver or transmit the said notification, together with a sum of money equal to the said amount, to the magistrate of the district wherein the offence is alleged to have been committed, and thereupon the said person shall not be prosecuted for having committed such offence: Provided that an officer in the employ of a council, or board shall not issue any such notification in respect of an offence committed outside the area of jurisdiction of his employer.

(2) Any money paid to a magistrate in terms of subsection (1) shall be dealt with as if it had been paid as a fine for the offence in question.

(3) The Administrator may from time to time by notice in the *Official Gazette* add any offence to the offences mentioned in Part III of the Second Schedule, or remove therefrom any offence mentioned therein.

(4) The amount to be specified in any notification issued under this section as the amount of the fine which a court would probably impose in respect of any offence, shall be determined from time to time for any particular area, by the magistrate of the district in which such area is situate.

(5) The Administrator may by regulation declare that any officer mentioned in sub-section (1), of a class defined in such regulation, shall, in any area likewise defined, be deemed to be a peace officer in relation to any offence specified in such regulation or in connection with any duty of such officer likewise specified.

374. The right of prosecution for murder shall not be barred by lapse of time; but the right of prosecution for any other offence, whether at the public instance or at the instance of a private prosecutor, shall, unless some other period is expressly provided by law, be barred by the lapse of twenty years from the time when the offence was committed.

375. Neither a conviction nor an acquittal following on any prosecution for any offence shall be a bar to a civil action for damages at the instance of any person who has suffered any injury in consequence of the commission of that offence.

376. (1) The Administrator may make rules prescribing forms of complaint, summons, charges, depositions, indictments, judgments, records, convictions, warrants and recognizances and other forms to be used in any court or which may be prescribed.

(2) The Judge President of the Supreme Court may make rules, subject to the approval of the Administrator and not inconsistent with this Ordinance, regulating the following matters in respect of superior courts —

(a) the sittings of any superior courts for criminal purposes;

(b) the proceedings upon the trial of persons charged with offences;

daaruit voorspruit, en van 'n beslissing of uitspraak van die hof insake so 'n regsvraag, as daar in so 'n verslag nie melding gemaak word van die naam van die persoon wat verhoor is of van die naam van die persoon teen of ten aansien van wie, of van die plek waar, die betrokke misdryf na bewering gepleeg is of van enige getuie by die verhoor nie.

373. (1) As iemand van 'n polisiebeampte of ander beampte in diens van die Staat wat deur die Administrateur, hetsy in die algemeen by kennisgewing in die Offisiële Koerant of in die besonder, gemagtig is of 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel uit te reik, of van 'n beampte in diens van 'n raad of komitee wat ooreenkomstig 'n wet vir die bestuur van die sake van enige afdeling, stad, dorp of ander soortgelyke gemeenskap ingestel is, 'n skriftelike kennisgewing ontvang het waarin vermeld word dat bedoelde persoon op 'n plek en datum en uur of gedurende 'n tydperk in bedoelde kennisgewing aangedui, 'n misdryf gepleeg het wat ook daarin aangedui word en wat ressorteer onder 'n kategorie in deel III van die tweede bylae vermeld, en waarin aangegee word die bedrag van die boete wat 'n hof by die verhoor van bedoelde persoon hom weens daardie misdryf waarskynlik sal oplê, kan bedoelde persoon daardie kennisgewing, tesame met 'n som geld gelyk aan bedoelde bedrag, binne sewe dae na ontvangs van daardie kennisgewing aan die landdros van die distrik waarin die misdryf na bewering gepleeg is, oorhandig of stuur, en daarop word bedoelde persoon nie weens die pleeg van daardie misdryf vervolg nie: Met dien verstande dat 'n beampte in diens van 'n raad of bestuur sodanige kennisgewing nie ten opsigte van 'n misdryf buite die regsgebied van sy werkgewer gepleeg, mag uitreik nie.

(2) Daar word oor geld wat ingevolge subartikel (1) aan 'n landdros betaal word, beskik asof dit betaal is as 'n boete wat ten opsigte van die betrokke misdryf opgelê is.

(3) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* 'n misdryf by die in deel III van die tweede bylae vermelde misdrywe voeg of 'n daarin vermelde misdryf daaruit skrap.

(4) Die bedrag wat in 'n ingevolge hierdie artikel uitgereikte kennisgewing aangegee moet word as die bedrag van die boete wat 'n hof ten opsigte van 'n misdryf waarskynlik sal oplê, word van tyd tot tyd vir 'n bepaalde gebied deur die landdros van die distrik waarin daardie gebied geleë is, bepaal.

(5) Die Administrateur kan by regulasie verklaar dat 'n in subartikel (1) bedoelde beampte wat behoort tot 'n kategorie in sodanige regulasie omskryf, in 'n insgelyks omskrewe gebied geag word 'n vredesbeampte te wees met betrekking tot 'n misdryf in daardie regulasie aangedui of in verband met 'n insgelyks aangeduide plig wat aan daardie beampte opgedra is.

374. Die reg om weens moord te vervolg verval nie weens tydsverloop nie; maar die reg om weens enige ander misdryf, hetsy van staatsweë of in opdrag van 'n private aanklaer, te vervolg, verval na verloop van twintig jaar vanaf die tydstip waarop die misdryf gepleeg is, tensy regtens 'n ander tydperk uitdruklik bepaal word.

375. Nòg 'n skuldigbevinding nòg 'n vryspraak wat volg op 'n vervolging weens 'n misdryf, sluit 'n siviele vordering om skadevergoeding deur iemand wat skade gely het as gevolg van die pleeg van daardie misdryf uit.

376. (1) Die Administrateur kan reëls uitvaardig wat vorms voorskryf van klagtes, dagvaardings, aanklagte, verklarings, aktes van beskuldiging, vonnisse, notule, skuldigbevindings, lasbriewe en borgaktes en ander vorms wat in 'n hof gebruik moet word of wat voorgeskryf kan word.

(2) Die Regter-president van die Hooggeregshof kan, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, reëls uitvaardig wat nie onbestaanbaar is met hierdie ordonnansie nie ter reëling van die onderstaande aangeleenthede ten opsigte van hoër howe:—

(a) die sittings van 'n hoër hof vir strafregtelike aangeleenthede;

(b) die verrigtinge by die verhoor van persone wat weens misdrywe aangekla is;

(c) bail and costs;
(d) the duties of the officers of any superior court; and
(e) generally any other matter which it is deemed expedient to regulate for carrying this Ordinance into effect.

377. (1) Subject to the provisions of sub-section (2), the laws specified in the Sixth Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column of that Schedule.

(2) Any proclamation, regulation, notice, approval, authority, return certificate or document issued, made, promulgated, given or granted and any other action taken under any provision of a law repealed by sub-section (1), shall be deemed to have been issued, made, promulgated, given, granted or taken under the corresponding provision of this Act.

378. This Ordinance shall be called the Criminal Procedure Ordinance, 1963 and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette*.

SCHEDULES

FIRST SCHEDULE

OFFENCES IN RESPECT OF WHICH ARRESTS MAY UNDER CHAPTER IV BE MADE WITHOUT WARRANT

Treason.
Sedition.
Murder.
Culpable Homicide.
Rape, or any statutory offence of a sexual nature against a girl under a prescribed age.
Sodomy and Bestiality.
Indecent Assault.
Robbery.
Assault in which a dangerous wound is inflicted.
Arson.
Breaking or entering any premises with intent to commit an offence.
Theft, either under the common law or under any statutory provision.
Receiving stolen goods knowing the same to have been stolen.
Fraud.
Forgery or uttering a forged document knowing it to be forged.
Offences against the laws for the prevention of illicit dealing in or possession of precious minerals or unwrought precious metals or rough or uncut diamonds or of the supply of intoxicating liquor to natives or coloured persons.
Offences relating to the coinage.
Offences the punishment whereof may be a period of imprisonment exceeding six months, without the option of a fine.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the above-mentioned offences.

SECOND SCHEDULE

PART I.

OFFENCES IN CONNECTION WHEREWITH VEHICLES AND RECEPTACLES MAY BE SEIZED AND CONFISCATED UNDER SECTIONS *FORTY-NINE* AND *THREE HUNDRED AND FORTY-SEVEN*

Any offence under any law relating to the illicit possession, conveyance or supply of habit forming drugs or intoxicating liquor.

(c) borgtog en koste;
(d) die pligte van die beamptes van 'n hoër hof; en
(e) in die algemeen, enige ander aangeleentheid wat raadsaam geag word om te reël ten einde aan hierdie ordonnansie gevolg te gee.

377. (1) Die wette in die sesde bylae vermeld word hiermee, behoudens die bepalings van subartikel (2) herroep in die mate in die derde kolom van daardie bylae aangedui.

(2) 'n Proklamasie, regulasie, kennisgewing, goedkeuring, magtiging, relaas, sertifikaat of dokument wat uitgereik, uitgevaardig, afgekondig, gegee of toegestaan is en enige ander stappe wat gedoen is kragtens 'n bepaling van 'n by subartikel (1) herroepe wet, word geag kragtens die ooereenstemmende bepaling van hierdie ordonnansie uitgereik, uitgevaardig, afgekondig, gegee, toegestaan of gedoen te gewees het.

378. Hierdie ordonnansie heet die Strafprosesordonnansie 1963 en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

BYLAES

EERSTE BYLAE

MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN INHEGTENISNEMING SONDER LASBRIEF INGEVOLGE HOOFSTUK IV GEDOEN KAN WORD.

Hoogverraad
Oproer
Moord
Strafbare Manslag
Verkragting, of 'n wetterregtelike geslagsmisdryf teen 'n meisie onder 'n voorgeskrewe ouderdom.
Sodomie en Bestialiteit
Onsedelike Aanranding
Roof
Aanranding waarby 'n gevaarlike wond toegedien is.
Brandstigting
Oopbreek of betreding van 'n perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg.
Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of ingevolge 'n wetteregtelike bepaling.
Ontvangs van gesteelde goedere wetende dat dit gesteel is.
Bedrog
Vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is.
Misdrywe teen die wetsbepalings ter voorkoming van onwettige handel in, of besit van, edele minerale of onbewerkte edele metale of ruwe of ongeslypte diamante of van die verskaffing van bedwelmende drank aan naturelle of kleurlinge.
Misdrywe betreffende die munt van geld.
Misdrywe waarvoor gevangenisstraf vir 'n tydperk langer as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die bogenoemde misdrywe te pleeg.

TWEEDE BYLAE

DEEL I

MISDRYWE IN VERBAND WAARMEE VOERTUIE EN HOUERS INGEVOLGE ARTIKELS *NEGEN-EN-VEERTIG* EN *DRIEHONDERD SEWEN-EN-VEERTIG* IN BESLAG GENEEM EN VERBEURD VERKLAAR KAN WORD.

Enige misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige besit, vervoer of verskaffing van gewoontevormende verdowingsmiddels of bedwelmende drank.

Any offence under any law relating to the illicit possession of, or dealing in precious minerals or unwrought precious metals or rough or uncut diamonds.

Enige misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige besit van, of handel in, edele minerale of onbewerkte edele metale of ruwe of ongeslypte diamante.

PART II.

OFFENCES IN CONNECTION WHEREWITH BAIL MAY NOT BE GRANTED UNDER SUB-SECTION (2) OF SECTION *ONE HUNDRED AND EIGHT*

DEEL II

MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN BORGTOG NIE INGEVOLGE SUBARTIKEL (2) VAN ARTIKEL *EENHONDERD EN AGT* TOEGESTAAN MAG WORD NIE.

Treason.

Sedition.

Murder.

Rape.

Robbery.

Assault in which a dangerous injury is inflicted.

Arson.

Breaking or entering any premises with intent to commit an offence.

Theft, either under the common law or under any statutory provision, receiving stolen goods knowing the same to have been stolen, fraud, forgery or uttering a forged document knowing it to be forged, if the amount or value involved in the offence exceeds two hundred rand.

Any offence under any law relating to illicit possession of or dealing in precious minerals or unwrought precious metals or rough or uncut diamonds.

Any offence relating to the coinage.

Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the above-mentioned offences.

Hoogverraad.

Oproer.

Moord.

Verkragting.

Roof.

Aanranding waarby 'n gevaarlike letsel toegedien is.

Brandstigting.

Oopbreek of betreding van 'n perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg.

Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of ingevolge 'n wetteregtelike bepaling, ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is, bedrog, vervalsing, of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is, as die bedrag of waarde by so 'n misdryf betrokke tweehonderd rand te bowe gaan.

Enige misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige besit van, of handel in, edele minerale of onbewerkte edele metale of ruwe of ongeslypte diamante.

Enige misdryf betreffende die munt van geld.

Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van bogenoemde misdrywe te pleeg.

PART III.

OFFENCES WHICH MAY BE COMPOUNDED UNDER SECTION *THREE HUNDRED AND SEVENTY-THREE*

DEEL III

MISDRYWE WAT INGEVOLGE ARTIKEL *DRIEHONDERD DRIE-EN-SEWENTIG* AFGEKOOP KAN WORD

Any contravention of a bye-law or regulation made by or for a council or board referred to in section *three hundred and seventy-three.*

Any offence committed by —

(a) driving a vehicle at a speed exceeding a prescribed limit;

(b) driving a vehicle which does not bear prescribed lights, or any prescribed means of identification;

(c) leaving or stopping a vehicle at a place where it may not be left or stopped, or leaving a vehicle in a condition in which it may not be left;

(d) driving a vehicle at a place where and at a time when it may not be driven;

(e) driving a vehicle which is defective or any part whereof is not properly adjusted, or causing any undue noise by means of a motor vehicle;

(f) owning or driving a vehicle for which no valid licence is held;

(g) driving a motor vehicle without holding a licence to drive it.

Enige oortreding van 'n verordening of regulasie wat deur of vir 'n raad of bestuur bedoel in artikel *driehonderd drie-en-sewentig* uitgevaardig is.

Enige misdryf wat gepleeg word deur —

(a) die bestuur van 'n voertuig teen 'n snelheid wat die voorgeskrewe beperking oorskry;

(b) die bestuur van 'n voertuig wat nie die voorgeskrewe ligte of enige voorgeskrewe herkenningsmiddel aan het nie;

(c) 'n voertuig te laat of tot stilstand te bring op 'n plek waar dit nie gelaat of tot stilstand gebring mag word nie, of 'n voertuig te laat in 'n toestand waarin dit nie gelaat mag word nie;

(d) die bestuur van 'n voertuig op 'n plek waar en op 'n tydstip wanneer dit nie bestuur mag word nie;

(e) die bestuur van 'n voertuig wat gebrekkig is of waarvan 'n onderdeel nie behoorlik reggestel is nie of die veroorsaking van 'n buitensporige geraas deur middel van 'n motorvoertuig;

(f) die besit of bestuur van 'n voertuig waarvoor 'n geldige lisensie nie gehou word nie;

(g) die bestuur van 'n motorvoertuig sonder die besit van 'n lisensie om dit te bestuur.

THIRD SCHEDULE.

PART I.

OFFENCES ON CONVICTION WHEREOF, THE OFFENDER SHALL IN CERTAIN CIRCUMSTANCES BE SENTENCED TO IMPRISONMENT FOR CORRECTIVE

DERDE BYLAE

DEEL I

MISDRYWE BY SKULDIGBEVINDING WAARAAN DIE OORTREDER ONDER SEKERE OMSTANDIGHEDE VEROORDEEL MOET WORD TOT GEVANGENIS-

TRAINING UNDER SECTION *THREE HUNDRED AND EIGHTEEN* OR TO IMPRISONMENT FOR THE PREVENTION OF CRIME UNDER SECTION *THREE HUNDRED AND NINETEEN* OR BE DECLARED AN HABITUAL CRIMINAL UNDER SECTION *THREE HUNDRED AND TWENTY*.

GROUP I.

Murder.
Rape.
Culpable Homicide involving an assault.
Robbery.
Assault with intent to commit murder, rape, robbery or sodomy, or to do grievous bodily harm.
Indecent assault.
Arson.
Malicious injury to property.
Public violence.
Sedition.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

GROUP II.

Rape.
Assault with intent to commit rape or sodomy.

Indecent assault.
Abduction.
Incest.
Bestiality.
Sodomy.
Criminal *injuria* which involves an indecent act.

Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

GROUP III.

Breaking or entering any premises with intent to commit an offence.
Receiving stolen property knowing it to have been stolen.
Robbery.
Theft.
Extortion.
Fraud.
Forgery or uttering a forged instrument knowing it to be forged.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

GROUP IV.

Abortion.
Disposing of the dead body of a child with intent to conceal the fact of its birth.
Abduction.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

GROUP V.

Defeating or obstructing the course of justice.

Perjury.
Bribery.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

GROUP VI.

Extortion.
Bribery.
Fraud.
Forgery or uttering a forged instrument knowing it to be forged.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

GROUP VII.

Treason.
Sedition.
Public violence.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the offences in this Group.

STRAF VIR KORREKTIEWE OPLEIDING KRAGTENS ARTIKEL *DRIEHONDERD EN AGTIEN* OF TOT GEVANGENISSTRAF TER VOORKOMING VAN MISDAAD KRAGTENS ARTIKEL *DRIEHONDERD EN NEGENTIEN* OF KRAGTENS ARTIKEL *DRIEHONDERD EN TWINTIG* TOT GEWOONTEMISDADIGER VERKLAAR MOET WORD.

GROEP I

Moord.
Verkragting.
Strafbare manslag waarby aanranding betrokke is.
Roof.
Aanranding met die opset om moord, verkragting, roof of sodomie te pleeg of om ernstig te beseer.
Onsedelike aanranding.
Brandstigting.
Opsetlike saakbeskadiging.
Openbare geweld.
Oproer.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

GROEP II

Verkragting.
Aanranding met die opset om verkragting of sodomie te pleeg.
Onsedelike aanranding.
Ontvoering.
Bloedskande.
Bestialiteit.
Sodomie.
Strafregtelike *injuria* waarby 'n onsedelike daad betrokke is.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

GROEP III

Oopbreek of betreding van 'n perseel met die opset om 'n oortreding te pleeg.
Ontvangs van 'n gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.
Roof.
Diefstal.
Afpersing.
Bedrog.
Vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

GROEP IV

Vrugafdrywing.
Die wegdoen van 'n lyk van 'n kind met die doel om die feit van sy geboorte te verberg.
Ontvoering.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

GROEP V

Dwarsboming of belemmering van die verloop van die gereg.
Meineed.
Omkopery.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

GROEP VI

Afpersing.
Omkopery.
Bedrog.
Vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

GROEP VII

Hoogverraad.
Oproer.
Openbare geweld.
Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die misdrywe in hierdie groep te pleeg.

PART II.

OFFENCES, ON CONVICTION WHEREOF THE OFFENDER SHALL BE SENTENCED TO WHIPPING UNDER SECTION *THREE HUNRDED AND TWENTY-NINE*.

Rape, where the death sentence is not imposed.

Robbery, where the death sentence is not imposed.

Culpable homicide, where assault with intent to commit rape or robbery is involved.

Assault with intent, or any attempt to commit rape or robbery where the death sentence is not imposed.

Breaking or entering or an attempt to break and enter any premises with intent to commit an offence where the death sentence is not imposed.

Theft of a motor vehicle (except where the accused obtained possession of the motor vehicle with the consent of the owner thereof).

Theft or an attempted theft of goods from a motor vehicle or part thereof where the said motor vehicle or the said part thereof was properly locked.

Receiving stolen property well knowing the same to have been stolen.

FOURTH SCHEDULE.

OFFENCES ON CONVICTION WHEREOF THE OFFENDER CANNOT BE DEALT WITH UNDER SECTION *THREE HUNDRED AND SEVENTEEN* OR SUBSECTION (1) OF SECTION *THREE HUNDRED AND THIRTY-EIGHT*.

Murder.

Rape.

Robbery.

Any offence in respect of which any law imposes a minimum punishment.

Any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the above-mentioned offences.

FIFTH SCHEDULE.

RULES WHICH, IN TERMS OF SECTION *TWO HUNDRED AND EIGHTY-THREE*, SHALL BE OBSERVED WHEN TAKING PREVIOUS CONVICTIONS INTO ACCOUNT IN IMPOSING ANY SENTENCE.

1. (a) No previous conviction shall be taken into account in imposing any sentence on a convicted person, if a period of ten years has elapsed after the date of such conviction or the date of expiration of any unexpired period of imprisonment imposed on the convicted person, whichever is the later date, unless he is proved to have committed an offence during such period of ten years.

(b) The expression "unexpired period of imprisonment" in this rule means the aggregate of any periods of imprisonment imposed either before or on the date of the previous conviction and which would have had to be undergone at the time of the previous conviction, in the absence of payment of any fine and of remission of sentence and of suspension of any period of imprisonment.

2. Where there are more counts than one in any charge, a conviction on each count shall be treated as a separate conviction.

3. When an accused has been convicted of more offences than one on the same day, a conviction of each offence shall be treated as a separate conviction.

4. In calculating any period of imprisonment —

(a) twenty hours periodical imprisonment shall be equivalent to imprisonment for one day;

DEEL II

MISDRYWE BY SKULDIGBEVINDING WAARAAN DIE OORTREDER KRAGTENS ARTIKEL *DRIEHONDERD NEGEN-EN-TWINTIG* TOT LYFSTRAF VEROORDEEL MOET WORD.

Verkragting, wanneer die doodvonnis nie opgelê word nie.

Roof, wanneer die doodvonnis nie opgelê word nie.

Strafbare manslag waarby aanranding met die opset om verkragting of roof te pleeg, betrokke is.

Aanranding met die opset of 'n poging om verkragting of roof te pleeg, wanneer die doodvonnis nie opgelê word nie.

Oopbreek of betreding van 'n perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg of 'n poging daartoe, wanneer die doodvonnis nie opgelê word nie.

Diefstal van 'n motorvoertuig (behalwe wanneer die beskuldigde met die toestemming van die eienaar daarvan besit van die motorvoertuig verkry het).

Diefstal of 'n poging tot diefstal van goed uit 'n motorvoertuig, of deel daarvan wanneer bedoelde motorvoertuig of bedoelde deel daarvan behoorlik gesluit is.

Die ontvang van gesteelde goed wel wetende dat dit gesteel is.

VIERDE BYLAE

MISDRYWE BY SKULDIGBEVINDING WAARAAN DAAR NIE MET DIE OORTREDER INGEVOLGE ARTIKEL *DRIEHONDERD EN SEWENTIEN* OF SUBARTIKEL (1) VAN ARTIKEL *DRIEHONDERD AGT-EN-DERTIG* GEHANDEL KAN WORD NIE.

Moord.

Verkragting.

Roof.

Enige misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf.

Enige sameswering, uitlokking of poging om enige van die bogenoemde misdrywe te pleeg.

VYFDE BYLAE

REËLS WAT INGEVOLGE ARTIKEL *TWEEHONDERD DRIE-EN-TAGTIG* NAGEKOM MOET WORD WANNEER VORIGE SKULDIGBEVINDINGS BY DIE OPLEGGING VAN 'N STRAF IN AANMERKING GENEEM WORD.

1. (a) Geen vorige skuldigbevinding word by die oplegging van 'n straf op 'n veroordeelde persoon in aanmerking geneem nie, as 'n tydperk van tien jaar verloop het na die datum van daardie skuldigbevinding of die datum van verstyking van enige onverstreke tydperk van gevangenisstraf aan die veroordeelde persoon opgelê, watter datum ook al die jongste is, tensy dit bewys word dat hy gedurende daardie tydperk van tien jaar 'n misdryf gepleeg het.

(b) Die uitdrukking „onverstreke tydperk van gevangenisstraf" in hierdie reël beteken die gesamentlike tydperk van die gevangenisstraf hetsy voor of op die datum van die vorige skuldigbevinding opgelê en wat ten tyde van die vorige skuldigbevinding ondergaan sou moes word by ontstentenis van betaling van 'n boete en van kwytskelding, van straf en van opskorting van 'n tydperk van gevangenisstraf.

2. Waar daar meer as een hoof in 'n aanklag voorkom, word 'n skuldigbevinding op elke hoof as 'n afsonderlike skuldigbevinding beskou.

3. Wanneer 'n beskuldigde aan meer as een misdryf op dieselfde dag skuldig bevind is, word 'n skuldigbevinding aan elke misdryf as 'n afsonderlike skuldigbevinding beskou.

4. By die berekening van 'n tydperk van gevangenisstraf is —

(a) twintig uur periodieke gevangenisstraf gelyk aan een dag gevangenisstraf;

(b) one week shall be equivalent to seven days;
(c) thirty days shall be equivalent to one month;
(d) imprisonment for corrective training shall be equivalent to imprisonment for a period of two years;
(e) imprisonment for the prevention of crime shall be equivalent to imprisonment for a period of five years;
(f) declaration as an habitual criminal shall be equivalent to imprisonment for a period of nine years.

5. Whenever the date of commission of an offence has not been proved, the date alleged in the charge shall be deemed to be the date of commission of the offence, or if a period is alleged in the charge, the date of commencement of that period shall be deemed to be the date of commission of the offence.

(b) een week gelyk aan sewe dae;
(c) dertig dae gelyk aan een maand;
(d) gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding gely aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van twee jaa
(e) gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad gely aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaa
(f) verklaring tot gewoontemisdadiger gelyk aan g vangenisstraf vir 'n tydperk van nege jaar.

5. Wanneer die datum waarop 'n misdryf gepleeg nie bewys is nie, word die datum in die aanklag bewe geag die datum te wees waarop die misdryf gepleeg of, as 'n tydperk in die aanklag beweer word, word d datum waarop daardie tydperk begin, geag die datum wees waarop die misdryf gepleeg is.

SIXTH SCHEDULE.

LAWS REPEALED.

No. and year of Law	*Title*	*Extend of repeal*
Proclamation 21 of 1919.	Administration of Justice Proclamation, 1919.	Section *eight.*
Proclamation 25 of 1921.	Special Justice of the Peace Proclamation, 1921.	The whole.
Proclamation 31 of 1931.	Special Justices of the Peace Amendment Proclamation, 1931.	The whole.
Proclamation 30 of 1935.	Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935.	The whole.
Proclamation 6 of 1936.	Criminal Procedure and Evidence Amendment Proclamation, 1936.	So much as is unrepealed.
Proclamation 26 of 1943.	Criminal Procedure and Evidence Amendment Proclamation, 1943.	The whole.
Proclamation 19 of 1949.	Criminal Procedure and Evidence Amendment Proclamation, 1949.	The whole.
Ordinance 11 of 1954.	General Laws Amendment Ordinance, 1954.	Sections *ten* and *eleven.*
Ordinance 6 of 1955.	Administration of Justice Proclamation Amendment Ordinance, 1955.	Sections *two* and *three.*
Ordinance 32 of 1955.	Criminal Procedure and Evidence Proclamation Amendment Ordinance, 1955.	So much as is unrepealed.
Ordinance 17 of 1958.	Criminal Procedure and Evidence and Price Control and Game Preservation Admissions of Guilt Amendment Ordinance, 1958.	Section *one.*
Ordinance 22 of 1958.	General Law Amendment Ordinance, 1958.	Sections *fifteen* to *twenty-three,* both inclusive.
Ordinance 31 of 1961.	Children's Ordinance, 1961.	Sections *ninety-two* to *ninety-six,* both inclusive.

SESDE BYLAE

HERROEPE WETTE

No. en jaar van wet	*Titel*	*Mate van herroeping*
Proklamasie 21 van 1919.	Rechtsbedeeling Proclamatie 1919	Artikel *agt*
Proklamasie 25 van 1921.	Speciale Vrederechters Proklamatie 1921	Die hele
Proklamasie 31 van 1931.	Spesiale Vrederegters Wysigingsproklamasie 1931	Die hele
Proklamasie 30 van 1935.	Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie 1935	Die hele
Proklamasie 6 van 1936.	Kriminele Prosedure en Bewyslewering Wysigings Proklamasie 1936	Die deel wat nog nie herro is nie.
Proklamasie 26 van 1943.	Wysigingsproklamasie betreffende Kriminele Prosedure en Bewyslewering 1943	Die hele
Proklamasie 19 van 1949.	Wysigingsproklamasie op Strafprosedure en Bewyslewering 1949	Die hele
Ordonnansie 11 van 1954.	Algemene Regswysigingsordonnansie 1954	Artikels *tien elf*
Ordonnansie 6 van 1955.	Wysigingsordonnansie op die „Rechtsbedeeling Proclamatie" 1955	Artikels *twee* en *drie*
Ordonnansie 32 van 1955.	Wysigingsordonnansie op die Kriminele Prosedure en Bewyslewering 1955	Die deel wat nog nie herro is nie.
Ordonnansie 17 van 1958.	Wysigingsordonnansie 1958 op die Kriminele Prosedure en Bewyslewering en die Wildbeskerming- en Prysbeheerskuldbekentenisse	Artikel *een*
Ordonnansie 22 van 1958.	Algemene Regswysigingsordonnansie 1958	Artikels *vyfti* tot en met *dr en-twintig*
Ordonnansie 31 van 1961.	Kinderordonnansie 1961	Artikels *twee-en-negentig* t en met *ses-en-negentig.*

Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek
Gedruk in Suidwes-Afrika deur